

STREEK **G** REGION
N-TVL

COMMISSION ON REGIONS

REF: 1/11/ 20 / 402

STREEKONTWIKKELINGSADVIESKOMITEE (SOAK)
REGIONAL DEVELOPMENT ADVISORY COMMITTEE (RDAC)



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists



THABAZIMBI / NORTHAM
BEPLANNINGSTUDIE
ONTWIKKELINGSTRATEGIE

FINALE VERSLAG

MEI 1992

OPGESTEL VIR:

Streekontwikkelingsadvieskomitee
Streek G
Posbus 2845
PIETERSBURG
0700

OPGESTEL DEUR:

URBAN-ECON
Grondgebruikekonomie
Suite 1
Waterkloof Forum
Milnerstraat 374
WATERKLOOF 0181
TEL: (012) 346-3610

BESTUURSOPSOMMING

PROJEKORIËNTASIE

DIE BEHOEFTE AAN 'N BEPLANNINGSTUDIE

Goldfields van SA (Edms) Bpk is tans besig om die Northam-platinummyne, wat tussen Northam en Thabazimbi geleë is, te ontwikkel. Die Thabazimbi/Northam-gebied is geleë op die Bosveld-stollingskompleks, wat een van die rykste minerale komplekse van sy soort ter wêreld is. Hierdie myn sal na verwagting teen 1993 in bedryf wees en die kapitale beleggings vanuit die mynbousektor sal oor die volgende vyf jaar meer as twee biljoen rand beloop.

Die reuse omvang van die beoogde ontwikkelings het die Streekontwikkelingsadvieskomitee vir Streek G (SOAK : G) oortuig dat die Thabazimbi/Northam beplanningstudie geïnisieer moet word.

DIE PROJEKONTWERP

Ten einde die SOAK : G met hierdie projek by te staan, het die SOAK : G die Ontwikkelingsbank van Suider Afrika vir tegniese en finansiële bystand genader, asook by die vernaamste plaaslike owerhede en aktiewe mynboumaatskappye in die gebied om hulp aangeklop om die projek te onderneem.

Hierdie belangrike rolspelers het 'n Loodskomitee gevorm wat weer die firmas URBAN-ECON en Ekobest aangestel het. Die rol wat hierdie firmas met betrekking tot die projek moet speel, is om die Lookskomitee by te staan met die formulering van praktiese strategiese riglyne wat die doeltreffende gebruik van natuurlike, menslike en kapitale hulpbronne in die Thabazimbi/Northam-beplanningsgebied sal verseker.

PROJEKDOELWITTE

Die Loodskomitee het die volgende projekdoelwitte neergelê:

- Om ontwikkelingstendense te bepaal;
- om bestaande behoeftes en ontwikkelingspotensiale te bepaal; en
- om enige impak wat die beoogde kapitale belegging op ontwikkelingsfunksies mag hê, te identifiseer en te evalueer.

Met bogenoemde doelwitte as vertrekpunt, moet strategiese ontwikkelingsriglyne vir die toekomstige ontwikkeling van die volgende ontwikkelingsfunksies in die Thabazimbi/Northam-gebied voorberei word:

- Makro-ekonomiese ontwikkeling
- Stedelike ontwikkeling
- Ontwikkeling van grootmaat infrastruktuur
- Omgewingsaspekte
- Openbare orde en veiligheid.
- Landelike en landbou-ontwikkeling
- Besigheids- en entrepreneursontwikkeling
- Ontwikkeling van menslike hulpbronne
- Sosiale dienste

BEPLANNINGSPROSES

Die projek het gevolg op 'n beplanningsproses wat op gemeenskapsbetrokkenheid deur aktiewe deelname gebaseer was. In elk van dié vier projekfasies is die gemeenskap deur middel van werkwinkels in die gebied betrek en hulle insette het 'n integrale deel van die beplanningstrategie uitgemaak.

UITEENSETTING VAN VERSLAG

Die hoofverslag bied die finale ontleding van die konsultante rakende die toekomstige ontwikkeling van die Thabazimbi/Northam-beplanningsgebied en bestaan uit die volgende afdelings:

- AFDELING 1 - Projekoriëntasie.
- AFDELING 2 - Definieer die beplanningsgebied en bring dit in verband met die groter streek waarvan dit deel uitmaak.
- AFDELING 3 - Gee 'n kort oorsig van die status quo van die verskillende ontwikkelingsfunksies (makro-ekonomies, stedelik, sosiale ontwikkeling, ens).
- AFDELING 4 - Onderneem 'n impakanalise om die effek wat die verwagte mynboubelegging op die ontwikkeling van die Thabazimbi/Northam-gebied kan hê, te bepaal en sluit af met die belangrikste ontwikkelingsprobleme wat geïdentifiseer is.
- AFDELING 5 - Gee 'n uiteensetting van die strategiese ontwikkelingsraamwerk wat die basis vir ontwikkelingsaksies uitmaak en bevat toekomstige ontwikkelingsscenario's, ontwikkelingsdoelstellings en -doelwitte, voorstelle en prioriteite, asook sleutelrolspelers.

Die belangrikste bevindings word in die volgende paragrawe saamgevat. In die teks word daar verwysings na die ooreenstemmende paragrawe en bladsye van die hoofverslag gemaak.

DEFINISIE VAN DIE BEPLANNINGSGBIED (Afdeling 2 : Bladsye 4 - 20)

Die beplanningsgebied bestaan uit 'n primêre en 'n sekondêre beplanningsgebied. Deur hoofsaaklik van die kriteria wat op die konsep van homogeniteit betrekking het, gebruik te maak, sluit die **primêre beplanningsgebied** Thabazimbi en Northam en hul onmiddellike hinterland in. Hierdie primêre beplanningsgebied word as die interne omgewing beskou en sal heel waarskynlik die grootste gedeelte van die stedelike en ekonomiese ontwikkeling wat die voorgenome mynbou-aktiwiteite tot gevolg sal hê, absorbeer.

Die **sekondêre beplanningsgebied** is dié gebied wat indirek deur die beplande ontwikkeling geraak sal word, of wat 'n belangrike impak op die ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied sal hê. Die afbakening van die sekondêre beplanningsgebied word hoofsaaklik gebaseer op die kriteria van interafhanklikheid tussen die onderskeie gebiede en sluit 'n gedeelte van die Thabazimbi-landdrosdistrik en omringende distrikte in, asook gedeeltes van Bophuthatswana.

SITUASIE-ANALISE

Die mikpunt van hierdie onderafdeling in die hoofverslag is om 'n kort oorsig van die **status quo** van die verskillende ontwikkelingsfunksies wat vir die projek aanvaar is, te gee.

ONTWIKKELING VAN MENSLIKE HULPBRONNE (Afdeling 3.1.1 : Bladsye 21 - 27)

Die primêre beplanningsgebied het in 1990 'n bevolking van sowat 44890 gehad en kan as 'n gebied bestempel word wat die meeste van sy menslike hulpbronne op 'n semi-permanente basis invoer. Die gebied het dus weinig beheer oor die aard en kwaliteit van hierdie noodsaaklike ontwikkelingshulpbron. Aanpassing in regeringsbeleid bied nou die moontlikheid dat mense wat tot dusver op 'n semi-permanente basis in die gebied gebly het, nou op 'n permanente grondslag gevestig kan word. Die gevolg is dat die behoefte ontstaan dat sodanige mense op 'n ordelike wyse geakkommodeer moet word.

BESIGHEID- EN ENTREPRENEURONTWIKKELING (Afdeling 3.1.2 : Bladsye 27 - 38)

Die plaaslike ekonomie het 'n negatiewe langtermynegroeiakoers tussen 1970 tot 1990 ondervind. Die afgelope tien jaar is deur 'n negatiewe groei van 0,58% in die BGP gekenmerk, terwyl die ekonomies-aktiewe bevolking relatief konstant gebly het. Benewens mynbou en landbou, is die plaaslike ekonomiese struktuur betreklik onontwikkeld. Die belangrikste redes vir hierdie toedrag van sake is -

- 'n klein bevolking en gevolglike klein markte;
- 'n groot lekkasie van besteebare inkome wat deur enkellopende mynwerkers verdien word; en
- reuse lekkasies in koopkrag as gevolg van mynhuise wat hul voorrade buite die primêre beplanningsgebied aankoop.

LANDELIKE EN LANDBOU-ONTWIKKELING (Afdeling 3.1.3 : Bladsye 38 - 45)

Droogtetoestande het 'n ernstige uitwerking op die landbou gehad en het tot strukturele aanpassings in die sektor aanleiding gegee. Die belangrikheid van wildboerdery neem toe en dit is noodsaaklik om ondersteunende programme en strategieë te ontwikkel om die bedryf lewensvatbaar te maak. Dit sal skakeling met ander sektore van die plaaslike ekonomie versterk, wat op sy beurt weer ontwikkelingsgeleenthede in die plaaslike ekonomie sal uitbou. Wildboerdery het diversifikasie in die landbou-

nywerheid meegebring, maar as gevolg van waterskaarste sal verdere aanpassings gemaak moet word, sodat ernstige droogtetoestande die hoof gebied kan word sonder dat die nywerheid en die plaaslike ekonomie nadelig daardeur geraak word.

STEDELIKE ONTWIKKELING (Afdeling 3.2.1 : Bladsye 46 - 51)

Die primêre beplanningsgebied word gekenmerk deur 'n relatiewe klein bevolking wat oor 'n aantal klein stedelike gebiede versprei is. Dit is noodsaaklik dat hierdie stedelike struktuur in lewensvatbare stedelike gemeenskappe ontwikkel moet word - eerstens sodat ekonomiese ontwikkeling kan plaasvind, tweedens om ekonomiese groei te dra en derdens om die inwoners se lewenskwaliteit te verhoog. Hierdie situasie bring 'n behoefte na vore vir die uitbreiding van groter stedelike gebiede deur middel van 'n beleid van bevolkingskonsentrasie asook vir die verdere uitbouing van bestaande kleiner nedersettings.

ONTWIKKELING VAN GROOTMAAT INFRASTRUKTUUR (Afdeling 3.2.2 : Bladsye 51 - 60)

'n Stedelike infrastruktuur word tans binne die primêre beplanningsgebied ontwikkel tot op 'n vlak dat dit die uitbreiding van die gebied se ontwikkelingspotensiaal sal kan ondersteun. Gereelde onderhoud en die opgradering van dienste wat moet tred hou met die toename in aanvraag, is noodsaaklik om die infrastruktuur in stand te hou, asook om stedelike ontwikkeling te bevorder.

SOSIALE DIENSTE (Afdeling 3.3.1 : Bladsye 60 - 62)

Die klein en wydverspreide gemeenskappe het aanleiding tot ontoereikende gemeenskaps- en sosiale dienste gegee. Die gemeenskappe wat die grootste hierdeur beïnvloed word, is huishoudings in die lae-inkomegroepe. Stappe om dit reg te stel, is onderweg en sodra dit afgehandel is, sal fasiliteite vir die lae-inkomehuishoudings voldoende wees. Dit laat egter steeds die probleem van oortollige fasiliteite in landelike gebiede onopgelos.

Huidige tendense in die politieke hervormingsproses, tesame met die aankondiging van modelle wat op hoë-inkomeskole van toepassing gemaak kan word, bied 'n belangrike geleentheid aan die bevolkingsgroepe wat beperkte toegang tot opvoedkundige fasiliteite het. Toenemende verstedeliking binne die beplanningsgebied mag wysigings in die huidige toewysing van opvoedkundige fasiliteite vra ten einde maksimum gebruik van bestaande en potensieel beskikbare fasiliteite teen minimum koste te maak.

OMGEWINGSASPEKTE (Afdeling 3.3.3 : Bladsye 64 - 69)

Stedelike en ekonomiese ontwikkeling het 'n negatiewe invloed op omgewingsbewaring. Dis noodsaaklik dat reeds bestaande instansies hul pogings saamsnoer om 'n balans te verkry tussen ontwikkeling en bewaring wat tot die voordeel van alle betrokke partye in die primêre beplanningsgebied sal strek.

VERWAGTE VERANDERINGE

In hierdie afdeling van die hoofverslag word daar 'n impakanalise gemaak van die verwagte beleggings deur mynmaatskappye en plaaslike owerhede op die toekomstige ontwikkeling van die **primêre beplanningsgebied**. Die benadering wat in die impakanalise gevolg word, behels die bepaling van die uitwerking wat die nuwe mynboubeleggings in die primêre beplanningsgebied op die totale produksie van die plaaslike ekonomie sal hê deur van 'n inset/uitset-model gebruik te maak.

VERWAGTE KORTTERMYNONTWIKKELING (Afdeling 4.2 : Bladsye 71 - 72)

Mynmaatskappye : Volgens die mynmaatskappye wat in die gebied bedrywig is, sal daar na raming sowat R2,7 biljoen tussen 1990 en 1995 in die primêre beplanningsgebied belê word. Hierdie verwagte kapitale belegging sluit nuwe asook die uitbreiding van bestaande mynbedryghede in, maar dit maak nie voorsiening vir die vervanging van kapitaalgoedere soos geboue, masjinerie en toerusting nie.

Plaaslike owerhede : Die rol van 'n plaaslike owerheid is om toereikende gemeenskaps- en sosiale dienste binne 'n stedelike omgewing te voorsien. Hieruit blyk dit duidelik dat 'n plaaslike owerheid slegs vir sy kapitaaluitgawe op 'n realistiese wyse kan begroot as dit bekend is watter bevolkingsinvloei te wagte kan wees en watter verwante stedelike behoeftes daardeur geskep sal word. Die plaaslike owerhede in die primêre beplanningsgebied is onseker oor hierdie saak en die geraamde bedrag van R33,1 miljoen na 1995 sluit die potensiele impak van mynbelegging in die gebied uit.

Nog 'n bron van potensiele invloei van kapitaal na die primêre beplanningsgebied, kom uit toewysings van die Bosveld Streekdiensteraad. Volgens die Konsep SDR-begroting (1991/92), sal sowat R1,1 miljoen toegewys word aan projekte soos bus- en taxi-depots en openbare fasiliteite, 'n grootmaat-watervoorsiening en paaie-infrastruktuur, begraaflase, asook die onderhoud van hostelle en ander administratiewe fasiliteite, ensovoorts.

DIE IMPAK VAN VERWAGTE BELEGGINGS OP DIE PLAASLIKE EKONOMIE (Afdeling 4.3 : Bladsye 72 - 81)

Met die impakanalise as vertrekpunt, kan die afleiding gemaak word dat die verwagte toename in die uitset van die mynbousektor, 'n rimpel-effek dwarsdeur die ekonomie van die primêre beplanningsarea sal hê. As gevolg van die mynbousektor se bestaande skakeling met die plaaslike ekonomie - hoewel beperk - kan 'n

toename van die nuwe mynbedrywighede tot 'n verandering in die uitset van die ander sektore (27,5%) van die ekonomie lei. Dit sal op sy beurt 'n behoefte aan 'n addisionele 7320 werkgeleenthede skep. Die inkomste wat hierdie addisionele arbeiders sal ontvang en wat in die plaaslike ekonomie verbruik sal word, sal groter markte vestig en 'n groter uitset van die ekonomie verg. Hierbenewens sal die ekstra arbeiders en hul afhanklikes 'n bevolkingstoename van tussen 4,6% en 5,6% per jaar tot gevolg hê wat 'n verdere stukrag vir die uitbreiding van plaaslike produksie sal wees. Die impak van die verwagte belegging in die mynbousektor sal gevolglik 'n verandering in die plaaslike ekonomiese struktuur teweegbring. Hierdie veranderinge dui daarop dat die tersiêre sektor 'n redelike positiewe toename in sy bydrae tot die plaaslike Bruto Geografiese Produk (BGP) kan ondervind.

STRATEGIES ONTWIKKELINGSPLAN

In hierdie afdeling word die ontwikkelingstrategie vir die primêre beplanningsgebied geformuleer. Hierdie strategie word op die volgende elemente van die strategiese ontwikkelingsraamwerk wat vir die projek aanvaar is, gebaseer:

- 'n multi-ontwikkelingsscenario
- ontwikkelingsdoelstellings
- ontwikkelingsdoelwitte
- voorstelle
- sleutelrolspelers
- implimenteringsprioriteite.

Die ontwikkelingsvoorstelle, die sleutelrolspelers en prioriteite dien as breë riglyn vir die implementering van die ontwikkelingsplan.

'N MULTI-ONTWIKKELINGSCENARIO (Afdeling 5.1 : Bladsye 100 - 103)

Ten einde betekenisvolle ontwikkelingsvoorstelle vir toekomstige ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied te formuleer, is dit noodsaaklik om die algemene rigting of die vorm wat dit moet aanneem te bepaal. In die volgende paragrawe word die verskillende elemente van die scenario individueel aangespreek.

Makro-ekonomiese ontwikkeling : Die bestaande markte in die gebied word hoofsaaklik deur mynbou-aktiwiteite geskep en die verwagting is dat ekonomiese diversifikasie nog vir geruime tyd van die groei van die mynbousektor afhanklik sal wees. Die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied sal gekenmerk word deur 'n poging om ekonomiese strukturele veranderinge teweeg te bring deur die gebied se onontwikkelde ontwikkelingspotensiaal te benut. Dit impliseer dat die plaaslike ekonomie sy afhanklikheid van die mynbousektor as hoof groeistimulus kan verminder deur op die onderontwikkelde ontwikkelingspotensiaal wat in die landbou-, nywerheid- en ander sakesektore bestaan, te fokus. So 'n verandering sal die voordeel van groter skakeling tussen ekonomiese aktiwiteite en die ontwikkeling van agglomerasievoordele inhou wat op sy beurt ekonomiese ontwikkeling sal aanhelp. Die toename vir die interafhanklikheid tussen ekonomiese sektore in die plaaslike ekonomie, sal geleenthede daarstel vir die

ontwikkeling van 'n meer gediversifiseerde en gebalanseerde ekonomiese struktuur. Sodanige ekonomiese strukturele verandering sal nie vanself plaasvind nie en een of ander ingryping is nodig - en wel deur die daarstelling van 'n koördinerende institusionele liggaam.

Besigheids- en entrepreneursontwikkeling : Die sakegemeenskap sal sakegeleenthede eksploiteer wat vanuit die toenemende insetvereistes van die mynbousektor, verstedeliking, uitbreiding van streekmarkte en toerisme na vore tree. In hierdie verband sal voorkeurprioriteit aan die ontwikkeling en gebruik van die volgende geleenthede gegee word:

- Die plaaslike veredeling van minerale;
- verskerpte boerdery-aktiwiteite;
- die ontwikkeling van agro-nywerhede; en
- die daarstelling van 'n plaaslike en internasionale toerismebedryf.

Hierdie geleenthede sal tot die diversifikasie en uitbreiding van die sakesektor lei, asook tot 'n verhoogde groeikoers in 'n wye spektrum van werkgeleenthede.

Ten einde stabiele besigheidsontwikkeling te verseker, sal besigheidsverwante opleidingsfasiliteite, ondersteunende infrastrukture en 'n beleid om kleinsake-ontwikkeling te stimuleer, in die primêre beplanningsgebied van stapel gestuur word. Besigheidsontwikkeling sal ook fokus op die daarstelling van 'n klimaat wat daartoe sal bydra dat nuwe kapitaal in die gebied belê word.

Landbou-ontwikkeling : Naas die mynbousektor, is die landbousektor die grootste bydraende faktor tot die BGP van die primêre beplanningsgebied. Die toekomstige ontwikkeling van die landbousektor sal gekenmerk word deur geïntensiveerde boerdery in sekere gebiede, asook spesialisasie in boerderyprodukte met 'n komparatiewe voordeel om in die gebied gekweek word. Vir hierdie sektor word die groeikoers op 4,4% geraam. Om die risiko van veranderende klimaatomstandighede te verminder en om landbou-uitset te verhoog, sal hierdie sektor georganiseer en gesteun word deur:

- volgehoue navorsings- en ontwikkelingsprogramme rondom klimaatstoestande, produkreeks, die gebruik van water, winsgewende plaasbestuur, ens;
- gekoördineerde voorligtingsprogramme aan boere; en
- 'n organisasiestruktuur wat 'n aantal liggame wat die boeregemeenskap verteenwoordig, sal insluit.

Die groter wordende markte wat deur die mynbousektor en toekomstige verstedeliking geskep word, sal plaaslike markte vir landbouprodukte en agro-nywerhede laat uitbrei, wat op sy beurt weer 'n toename van die landbousektor se ontwikkelingspotensiaal en skakeling met die plaaslike ekonomie tot gevolg sal hê.

Stedelike ontwikkeling en verstedeliking : Aangesien dit realisties is om te verwag dat nuwe mynbou-aktiwiteite in die primêre beplanningsgebied, naby die betrokke mineraal ontwikkel sal word, sal nuwe modes

van mynbou-aktiwiteite gevestig word. Ten einde volgehoue ekonomiese groei te verseker, sal enige toekomstige verstedeliking en ekonomiese ontwikkeling, sover as moontlik, op die bestaande stedelike gebiede konsentreer en dit versterk. Dit sal 'n sleutelaspek van die verstedelikingsproses wees en is noodsaaklik vir die daarstelling van agglomerasie voordele en geleenthede vir verdere ekonomiese ontwikkeling en werkskepping.

Toekomstige verstedeliking sal ook 'n swaar las plaas op die voorsiening van behuising, veral vir die laer-inkomegemeenskappe en die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied sal dus moet verseker dat bekostigbare behuisingsopsies, sosiale dienste en gemeenskapsfasiliteite as integrale deel van 'n geordende verstedelikingsbeleid beskikbaar moet wees. In hierdie verband sal die fisiese ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied deur 'n ruimtelik-ekonomiese plan gelei word.

Daar bestaan tans 'n aantal openbare en private liggame wat vir stedelike bestuur verantwoordelik is en dit is onvermydelik dat stedelike ontwikkeling in 'n minder gekoördineerde mate sal plaasvind, en sal lei tot die duplisering van dienste en geriewe. Daar sal in die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied 'n poging aangewend word om groter koördinasie en samewerking tussen die onderskeie stedelike bestuurstrukture te verseker.

Grootmaat-infrastruktuur : Grootmaat-infrastruktuur is 'n belangrike voorvereiste vir ontwikkeling, en by toekomstige ontwikkeling sal gepoog word om op 'n koste-effektiewe basis in die behoeftes van stedelike en landelike gemeenskappe te voldoen. In hierdie verband sal alle gemeenskappe behoorlik geakkommodeer word deur die voorsiening van dienste ooreenkomstig die verskillende vlakke van bekostigbaarheid en standaarde.

Ten einde in die posisie te wees om belegging van nuwe kapitaal te lok, sal grootmaat-infrastruktuur, insluitende paaie, genoegsaam ontwikkel en onderhou word en die tersaaklike rolspelers sal verseker dat voldoende kapasiteit vir toekomstige stedelike en ekonomiese ontwikkeling beskikbaar is.

Ontwikkeling van menslike hulpbronne : Die ontwikkeling van menslike hulpbronne sal 'n belangrike prioriteit in die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied wees. Die ontwikkeling sal gekenmerk word deur 'n sterk klem op die vestiging van 'n gediversifiseerde bevolkingsbasis in 'n stedelike konteks. As enkellopende mynwerkers in gesinsverband gevestig kan word, sal dit 'n groot rol in hierdie opsig speel deur nie net 'n gebalanseerde gesinslewe aan te moedig nie, maar ook die verhouding man/vrou te normaliseer. 'n Proaktiewe betrokkenheid in die Bevolkingsontwikkelingsprogram, asook die aanmoediging van volwasse opleiding en onderwys, sal belangrike rolle in die ontwikkeling van die menslike hulpbronne in die primêre beplanningsgebied vervul.

Sosiale dienste, openbare orde en veiligheid : Toekomstige ontwikkeling sal gekenmerk word deur die rasionalisasie van bestaande dienste en deur die verskaffing van voldoende sosiale en gemeenskaps-dienste/fasiliteite (insluitende opleiding, gesondheid en ontspanning) aan alle gemeenskappe volgens hul

bekostigbaarheidsvlakke. Toegang tot sodanige dienste deur alle gemeenskappe sal 'n hoë prioriteit in die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied wees.

Omgewingsbestuur : Stedelike, landelike en ekonomiese ontwikkeling het noodwendig 'n uitwerking op die natuurlike omgewing. In die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied sal die bewaring van natuurlike hulpbronne deur 'n effektief geïntegreerde omgewingsbestuurprogram prominent figureer.

ONTWIKKELINGSDOELSTELLINGS, -DOELWITTE EN -VOORSTELLE (Afdeling 5.2 : Bladsye 103 - 104)

Vir die doel van hierdie opsomming, word die tien kernaangeleenthede tesame met hul geassosieerde doelstellings en doelwitte aangebied. Hierdie ontwikkelingsaangeleenthede, doelstellings en doelwitte het die basis vir die voorstelle in die hoofverslag uitgemaak.

a) INSTITUSIONELE REËLINGS (Afdeling 5.2.1 : Bladsye 104 - 106)

AANGELEENTHEID: Die primêre beplanningsgebied word gekenmerk deur 'n aantal stedelike bestuurstelsels (byvoorbeeld plaaslike owerhede, dorpskomitees, plaaslike gebiedskomitees, mynmaatskappye, ens) wat elk sy eie ontwikkelingsprioriteite en -prosesse het en wat nie noodwendig rekening hou met die ontwikkelingsbehoefte van die primêre beplanningsgebied nie. Toekomstige ontwikkelingsaksies behoort die bestaande stedelike bestuurstrukture te rasionaliseer en probeer om alle relevante en hoofrolspelers in 'n 'Metropolitaanse Ontwikkelingskoördinerende Liggaam' te inkorporeer.

Die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied in die rigting van 'n meer geïntegreerde plaaslike ekonomie, asook effektiewe en doeltreffende stedelike strukture, moet deur 'n ruimtelik-ekonomiese ontwikkelingsplan gerig word. Hierdie ontwikkelingsplan moet byvoorbeeld deur die voorgestelde Metropolitaanse Ontwikkelings-koördinerende Liggaam beheer, geïmplementeer en gemonitor word.

DOELSTELLING: Om te verseker dat die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied deur 'n effektiewe stedelike bestuurstelsels bestuur word.

DOELWITTE

- Om die rasionalisasie van stedelike bestuursisteme te bevorder en 'n Metropolitaanse Ontwikkelings-koördinerende Liggaam tot stand te bring wat ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied moet

koördineer.

- Om te verseker dat die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied, veral fisiese ontwikkeling, deur 'n ruimtelik-ekonomiese ontwikkelingstrategie gerig sal word.
- Om geïntegreerde streekontwikkeling te bevorder deur bestaande en nuwe regeringstrukture, komitees en verenigings te betrek.

b) **GEDIVERSIFISEERDE EKONOMIESE GROEI** (Afdeling 5.2.2 : Bladsye 106 - 110)

AANGELEENTHEID: Ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied moet gekenmerk word deur die volle benutting van sy ekonomiese ontwikkelingspotensiaal, veral in die landbou-, nywerheid- en besigheidsektore, ten einde 'n voortgesette groei in die gebied te verseker. Dit sal tot 'n meer gebalanseerde ekonomiese struktuur aanleiding gee wat op sy beurt in staat sal wees om in die wydste moontlike aanvraag na gespesialiseerde, duursame, semi-duursame en verbruikersgoedere en dienste te voorsien. Dit is in hierdie verband noodsaaklik dat 'n poging aangewend moet word om groter samewerking tussen alle sake-ondernemings (boere en mynmaatskappye inkluis) asook die plaaslike gemeenskap te bevorder om plaaslike huishoudingsbesteding te verhoog.

DOELSTELLING: Om die ontwikkeling van 'n meer gebalanseerde ekonomiese struktuur in die substreek te bevorder deur middel van gediversifiseerde ekonomiese ontwikkeling.

DOELWITTE:

- Om te verseker dat die ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van die gebied effektief benut word.
- Om die mynbousektor aan te moedig om aktief betrokke te raak deur plaaslike besigheidsontwikkeling te steun.
- Om die ontwikkeling van menslike hulpbronne as 'n integrale element van gediversifiseerde ekonomiese ontwikkeling te bevorder.
- Om kommunikasie tussen besighede, die gemeenskap, myne en landbou te verbeter.
- Om dit aantreklik te maak vir besighede om te diversifiseer en vir nuwe ondernemings om te ontwikkel.

c) **VERHOOGDE VOORDELE VANWEE MINERALE HULPBRONNE** (Afdeling 5.2.3 : Bladsye 110 - 111)

AANGELEENTHEID: Die primêre beplanningsgebied word deur ryk minerale hulpbronne asook 'n gevestigde mynbousektor gekenmerk. Toekomstige ekonomiese ontwikkeling moet nie slegs op verdere beleggings in mynbou-operasies steun nie, maar ook op -

- beleggings in alle ekonomiese ontginbare minerale hulpbronne; en
- die plaaslike verwerking en veredeling van minerale ten einde lekkasies te verminder en om die plaaslike nywerheidsontwikkelingspotensiaal te verhoog.

DOELSTELLING: Om die optimale benutting van minerale hulpbronne te bevorder.

DOELWITTE:

- Om die eksplorاسie en ontginning van minerale te bevorder - deur beide groot en klein mynmaatskappye.
- Om die plaaslike verwerking en veredeling van minerale wat in die gebied gemyn word, te bevorder.
- Om te verseker dat die verskillende gemeenskappe die mynmaatskappye ondersteun en hul onderskeie bydraes erken.

d) **RUIMTELIK-EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPATROON** (Afdeling 5.2.4 : Bladsye 112 - 115)

AANGELEENTHEID: Die toekomstige ruimtelike ontwikkelingspatroon in die primêre beplanningsgebied sal in 'n groot mate deur die ligging van die ekonomiese ontginbare minerale hulpbronne en die aanverwante mynbou-aktiwiteite beïnvloed word. Toekomstige verstedeliking sal hierdie elemente in die ruimtelik-ekonomiese patroon moet inkorporeer en sal alle nie-mynverwante en nie-landbouverwante bedrywe moet aanmoedig om bestaande stedelike nodes te versterk. Binne die raamwerk van hierdie scenario sal die noodsaaklike stedelike funksies in bestaande nodes ontwikkel word en duplikasie sal ontmoedig word met die oog op -

- toenemende agglomerasievoordele wat ekonomiese ontwikkeling kan aanmoedig; en
- ontmoediging van die vestiging van nuwe groot stedelike nodes, omdat dit die wydverspreide stedelike vestigingspatrone sal versterk en infrastruktuur sal dupliseer.

DOELSTELLING: Om ordelike verstedeliking in bestaande nodes aan te moedig en die duplikasie van stedelike gebiede wat na aan mekaar geleë is, te ontmoedig.

DOELWITTE:

- Om gefragmenteerde ontwikkeling te beperk en die ongekoördineerde vorming van nuwe groot nodale punte te ontmoedig; dit is, om nodale punte binne die raamwerk van 'n goedgekeurde struktuurplan vir die substreek te ontwikkel.
 - Om te verseker dat genoegsame bekostigbare behuisingsalternatiewe beskikbaar is om in die behoeftes van die gemeenskap, insluitende bejaardes, te voorsien (beide wat stedelike en landelike gebiede betref).
 - Om agglomerasievoordele te optimiseer deur die ontwikkeling van meer lewensvatbare stedelike gebiede en die vestiging van ekonomiese aktiwiteite te koördineer.
- e) **OPTIMALE BENUTTING VAN LANDBOU-ONTWIKKELINGSPOTENSIAAL** (Afdeling 5.2.5 : Bladsye 115 - 121)

AANGELEENTHEID: Die landbousektor van die primêre beplanningsgebied is 'n belangrike ekonomiese aktiwiteit waarvan die potensiaal verder benut sal kan word. Toekomstige ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied moet poog om sy landbou-ontwikkelingspotensiaal doeltreffend te ontwikkel en om skakeling met die substreek se plaaslike ekonomie uit te brei.

DOELSTELLING: Om die doeltreffende benutting van die substreek se landboupotensiaal te bevorder.

DOELWITTE:

- Om die onontwikkelde potensiaal van agro-nywerheidsontwikkeling in die gebied te benut.
- Om optimale gebruik van landbougrond te maak.
- Om die produksie van boerderyprodukte in die gebied te verhoog en te diversifiseer.
- Om boere aan te moedig om in hul bemaking meer effektief van plaaslike markte gebruik te maak en hul op dié markte te rig.
- Om boere aan te moedig om van opleiding en voorligtingsdienste gebruik te maak om hul winste te vergroot.
- Om te verseker dat veeartsenykundige dienste voldoende is om siektes soos byvoorbeeld bek-en-

klou-seer, varkpes, ens. te beheer.

- Om watervoorsiening vir landboudoeleindes te verbeter en om meer effektiewe gebruik van waterbronne te maak ten einde die volgende te stimuleer -
 - * landbouproduksie
 - * die effektiewe benutting van bestaande besproeiingsinfrastruktuur
 - * die skep van werkgeleenthede in landelike gebiede.
- Om landelike gemeenskappe se lewenstandaard te verhoog.
- Om landelike gebiede van 'n bekostigbare infrastruktuur te voorsien -
 - * Elektrisiteit
 - * Paaie
 - * Klein keerwalle.
- Om geskikte finansieringsopsies vir landbou te bekom.
- Om stabiliteit in die landbou-arbeidsmag te verseker.
- Om wildboerdery te verbeter.

f) **KLEINSAKE- EN ENTREPRENEURSONTWIKKELING** (Afdeling 5.2.6 : Bladsye 121 - 123)

AANGELEENTHEID: Die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied behoort deur gunstige omstandighede gekenmerk te word vir kleinsake-ontwikkeling (insluitende informele ekonomiese aktiwiteite) om te gedy, wat op sy beurt sal bydra tot die diversifikasie van die plaaslike ekonomie. In hierdie verband is 'n wye spektrum van opleidingsgeleenthede (insluitende praktiese opleiding) 'n prioriteit sodat die geskoolde werkerskorps kan uitbrei en ontlukende sakemanne, wat vir die plaaslike ekonomiese ontwikkeling verantwoordelik sal wees, te voorskyn kan tree.

DOELSTELLING: Om 'n klimaat te skep wat gunstig vir kleinsake-ontwikkeling is.

DOELWITTE:

- Om werkgeleenthede vir vrouens te skep.
- Om te verseker dat bestaande opleidingsfasiliteite effektief benut word en dat alle gemeenskappe gelyke toegang tot opleidingsgeleenthede het.
- Om gunstige toestande vir kleinsake-ontwikkeling daar te stel.

g) **VOLDOENDE GEMEENSKAPS-/SOSIALE DIENSTE** (Afdeling 5.2.7 : Bladsye 123 - 125)

AANGELEENTHEID: In die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied moet die verskaffing van gesondheids-, onderwys-, ontspannings- en ander fasiliteite en dienste (insluitende dit wat deur mynmaatskappye voorsien word) gerasionaliseer word. Ten einde bestaande en nuwe dienste/fasiliteite meer lewensvatbaar te maak, moet dit volgens behoefte en op 'n rasonale ekonomiese basis aan alle gemeenskappe verskaf word.

Die primêre beplanningsgebied sal 'n toename in die verstedelikingstempo ondervind. Dit sal weer tot hoër misdaadsyfers ens. en onstabiliteit in al die gemeenskappe lei. Toekomstige ontwikkeling moet dus gekenmerk word deur die rasionalisering van veiligheidsdienste en die daarstelling van die betrokke dienste wat veiligheid en stabiliteit in alle stedelike en landelike gemeenskappe sal verseker.

DOELSTELLING: Om volgens behoefte al die noodsaaklike sosiale en gemeenskapsfasiliteite en dienste daar te stel.

DOELWITTE:

- Om te verseker dat alle gemeenskappe toegang tot skole en noodsaaklike onderwysfasiliteite het.
- Om te verseker dat die veiligheidsituasie in die gebied gehandhaaf word.
- Om te verseker dat voldoende sport- en ontspanningsfasiliteite verskaf word (binne die raamwerk van beskikbare fondse), sodat die behoeftes van die onderskeie gemeenskappe geakkommodeer kan word.
- Om te verseker dat die gemeenskap toegang tot voldoende gesondheidsdienste en -fasiliteite het.

h) **ONTWIKKELING VAN MENSLIKE HULPBRONNE** (Afdeling 5.2.8 : Bladsye 125 - 126)

AANGELEENTHEID: Die primêre beplanningsgebied word gekenmerk deur 'n klein gedeelte van die stedelike bevolking wat in diens van nie-mynverwante aktiwiteite staan, 'n uitvloeï van geskoolde mense en beperkte opleidingsgeleenthede vir volwassenes. Ontwikkeling moet gekenmerk word deur die skepping van addisionele werk- en opleidingsgeleenthede wat oor 'n wye spektrum strek, ten einde die ontwikkeling van 'n meer gediversifiseerde bevolkingsbasis te bevorder (te wete die indiensneming van plaaslike mense, toenemende bevolkingsdigtheid in groter stedelike nodes, programme vir volwasse-onderwys, meer werkgeleenthede vir vrouens, ens).

DOELSTELLING: Om 'n meer gediversifiseerde bevolkingsbasis daar te vestig, naamlik 'n meer gebalanseerde verhouding tussen die getal mans en vrouens, asook tussen die verskillende ouderdomsgroepe.

DOELWITTE:

- Om volwasse-onderwys te bevorder.
- Om die gebruik van die Bevolkingsontwikkelingsprogram te bevorder.
- Om die indiensneming van plaaslike arbeid eerder as ingevoerde arbeid te bevorder.
- Om enkelopende mynwerkers aan te moedig om hulle in gesinsverband te vestig.

i) **DIE VOLLE SPEKTRUM VAN INFRASTRUKTUUR** (Afdeling 5.2.9 : Bladsye 127 - 129)

AANGELEENTHEID: Die primêre beplanningsgebied sal 'n invloed van enkelopende mynwerkers en lae-inkomste gemeenskappe ondervind vir wie daar bekostigbare infrastruktuur en stedelike dienste verskaf sal moet word. Hierdie dienste moet betyds voorsien word en wel op verskillende vlakke van bekostigbaarheid ten einde te verseker dat alle gemeenskappe toegang tot essensiële infrastruktuur sal hê.

Met die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied sal daar gepoog word om die verskaffing van grootmaat-infrastruktuur te rasionaliseer en om verdere duplikasie te ontmoedig. Langs hierdie weg behoort die verskaffing van noodsaaklike grootmaat-infrastruktuur aan alle gemeenskappe, in soverre dit moontlik is, binne die raamwerk van koste-verhaalbare beginsels geskied.

DOELSTELLING: Om te verseker dat -

- a) alle gemeenskappe toegang tot noodsaaklike infrastruktuur sal hê wat hulle kan bekostig; en
- b) die primêre beplanningsgebied noodsaaklike infrastruktuur sal verskaf met genoegsame kapasiteit om ekonomiese groei te bespoedig, asook die nuwe kapitale beleggings te lok.

DOELWITTE:

- Om te verseker dat genoegsame grootmaat-infrastruktuur optimaal in die gebied waar dit gebruik gaan word, verskaf sal word.
- Om die lewenskwaliteit in bestaande lae-inkomstedorpe (byvoorbeeld die TPA-dorp in Thabazimbi) te verhoog.

- Om die effektiewe benutting van waterbronne te bevorder.
- Om alle stedelike gebiede en ekonomiese aktiwiteite, veral die nuwe mynboubedrywighe, maklik deur paaie toeganklik te maak.
- Om 'n spoorstelsel vir die pendel van werkers tussen Thabazimbi en Northam in te stel deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak.
- Om te verseker dat genoegsame elektrisiteit beskikbaar is om die behoefte van die verwagte bevolkinginvloei en stedelike ontwikkeling te akkommodeer.

j) **EFFEKTIEWE OMGEWINGSBESTUUR EN -BEHEER** (Afdeling 5.2.10 : Bladsye 129 - 131)

AANGELEENTHEID: Bestaande asook nuwe mynboubedrywighe, landbou-ontwikkeling en verstedeliking sal 'n negatiewe uitwerking op die natuurlike omgewing hê. Ten einde die natuurlike omgewing te bewaar, sal toekomstige verstedeliking en ekonomiese ontwikkeling onderworpe wees aan effektief geïntegreerde omgewingsbestuur en -beheermeganismes.

DOELSTELLING: Om die natuurlike omgewing te bewaar en om geaffekteerde gebiede in hul oorspronklike staat te herstel.

DOELWITTE:

- Om 'n proaktiewe betrokkeheid met betrekking tot die bewaring van omgewingshulpbronne te bevorder.
- Om te verseker dat die rehabilitasie van die natuurlike omgewing vir almal verpligtend is.
- Om die risiko van grondwater-, lug- en geraasbesoedeling, wat gepaardgaan met 'n toename in mynbedrywighe en verstedeliking, te verminder.

GEVOLGTREKKING (Afdeling 5.3 : Bladsye 131)

Die mynbousektor met verwagte gepaardgaande ontwikkeling, sal sonder twyfel ontwikkelingsgeleenthede in die primêre beplanningsgebied laat toeneem. Alhoewel die toekomstige ontwikkeling (te wete belegging in bestaande en nuwe mynbou-aktiwiteite) tot 'n toename in die wanbalans van die plaaslike ekonomiese struktuur sal lei, kan hierdie sektor se rol in ekonomiese groei nie oorskat word nie. Dis ook belangrik om te besef dat die mynbousektor se groei deur fluktuierende internasionale markte beïnvloed word en standhoudende langtermyn groei vanuit hierdie sektor sal altyd onseker wees. Dit is dus noodsaaklik dat die

primêre beplanningsgebied sy groeivoorsigte sal moet diversifiseer om sodoende 'n meer gewiste ekonomiese toekoms te verseker.

Die primêre beplanningsgebied beskik oor 'n onbenutte ekonomiese ontwikkelingspotensiaal. Tesame met die voordele wat die verwagte uitbreiding van die mynbousektor inhou, kan hierdie onontwikkelde potensiaal 'n meer gebalanseerde ekonomiese struktuur bewerkstellig wat minder afhanklik van die mynbousektor sal wees.

Die voorstelle in hierdie verslag is sodanig geformuleer dat dit sal verseker dat die fisiese, sosiale, ekonomiese en institusionele ontwikkelingspotensiaal van die primêre beplanningsgebied optimaal benut word. Hierdie voorstelle word as realisties beskou en behoort op proaktiewe wyse geïmplementeer te word.

Dit is noodsaaklik om te besef dat die ontwikkelingsvoorstelle multidimensioneel van aard is en dat daar geen enkele liggaam of instansie bestaan wat alleen verantwoordelikheid vir die implementering hiervan kan aanvaar nie. Benewens die SOAK : G wat as oorkoepelende koördineerder sal optree, is dit belangrik dat die Thabazimbi/Northam Beplanningstudie-loodskomitee 'n paneel sal saamstel wat uit kundige persone bestaan om die ontwikkelingsvoorstelle te inisieer en te implementeer. Aangesien daar tans algemene konsensus oor hierdie voorstelle bestaan, kan die nodige stappe dus onmiddellik geneem word.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

AFDELING 1 : PROJEKORIËNTASIE	1
1.1 DIE BEHOEFTE AAN 'N BEPLANNINGSTUDIE	1
1.2 DIE PROJEKONTWERP	1
1.3 PROJEKDOELWITTE	1
1.4 BEPLANNINGSPROSES	2
1.5 INLIGTINGSBRONNE	3
1.6 UITEENSETTING VAN VERSLAG	3
 AFDELING 2 : DEFINISIE VAN DIE BEPLANNINGSGEBIED	 4
2.1 DIE BEPLANNINGSGEBIED	4
2.2 FUNKSIONELE ELEMENTE VAN DIE BEPLAN- NINGSGEBIED	6
2.2.1 Natuurlike omgewing	8
2.2.2 Bevolkingsvestiging	10
2.2.3 Ekonomiese tendense in die streek	12
2.2.4 Beleidsake en strategieë wat ekonomiese ontwikkeling raak	18
2.3 GEVOLGTREKKING	20
 AFDELING 3 : SITUASIE-ANALISE	 21
3.1 EKONOMIESE ONTWIKKELING	21
3.1.1 Ontwikkeling van menslike hulpbronne	21
3.1.2 Besigheids- en entrepreneursontwikkeling	27
3.1.3 Landelike en landbou-ontwikkeling	38

3.2	RUIMTELIKE ONTWIKKELING	45
3.2.1	Stedelike ontwikkeling	46
3.2.2	Ontwikkeling van grootmaat-infrastruktuur	51
3.3	SOSIALE ONTWIKKELING	60
3.3.1	Sosiale dienste	60
3.3.2	Openbare orde en veiligheid	63
3.3.3	Omgewingsaspekte	64
AFDELING 4 : VERWAGTE VERANDERING EN ONTWIKKELINGS- PROBLEME		70
4.1	METODOLOGIE	70
4.2	VERWAGTE KORTTERMYNONTWIKKELING	71
4.3	IMPAK VAN VERWAGTE BELEGGINGS OP DIE PLAASLIKE EKONOMIE	72
4.4	IMPLIKASIES VAN VERWAGTE BELEGGINGS TEN OPSIGTE VAN ONTWIKKELING	81
4.4.1	Makro-ekonomiese ontwikkeling	81
4.4.2	Besigheids- en entrepreneursontwikkeling	83
4.4.3	Ruimtelike ontwikkeling	87
4.4.4	Landelike en landbou-ontwikkeling	91
4.4.5	Ontwikkeling van menslike hulpbronne	93
4.4.6	Sosiale dienste	95
4.4.7	Omgewingsaspekte	97
4.5	GEVOLGTREKKING	98
AFDELING 5 : STRATEGIESE ONTWIKKELINGSPLAN		100
5.1	'N MULTI-ONTWIKKELINGSCENARIO	100
5.2	ONTWIKKELINGSDOELSTELLINGS, -DOEL- WITTE EN -VOORSTELLE	103

BLADSY

5.2.1	Institusionele reëlings	104
5.2.2	Gediversifiseerde ekonomiese groei	106
5.2.3	Verhoogde voordele vanweë minerale hulpbronne	110
5.2.4	Ruimtelik-ekonomiese ontwikkelingspatroon	112
5.2.5	Optimale benutting van landbou-ontwikkelingspotensiaal	115
5.2.6	Kleinsake- en entrepreneursontwikkeling	121
5.2.7	Voldoende gemeenskaps-/sosiale dienste	123
5.2.8	Ontwikkeling van menslike hulpbronne	125
5.2.9	Die volle spektrum van infrastruktuur	127
5.2.10	Effektiewe omgewingsbestuur en -beheer	129

5.3	GEVOLGTREKKING	131
-----	----------------	-----

BRONNELYS

LYS VAN TABELLE

BLADSY

TABEL 2.1 :	BEVOLKINGSVERSPREIDING IN DIE BEPLANNINGS- GEBIED, 1990	11
TABEL 2.2 :	STREEKSBYDRAE TOT DIE BNP (1985-1989)	14
TABEL 2.3 :	BGP-BYDRAE DEUR SOMMIGE DISTRIKTE IN DIE BEPLANNINGSGEBIED (1970 TOT 1989)	15
TABEL 2.4 :	EKONOMIESE STRUKTURELE VERANDERINGE PER DISTRIK	16
TABEL 3.1 :	GERAAMDE BEVOLKING VAN DIE PRIMêRE BEPLAN- NINGSGEBIED, 1990	22
TABEL 3.2 :	GERAAMDE OUDERDOMSVERPREIDING IN DIE BE- PLANNINGSGEBIED (PERSENTASIE - 1990)	26
TABEL 3.3 :	GERAAMDE BEVOLKING VOLGENS DIE OPLEIDINGS- PEIL IN DIE PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED (PER- SENTASIE - 1990)	27
TABEL 3.4 :	EKONOMIESE STRUKTUUR VAN DIE PRIMêRE BEPLAN- NINGSGEBIED, 1970 EN 1990 (% BGP)	28
TABEL 3.5 :	RSA-DISTRIKTE BINNE DIE BEPLANNINGSGEBIED : TRESS-STATISTIEKE VAN BGP PER SEKTOR TEEN HUIDIGE FAKTOR KOSTES - 1989	29
TABEL 3.6 :	INDIENSNEMINGSPROFIEL VAN DIE PRIMêRE BEPLAN- NINGSGEBIED (1980 - 1990)	30
TABEL 3.7 :	HOOFTENDENSE IN DIE MYNBOUBEDRYF - 1990	31
TABEL 3.8 :	TENDENSE IN DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE BESTEDING OP VOORRADE (PERSENTASIE, 1989)	31
TABEL 3.9 :	PERSENTASIE VERSPREIDING VAN AANKOPE PER GEBIED, 1989	32
TABEL 3.10 :	GERAAMDE WERKLOOSHEID IN DIE PRIMêRE BEPLAN- NINGSGEBIED (1990)	35
TABEL 3.11 :	VERSPREIDING VAN TREKARBEID IN DIE MYNBOUSEK- TOR, 1990	36
TABEL 3.12 :	TOTALE PERSOONLIKE INKOME (Rm), 1985	36
TABEL 3.13 :	GERAAMDE BEVOLKING VOLGENS BEROEP (PERSENTA- SIE), 1990	37
TABEL 3.14 :	BGP-TENDENSE IN DIE LANDBOU, 1970 TOT 1990	38
TABEL 3.15 :	FUNKSIONELE GRONDGEBRUIKSPATROON, 1986	40
TABEL 3.16 :	LANDBOUFINANSIERING : LAND- EN LANDBOUBANK (THABAZIMBI-DISTRIK), 1981 - 1988	42

TABEL 3.17 :	VERGELYKENDE VERVOERDIGTHEIDAANDUIDERS (1985)	52
TABEL 3.18 :	KAPASITEIT, GEBRUIK EN TOESTAND VAN HOOF- PAAIE IN DIE PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED (RAMINGS VIR 1990)	52
TABEL 3.19 :	TENDENSE MET BETREKKING TOT WATERIN- VOERE NA DIE KROKODILRIVIEROPVANGGE- BIED (MILJOEN M ³ PER JAAR)	58
TABEL 3.20 :	GEMIDDELDE VERBRUIKERSPRYS VAN ELEKTRISI- TEIT, 1988 TOT 1989	59
TABEL 4.1 :	PERSENTASIE VERSPREIDING VAN VERWAGTE KAPITALE UITGAWES DEUR PLAASLIKE OWERHEDE (1990 - 1995)	72
TABEL 4.2 :	VERWAGTE TOENAME IN TOTALE UITSET AS GEVOLG VAN BELEGGINGS DEUR DIE MYNBOUSEKTOR (1991 - 1995, Rm)	73
TABEL 4.3 :	VERWAGTE VERANDERING IN WERKVERSKAFFING AS GEVOLG VAN BELEGGING IN MYNBOUSEKTOR	75
TABEL 4.4 :	VERWAGTE VERANDERING IN BEVOLKING	76
TABEL 4.5 :	VERWAGTE VERANDERING IN HUISHOUDINGINKOME VIR DIE VERSKILLENDE INKOME GROEPE	77
TABEL 4.6 :	BGP PER EKONOMIESE AKTIWITEIT (1990 - 1995) VERANDERING AS GEVOLG VAN BELEGGING VAN DIE MYNBOUSEKTOR OP DIE TOTALE EKONOMIE	79

LYS VAN KAARTE

	BLADSY
KAART 1 : PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED	5
KAART 2 : SEKONDêRE BEPLANNINGSGEBIED	7
KAART 3 : GEOLOGIESE RAAMWERK VAN STREEK G	9
KAART 4 : ONTWIKKELINGSTREKE	13
KAART 5 : NYWERHEIDSGEBIEDE	17
KAART 6 : PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED - BEVOLKINGS- VERSPREIDING	23
KAART 7 : PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED - BESPROEIINGS- GROND	44
KAART 8 : PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED - NODALE PUNTE	47
KAART 9 : PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED - PAAIE- INFRASTRUKTUUR	54
KAART 10: SUBSTELSEL VAN DIE LAER-KROKODILRIVIER	57
KAART 11: OORHOOFSE GRONDKAART	66
KAART 12: PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED - NATUUR- EN VAKANSIEOORDE	67

LYS VAN DIAGRAMME

BLADSY

DIAGRAM 1 : GESLAGS- EN OUDERDOMSVERSPREIDING PRIMêRE BEPLANNINGSGEBIED	25
DIAGRAM 2 : LANDBOU-BGP IN VERGELYKING MET REËN- VALTENDENSE (1970 - 1990)	39
DIAGRAM 3 : SPOORNETWERK	55
DIAGRAM 4 : VERANDERING IN BYDRAE TOT TOTALE UITSET (MYNBOU VS NIE-MYNBOUSEKTORE)	74
DIAGRAM 5 : VERANDERING IN BYDRAE TOT HUISHOUDING- INKOME	78
DIAGRAM 6 : VERWAGTE VERANDERING IN BGP PER EKONO- MIESE AKTIWITEIT (PERSENTASIE BYDRAE)	80

AFDELING 1 : PROJEKORIËNTASIE

1.1 DIE BEHOEFTE AAN 'N BEPLANNINGSTUDIE

Goldfields van SA (Edms) Bpk ontwikkel tans die Northam-platinummyn wat tussen Northam en Thabazimbi geleë is. Die Thabazimbi/Northam-gebied is geleë op die Bosveld-stollingskompleks, wat een van die rykste minerale komplekse van sy soort in die wêreld is. Wanneer hierdie myn operasioneel sal wees, sal dit een van die grootste platinummyne ter wêreld wees. Na verwagting sal hierdie myn teen 1993 in bedryf wees. Die kapitale beleggings vanuit die mynbousektor sal oor die volgende vyf jaar meer as twee biljoen rand beloop.

Die groot omvang van die beoogde ontwikkelings het die Streekontwikkelingsadvieskomitee vir Streek G (SOAK : G) oortuig dat die Thabazimbi/Northam-beplanningstudie geïnisieer moet word. Die direkte impak vanweë waarskynlike belegging in die Thabazimbi/Northam-gebied as sulks, sal na verwagting beduidend wees. Die beraamde toename in mynbedrywighe in hierdie substreek, tesame met die gepaardgaande toename in bevolkingsinvloei, sal geleenthede vir die ander sektore van die ekonomie tot stand bring. Verder sal die potensiële toename van aktiwiteit in die substreek 'n direkte uitwerking op die gebruik van natuurlike hulpbronne asook op die omgewing hê.

1.2 DIE PROJEKONTWERP

Ten einde die SOAK : G met hierdie projek by te staan, het die SOAK : G die Ontwikkelingsbank van Suider Afrika vir tegniese en finansiële bystand genader, asook by die vernaamste plaaslike owerhede en aktiewe mynboumaatskappye in die gebied om hulp aangeklop om die projek te onderneem.

Hierdie hoofrolspelers het 'n Loodskomitee gevorm wat weer die firmas URBAN-ECON en Ekobest aangesel het. Die rol wat hierdie firmas met betrekking tot die projek moet speel, is om die Loodskomitee by te staan met die formulering van praktiese strategiese riglyne wat die doeltreffende gebruik van natuurlike, menslike en kapitale hulpbronne in die Thabazimbi/Northam-beplanningsgebied sal verseker.

1.3 PROJEKDOELWITTE

Die Loodskomitee het die volgende projekdoelwitte neergelê:

- Om ontwikkelingstendense in die Thabazimbi/Northam-gebied, asook die interaksie tussen hierdie en aangrensende gebiede te bepaal;

- Om bestaande behoeftes en ontwikkelingspotensiale asook beperkings binne die Thabazimbi/Northam-gebied te bepaal; en
- om enige impak wat as gevolg van die beoogde kapitale belegging op ander ekonomiese sektore en ontwikkelingsfunksies gemaak kan word, te identifiseer en te evalueer.

Strategiese ontwikkelingsdoelwitte vir die toekomstige ontwikkeling van die betrokke ontwikkelingsfunksies in die Thabazimbi/Northam-gebied, moet op die basis van bogenoemde doelwitte voorberei word. Hierdie funksies hou verband met die volgende element van ontwikkeling:

- Makro-ekonomiese ontwikkeling
- Landelike en landbou-ontwikkeling
- Stedelike ontwikkeling
- Ontwikkeling van besighede en entrepreneurs
- Ontwikkeling van grootmaat-infrastruktuur
- Ontwikkeling van menslike hulpbronne
- Omgewingsaspekte
- Sosiale dienste
- Openbare orde en veiligheid.

1.4 BEPLANNINGSPROSES

Die projek het gevolg op 'n beplanningsproses wat op gemeenskapsbetrokkenheid deur aktiewe deelname gebaseer was. In elk van die onderstaande vier projekfasies is die gemeenskap deur middel van werkwinkels in die gebied betrek en hulle insette het 'n integrale deel van die beplanningstrategie uitgemaak:

- | | | |
|-----------|---|--|
| FASE EEN | - | Beoordeling van die Thabazimbi/Northam-gebied. |
| FASE TWEE | - | Beoordeling van die potensiële impak van die verwagte korttermynontwikkelings op die toekomstige ontwikkeling van die beplanningsgebied. |
| FASE DRIE | - | Probleem/ontwikkelingspotensiaal en doelwitstelling. |
| FASE VIER | - | Formulering van strategiese ontwikkelingsvoorstelle en prioriteite vir toekomstige ontwikkeling. |

1.5 INLIGTINGSBRONNE

Die projek is ontwerp om die vernaamste ontwikkelingsinstansies (mynhuise, plaaslike owerhede, ens), asook die gemeenskap binne die gebied te betrek wat dan ook 'n belangrike bron van inligting was. Hierdie inligtingsbronne is aangevul deur sosio-ekonomiese opnames waardeur die jongste inligting rakende huishoudings, besighede (insluitende mynmaatskappye en die boeregemeenskap) en die regeringsektor bekom is.

1.6 UITEENSETTING VAN VERSLAG

Hierdie verslag bied die finale ontleding van die konsultante rakende die toekomstige ontwikkeling van die Thabazimbi/Northam-beplanningsgebied en bestaan uit die volgende afdelings:

- | | | |
|------------|---|--|
| AFDELING 1 | - | Projekoriëntasie. |
| AFDELING 2 | - | Definieer die beplanningsgebied en bring dit in verband met die groter streek waarvan dit deel uitmaak. |
| AFDELING 3 | - | Gee 'n kort oorsig van die status quo van die verskillende ontwikkelingsfunksies (makro-ekonomies, stedelik, sosiale ontwikkeling, ens). |
| AFDELING 4 | - | Onderneem 'n impakanalise om die effek wat die verwagte mynboubelegging op die ontwikkeling van die Thabazimbi/Northam-gebied sal hê, te bepaal en sluit af met die belangrikste ontwikkelingsprobleme wat geïdentifiseer is. |
| AFDELING 5 | - | Gee 'n uiteensetting van die strategiese ontwikkelingsraamwerk wat die basis vir ontwikkelingsaksies uitmaak en bevat toekomstige ontwikkelingsscenario's, ontwikkelingsdoelstellings en -doelwitte, voorstelle en prioriteite, asook sleutelrolspelers. |

AFDELING 2 : DEFINISIE VAN DIE BEPLANNINGSGEBIED

Hierdie afdeling definieer die beplanningsgebied en bring sy funksionele elemente in verband met die groter streek waarvan dit deel uitmaak.

2.1 DIE BEPLANNINGSGEBIED

Die beplanningsgebied bestaan uit 'n primêre en 'n sekondêre beplanningsgebied. Eersgenoemde word as die interne omgewing beskou en sal heel waarskynlik die grootste gedeelte van die stedelike en ekonomiese ontwikkeling wat die voorgename mynbou-aktiwiteite tot gevolg sal hê, absorbeer. Die sekondêre beplanningsgebied is daardie gebied wat indirek deur die beplande ontwikkeling geraak sal word of wat 'n impak op die ontwikkeling binne die **primêre beplanningsgebied** kan hê.

Afbakeningskriteria


Die afbakening van die beplanningsgebied word op die volgende kriteria gebaseer:

- a) Die ligging van bestaande nodale punte
- b) Bevolkingsvestigingspatrone
- c) Verstedelikingstendense
- d) Die aard en omvang van ekonomiese bedrywighede
- e) Indiensnemingspatrone en arbeidsvloei
- f) Topografiese verskynsels
- g) Die beskikbaarheid en vergelykbaarheid van data.

Afhangende van die klem wat op bogenoemde geplaas word, meet sommige kriteria die omvang van eenvormigheid (kriteria a), b) en f)) binne die gebied, terwyl ander die interaksie (kriteria a), c), d) en e)) tussen die verskillende gebiede meet. Die kriterium betreffende die beskikbaarheid van data (kriteria g)), is in beide bogenoemde gevalle ewe belangrik.

Primêre beplanningsgebied

Die primêre beplanningsgebied is die hooftokus van die projek en bestaan uit die geografiese gebied waarvoor die ontwikkelingsstrategie geformuleer sal word. Deur hoofsaaklik van die kriteria wat op die konsep van **homogeniteit** betrekking het, gebruik te maak, sluit die **primêre beplanningsgebied** Thabazimbi en Northam en hul onmiddellike hinterland in (sien Kaart 1).



PRIMÊRE BEPLANNINGSGBIED



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum
Date 7/1990
Skaal
Scale N.V.T

Kaart nr
Map no 1

Die grense van hierdie gebied is die volgende:

- Noord/Noordwes : Die landdrosdistriksgrens van die Thabazimbi-distrik.
- Suid/Suidwes : Die landdrosdistriksgrens van Thabazimbi-distrik en die RSA/Bophuthatswana-grens.
- Noord/Noordwes : Vanaf Welgevonden in die noorde, loop die grens in 'n suid-westelike rigting om die landelike hinterlande van Makoppa en Dwaalboom in te sluit.

Sekondêre beplanningsgebied

Die sekondêre beplanningsgebied sluit dié gebiede in wat 'n uitwerking op die **primêre beplanningsgebied** kan hê of wat deur ontwikkeling in laasgenoemde gebied geraak sal word. Die aanbevelings in hierdie studie sal egter nie in die eerste plek oor die toekomstige ontwikkeling in die sekondêre beplanningsgebied handel nie. Die afbakening van die sekondêre beplanningsgebied is hoofsaaklik op die kriteria van interafhanklikheid tussen die onderskeie gebiede gebaseer en sluit die volgende in (sien Kaart 2):

a) Landdrosdistrikte van -

- | | |
|-------------|--------------|
| - Ellisras | - Brits |
| - Waterberg | - Rustenburg |
| - Warmbad. | |


b) Die noordwestelike gedeelte van die landdrosdistrik van Thabazimbi wat nie in die primêre beplanningsgebied ingesluit is nie.

c) Distrikte van Bophuthatswana -

- | | |
|-------------|------------|
| - Madikwe | - Ode 1 |
| - Mankwe | - Moretele |
| - Bafokeng. | |

2.2 FUNKSIONELE ELEMENTE VAN DIE BEPLANNINGSGBIED

Die volgende paragrawe gee 'n perspektief van die beplanningsgebied by wyse van 'n beoordeling van die belangrikste nasionale/streek ruimtelik-strukturele elemente wat 'n impak op die beplanningsgebied het, met die doel om 'n beter begrip van die ruimtelike manifestasie van ontwikkeling in die beplanningsgebied en sy omringende omgewing te verkry.



SEKONDÊRE BEPLANNINGSGBIED



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum Date	4/1990	Kaart nr Map no	2
Skaal Scale	N.V.T		

2.2.1 NATUURLIKE OMGEWING

Minerale hulpbronne

Die beplanningsgebied is geleë in 'n area wat deur ongewone geologie gekenmerk word en wat weerspieël word deur 'n groot verskeidenheid van ontginbare minerale afsettings (sien Kaart 3) wat voorkom. Die Bosveld-stollingskompleks wat die wêreld se grootste platinum- en chroonafsetting insluit, die Transvaal-reeks met ystererts en die Karoo-formasies met steenkool, is van spesiale belang vir die ekonomie van die beplanningsgebied. Drie van die ses grootste SA-mynmaatskappye wat in Streek G opereer, is tans betrokke by die produksie van minerale in die **primêre beplanningsgebied**. Daar is aanduidings dat die geologiese toestand gunstig is vir aansienlike uitbreiding van die mynbou-industrie dwarsdeur Streek G, indien die ekonomiese situasie dit sou regverdig.


Gedurende 1983 was die totale indiensname van die mynboubedryf in Streek G sowat 33700 wat soos volg versprei was (OBSA, 1989):

-	Koper	:	13,6%
-	Fosfaat	:	7,5%
-	Platinum	:	31,2%
-	Ystererts	:	7,6%
-	Tin	:	7,3%
-	Steenkool	:	7,8%
-	Ander	:	25,0%
	Totaal	:	100,0%

Diegene wat in die beplanningsgebied werksaam is, verteenwoordig 54% van die totale indiensname in Streek G se mynboubedrywigheide. Hierdie hoë persentasie is 'n aanduiding van die belangrike rol wat mynbou-ontwikkeling in die beplanningsgebied, asook in streekverband speel.

Waterbronne

Na raming sal Suider-Afrika se totale waterbehoefte teen die jaar 2010 sowat 26000 miljoen m³/j wees wat, vergeleke met die aanbod, op 'n surplusvolume van sowat 12400 miljoen m³/j dui. Hierdie syfers kan egter misleidend wees aangesien die beskikbaarheid van water, veral in Suid-, Wes- en Noord-Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Oos-Kaap, oneweredig versprei is (OBSA, 1989).



GEOLOGIESE RAAMWERK VAN STREEK G

KAROO (STEENKOOL)

WATERBERG

ALKALIE INTRUSIES
(KOPER, SELDSAME AARDES, KIMBERLIET,
FOSFATE, DIAMANTE)

RUSTENBURG MAFICS
(PGE, KOPER, NIKKEL, CHROOM,
VANADIUM)

LEBOWA GRANITES
(TIN, FLOURIET)

ONGEDIFFERENSIEERDE GEOLOGIE

BOSVELD
STOLLINGS-
KOMPLEKS

OPEENVOLGING TRANSVAAL
(YSTERERTS, ASBES)

GROENSTEEN GORDELS
(GOUD, ANTIMOON, SMARAG,
KORUND)

GRANIET
(MIKA ENS)

LIMPOPO-GNEIS

PRIMÊRE VERSKUIWINGS

ARGEÏKUM



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum
Date 9/90

Kaart nr
Map no

3

Skaal
Scale N.V.T

Ontwikkelingstreek G val binne die Limpopo/Oranjerivierstelsel en ook gedeeltelik in die Komatirivierstelsel. Die totale volume water beskikbaar uit hierdie stelsel is in 1980 op 9874 miljoen m³/j geraam, waarvan -

- a) 5768 miljoen m³/j (58,4%) ekonomies ontginbaar was
- b) 3923 miljoen m³/j (39,7%) gebruik is
- c) 183 miljoen m³/j (1,9%) 'n wateroorskot geïmpliseer het.

Na raming sal die ekonomiese ontginbare watervolume (gedurende 2010) sowat 6392 miljoen m³/j wees waarvan 3922 miljoen m³/j moontlik gebruik sal word om 'n surplus van water gelykstaande aan 420 miljoen m³/j te voorsien - dis sowat 7,4% van die totale hoeveelheid ekonomiese ontginbare water. Die geraamde waterskaarste in die Limpopodreineringsstreek kan egter tot 673 miljoen m³/j toeneem (Departement van Waterwese, 1986).

Water is dus 'n skaars kommoditeit en, tensy noodsaaklike stappe geneem word om die waterbronne te ontgin en uit te bou, water te bewaar en beskikbare voorrade te hergebruik, asook om bronne uiters doeltreffend te bestuur en te beheer, sal ernstige tekorte in die nabye toekoms ondervind word. Dit is veral belangrik in die primêre beplanningsgebied aangesien die gebied se landbousektor van sy waterbronne afhanklik is.

2.2.2 BEVOLKINGSVESTIGING

Bevolking

Die totale bevolking van die beplanningsgebied word op sowat 1,5 miljoen geraam, wat by benadering gelyk is aan 4% van die totale bevolking van die SATBVC-lande. Die raming van die geografiese samestelling van die beplanningsgebied se bevolking in 1990, word in Tabel 2.1 aangetoon.

Slegs sowat 3% of 44890 van die bevolking in die beplanningsgebied, woon binne die **primêre beplanningsgebied**. Die grootste bevolkingskonsentrasie word suid van die primêre beplanningsgebied aangetref en wel in die Bophuthatswana-distrikte van Odi (32,9%) en Moretele (22,1%), asook in Bafokeng (8,5%). Die bevolking in die RSA-gedeeltes van die beplanningsgebied, verteenwoordig 24,9% van die totale bevolking.

Bevolkingsdigtheid

Die totale beplanningsgebied se bevolkingsdigtheid van sowat 30 persone per km², lê net onder die nasionale gemiddeld van 30,7 persone per km², terwyl dieselfde syfer vir die **primêre beplanningsgebied** 6,3 persone per km² is. Hierdie relatief lae bevolkingsdigtheid in die primêre beplanningsgebied het 'n direkte uitwerking op die vlak van meeste van die ekonomiese aktiwiteite - as gevolg van die lae bevolkingdrempels, markgroottes en agglomerasie ekonomieë. Dit het ook 'n invloed op ander noodsaaklike dienste binne die primêre

beplanningsgebied soos fasiliteite wat verwant is aan gesondheid en opleiding.

TABEL 2.1 : BEVOLKINGSVERSPREIDING IN DIE BEPLANNINGSGEBIED, 1990

GEBIED		GERAAAMDE BEVOLKING	% VAN BEPLANNINGSGEBIED
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA			
STREEK G :	Warmbad	44 506	3,0
	Waterberg (*)	75 893	5,2
	Thabazimbi	50 455	3,4
STREEK H :	Brits	90 917	6,2
STREEK J :	Rustenburg	104 108	7,1
BOPHUTHATSWANA			
STREEK H :	Moretele	326 051	22,1
	Odi	485 461	32,9
STREEK J :	Bafokeng	125 011	8,5
	Madikwe	56 100	3,8
	Mankwe	114 745	7,8
TOTALE BEPLANNINGSGEBIED		1 473 248	100,0
TOTALE SEKONDÊRE BEPLANNINGSGEBIED		1 428 362	96,9
TOTALE PRIMÊRE BEPLANNINGSGEBIED		44 886	3,1

BRONNE : Verwerk uit die Sentrale Statistiekdienste, 1985 en Departement van Ekonomiese Sake, Bophuthatswana, 1985

LET WEL : (*) Sluit die Ellisras-distrik in

Verstedelikingstendense

Wat die beplanningsgebied, en meer spesifiek die primêre beplanningsgebied, betref is daar min bewyse dat dit 'n netto opvanggebied van immigrasie as gevolg van die opheffing van toestromingsbeheer geword het. Gebaseer op die bevindings van die Econo-Demographic Information System (EDIS), mag die beplanningsgebied en sy omringende en aangrensende hinterland 'n uitvloeï van mense na ander gebiede ondervind - byvoorbeeld op die korttermyn tot 1995 na Ontwikkelingstreek H. Die groot belegging in mynbou-aktiwiteite in die primêre beplanningsgebied loop tans uit op 'n invloei van mense wat, benewens die ander natuurlike groeifaktore, as die belangrikste stukrag vir bevolkingsgroei beskou word.

Stedelike sentra

Die PWV-kompleks is dié stedelike kompleks wat die grootste impak op die ruimtelike struktuur van die beplanningsgebied het. Vanweë die hoë vlak van ekonomiese ontwikkeling in die PWV-kompleks, sluit die

invloedsfeer van hierdie kompleks tans die hele Suider-Afrika in. Die beïnvloedingsgraad is egter die hoogste in die mees onmiddellike omringende substreke, wat dan ook die primêre beplanningsgebied omvat.

Huidige tendense dui daarop dat daar sterk ruimtelik-ekonomiese kragte werksaam is wat 'n uitwerking op die uitbreidingsrigting van die PWV-kompleks het, veral 'n noordwaartse groei in die rigting van die **primêre beplanningsgebied**. Hierdie tendens van noordwaartse uitbreiding van die PWV-kompleks, sal die ruimtelike struktuur van die suidelike gedeelte van die beplanningsgebied versterk sodat hierdie direkte invloedsfeer selfs toe nader aan die primêre beplanningsgebied sal strek.

Ander stedelike gebiede wat die beplanningsgebied omring, sluit die volgende in:

- | | |
|-----------------|----------------|
| - Pietersburg | - Zeerust |
| - Koster | - Naboomspruit |
| - Potgietersrus | - Mmabatho. |

Hierdie stedelike gebiede is egter klein in vergelyking met die PWV-kompleks en het 'n beperkte impak op die ruimtelike struktuur van die beplanningsgebied.


2.2.3 EKONOMIESE TENDENSE IN DIE STREEK

Streekseksonomie

Die beplanningsgebied maak deel uit van die Ontwikkelingstreke G, H en J (sien Kaart 4). Ekonomiese groei in hierdie streke word met die nasionale groei in die Bruto Nasionale Produk van 1985 tot 1989 in Table 2.2 vergelyk.

Ontwikkelingstreke G dra relatief min tot die nasionale BNP by, slegs 3,9% tot dié van die land as geheel. Dit het egter 'n merkwaardige groei oor die periode van 1985 tot 1989 beleef wat hoofsaaklik aan verhoogde mynbou-aktiwiteite, landbou-ontwikkeling, asook gemeenskaps- en sosiale dienste-ontwikkeling toegeskryf kan word.

Ontwikkelingstreke H kan as die land se produksiehuus beskou word met 'n BGP-bydrae van sowat 40% tot die BNP in 1989. Alhoewel die gemiddelde werklike groeikoers van 1,6% tussen 1985 en 1989 laag vertoon, moet dit vertolk word teen die groot basis waarop dit van toepassing is, asook teen die agtergrond van 'n algemene lae nasionale ekonomiese groeitendens.



URBAN-ECON
Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum	1/90	Kaart nr.	4
Date		Map no	
Skaal	N.V.T		
Scale			

TABEL 2.2 : STREEKSBYDRAE TOT DIE BNP (1985 - 1989)

ONTWIKKELING- STREKE	% BYDRAE TOT BNP (teen huidige pryse)		% GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEI- KOERS (1985-pryse)
	1985	1989	
A	12,6	12,7	1,4
B	3,0	2,7	-0,4
C	6,3	5,6	-0,1
D	7,0	7,3	1,8
E	14,1	14,6	2,1
F	8,2	8,6	3,7
G (1)	3,6	3,9	4,9
H (1)	39,4	39,7	1,6
J (1)	5,8	4,9	-0,5
TOTAAL	100,0	100,0	1,7

BRON : OBSA, 1989

LET WEL : (1) Ontwikkelingstreke waarvan die beplanningsgebied deel uitmaak.

Ontwikkelingstreke J dra ook relatief min (4,9%) tot die nasionale ekonomie by. Hierdie streke het tussen 1985 en 1989 'n negatiewe groeikoers van ongeveer 0,5% ondervind.

Die nasionale gemiddelde per kapita BNP vir 1989 was sowat R5500. Die ooreenstemmende syfers vir Streke G, H en J was in die orde van R1766, R9756 en R5571 respektiewelik. Streke G se gemiddelde per kapita BNP is sowat 5,5 keer laer as dié van Streke H en meer as drie maal minder as die nasionale gemiddelde. Dit het egter 'n groei van 0,6% per jaar geregistreer vergeleke met die negatiewe nasionale groei van 1% in BNP per kapita van 1985 tot 1989. Die groei van 4,9% per jaar in die BNP vir Streke G, was vir hierdie groei in per kapita BNP verantwoordelik. Oor dieselfde periode het die bevolking met 'n gemiddeld van 4,4% per jaar toegeneem.

Die beplanningsgebied maak dus deel uit van groter gebiede wat deur diverse ekonomiese toestande, gedifferensieerde groeikoerse en wisselende bydraes tot die nasionale ekonomie gekenmerk word.

Ekonomiese struktuur van substreke

Vir die doel van hierdie analise word die ekonomiese strukture van die volgende distrikte vir die tydperk 1970 tot 1989 met mekaar vergelyk (sien Tabel 2.3):

- Thabazimbi
- Warmbad
- Waterberg (insluitende Ellisras).
- Brits
- Rustenburg

TABEL 2.3 : BGP-BYDRAE DEUR SOMMIGE DISTRIKTE IN DIE BEPLANNINGSGBIED (1970 TOT 1989)

DISTRIK	% BGP-BYDRAE (huidige faktor koste)		% VERANDERING	% GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEIKOERS (1985-pryse)
	1970	1989		
Thabazimbi	5,3	6,4	20,8	-0,04
Warmbad	6,6	7,8	18,2	1,53
Waterberg	8,9	12,2	37,1	4,77
Brits	13,7	23,6	72,3	4,45
Rustenburg	65,5	50,0	-23,7	-3,45
TOTAAL	100,0	100,0		-1,17

BRON : OBSA, 1989

Op die langtermyn tussen 1970 en 1989 het die substreek (wat sommige van die distrikte wat deel van die beplanningsgebied uitmaak, insluit) 'n negatiewe groeikoers van sowat -1,2% ondervind. Die bydrae van die Thabazimbi-distrik tot die BGP van die substreek was die laagste, teen 6,4% in 1989. Sedert 1970 het dié streek bydrae van 5,3% tot 6,4% in 1989 verbeter, wat 'n persentasietoename van sowat 20,8% oor dieselfde periode toon teen die agtergrond van 'n gemiddelde jaarlikse negatiewe groeikoers van 0,04%.

Die belangrikste struktuurveranderinge in die rol van die drie ekonomiese sektore per landdrosdistrik, word in Tabel 2.4 uiteengesit. Die volgende simbole word gebruik om beduidende veranderinge in die bydrae van 'n sektor tot die totale BGP per distrik van 1970 tot 1989 aan te dui:

- + : Verhoogde bydrae
- : Verminderde bydrae
- o : Relatiewe stabiele bydrae.

Die dominante ekonomiese aktiwiteite verteenwoordig daardie sektor wat ten minste 40% tot die totale BGP vir 1989 bygedra het.

TABEL 2.4 : EKONOMIESE STRUKTURELE VERANDERINGE PER DISTRIK

DISTRIK	PRIMÊRE SEKTOR	SEKONDÊRE SEKTOR	TERSIÊRE SEKTOR	DOMINANTE SEKTOR
Thabazimbi	-	+	+	Primêr
Warmbad	-	O	+	Tersiêr
Waterberg	+	+	-	Primêr
Brits	-	+	-	Sekondêr
Rustenburg	-	+	+	Primêr

Al vyf landdrosdistrikte het 'n beduidende verandering ondergaan wat die samestelling van hierdie hoof ekonomiese sektore aanbetref. Dit is belangrik om daarop te let dat beide die Thabazimbi- en Rustenburg-distrikte 'n afname in belangrikheid ten opsigte van die dominante ekonomiese sektor ondervind het.

Ontwikkelings-as


Vanaf die PWV-kompleks het drie ontwikkelings-asse, wat die beplanningsgebied kruis, ontstaan. Die belangrikste is die Pretoria/Brits/Thabazimbi/Ellisras-as. Hierdie ontwikkelings-as het 'n beduidende impak op die ruimtelike struktuur van die **primêre beplanningsgebied**. Tussen Pretoria en Brits is die ontwikkelings-as goed ontwikkel en versterk dit die ruimtelik-ekonomiese skakeling tussen genoemde twee stedelike gebiede. Die as van Brits na Northam vervul die rol van 'n relatief onontwikkelde vervoerkorridor. Tussen Northam en Thabazimbi neem die ontwikkelingsintensiteit drasties toe en akkommodeer dit meeste van die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied. Van Thabazimbi na Ellisras is die ontwikkelingsintensiteit weer laag.

'n Verdere sekondêre ontwikkelings-as het van Rustenburg na Heystekrand en Northam ontwikkel waar dit by die Pretoria/Brits/Thabazimbi/Ellisras-as aansluit. Hierdie as bied toegang tot hoof arbeidsbewegings wat tussen die noordelike en suidelike mynbou-aktiwiteite vloei.

Nywerheidsontwikkeling

In 'n poging om 'n meer eweredige verspreiding van ekonomiese bydrywighede in die land te bewerkstellig, het die Regering sedert 1950 verskeie beleidsmaatreëls geformuleer om bevolkings- en nywerheidsontwikkeling in die minder ontwikkelde gebiede te stimuleer. Die jongste in dié verband is die Streeknywerheidsontwikkelingsprogram (SNOP) wat gedurende 1991 deur die Ekonomiese Gemeenskap van Suider-Afrika aangeneem is. Binne die raamwerk van hierdie beleid, kwalifiseer die primêre beplanningsgebied vir die volle aansporingspakket. Die vorige desentralisasieprogram (1982) het ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied van aansporingskemas (sien Kaart 5) uitgesluit. Nywerheidsontwikkeling onder die 1982-program het in die volgende gebiede plaasgevind.

- Brits : Dekonsentrasiepunt
- Babelegi : Dekonsentrasiepunt



NYWERHEIDSGEBIEDE

- ▲ NYWERHEIDSONTWIKKELINGSPUNTE
- DEKONSENTRASIEPUNTE



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum Date	9/90	Kaart nr Map no	5
Skaal Scale	N.V.T		

- Ga-Rankuwa : Dekonsentrasiepunt
- Mogwase : Nywerheidsontwikkelingspunt.

2.2.4 BELEIDSAKE EN STRATEGIEë WAT EKONOMIESE ONTWIKKELING RAAK

'n Aantal beleidsake wat beide die huidige en die toekomstige ontwikkeling van die land raak, is gedurende die afgelope paar jaar geformuleer. Die belangrikste en algemeen bekendste beleidsmaatreëls sal kortliks in die volgende paragrawe uitgelig word. Daar moet ook besef word dat hierdie beleidsake midde-in die konstitusionele hervormingsproses geïmplementeer word en mag dus op die korttermyn gewysig word.

Die Streeksontwikkelingsbeleid

Die hoofdoelwitte van die nuwe streekontwikkelingsbeleid is om 'n meer gebalanseerde verspreiding van ekonomiese bedrywighede in Suider-Afrika te bevorder, asook om elke ontwikkelingstreek in ooreenstemming met sy vergelykbare voordeel, hulpbrontensiaal sektorale samestelling en relatiewe ontwikkelingsbehoefte te ontwikkel.

Die belangrikste elemente van die streekontwikkelingsbeleid kan soos volg uiteengesit word:

- a) Die daarstelling van 'n ontwikkelingsbeplanningsproses vir elke streek.
- b) Die bevordering van stedelike en landelike ontwikkeling.
- c) Nywerheidsontwikkeling as 'n belangrike element van die multi-sektorale benadering.
- d) Kleinsake-ontwikkeling, wat spesiale aandag verdien.
- e) Die daarstelling en verspreiding van infrastrukturele fasiliteite.
- f) 'n Ondersoek na die institusionele organisasie van ontwikkelingsagente in die streke.

Die Witskrif oor Werkskepping

Die Witskrif oor Werkskepping is voorafgegaan deur ondersoeke oor die mannekrag situasie deur die Mannekragkommissie en die Ekonomiese Adviesraad. Dit weerspieël die Regering se reaksie ten opsigte van sy begeerte om werkloosheid te verminder. Beperkings op die geografiese mobiliteit van arbeid is opgehef, die streekontwikkelingsprogram moes na nie-vervaardigingsektore uitgebrei word en die skepping van poste in plaas van die blote herverdeling daarvan, moet beklemtoon word.

Die Bevolkingsontwikkelingsprogram

Die mikpunt van die Bevolkingsontwikkelingsprogram (BOP) is om die lewenstandaard en -kwaliteit van alle

mense in Suider-Afrika te verhoog deur bevolkingsaanwas te vertraag, sosiale en ekonomiese ontwikkeling te versnel, die gesondheid van alle bevolkingsgroepe te verbeter, asook om ordelike geografiese verspreiding en ontwikkeling in Suider-Afrika se landelike gebiede te verseker.

Die spesifieke doelwitte van die BOP is die volgende:

- a) 'n Demografiese bevolkingsmikpunt van 80 miljoen teen die einde van die volgende eeu.
- b) Die versnelling van die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe ten einde so gou as moontlik gelyke geleenthede vir ontwikkeling daar te stel.
- c) 'n Gemiddeld van twee kinders per vrou teen die jaar 2010.
- d) Bevordering van die basiese gesondheidsvlak tussen alle bevolkingsgroepe.
- e) Geordende geografiese verspreiding en ontwikkeling in die landelike gebiede.

Nasionale Streekontwikkelingsprogram

Die Departement van Streek- en Grondsake het die formulering van die Nasionale Streekontwikkelingsprogram (NSOP) voltooi volgens die riglyne van 'n geïntegreerde benadering wat op die bevordering van 'n meer billike verdeling van ekonomiese bedrywighede gebaseer was. Regeringsbeplanners spreek hierdie probleem vanuit 'n tweërlei perspektief aan, naamlik:

- a) 'n "Top-down"-benadering, waar die Sentrale Regering 'n standpunt betreffende ontwikkeling sal stel soos wat dit die land in geheel asook enige spesifieke streek sal raak.
- b) 'n "Bottom-up"-benadering om op 'n sistematiese wyse insette en kundigheid vanaf streekgemeenskappe en plaaslike belangegroepes te bekom wat op hulle eie ondervinding gebaseer is.

Na verwagting sal die NSOP die meeste van die bestaande beleidstandpunte en strategieë (d.i. BOP) op konstitusionele, demografiese, sosiale, ekonomiese en fisiese vlakke vervang.

Beleid betreffende die vestiging van myndorpe

Die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) volg 'n gedifferensieerde beleid met betrekking tot die vestiging van mynboubedrywighede en hul personeel. Mynboubedrywighede en hul personeel moet sover as moontlik binne die bestaande stedelike gebiede gevestig word. Wanneer dit, weens die aard en behoeftes van die mynboubedryf, onmoontlik is, word 'n beleid gevolg om dorpe met 'n streekfunksie te stig wat boonop die hiërargie van ander dorpe in die substreek komplimenteer. In omstandighede waar geeneen van hierdie alternatiewe moontlik is nie, mag private dorpe gestig word, onderworpe aan die voorwaardes soos deur die TPA neergelê. Die riglyne wat die TPA volg, is onder andere:

- Dit is nie wenslik om behuising vir mynperoneel binne 25 km van bestaande dorpe te voorsien nie.
- Dit is aanvaarbaar dat behuising vir sleutelpersoneel op die mynperseel voorsien word.

- Dit is wenslik dat huise vir ander personeel (met uitsluiting van sleutelpersoneel) in nabygeleë dorpe voorsien word.

2.3 GEVOLGTREKKING

Die reusagtige hoeveelheid beskikbare minerale hulpbronne het nie net in Streek G as geheel nie, maar ook in die beplanningsgebied 'n groot ontwikkelingspotensiaal. Die kommerwekkend dat die internasionale toneel tans nie so gunstig vertolk word nie. Die uitdaging is egter geleë in effektiewe konstitusionele hervormingsinisiatiewe, in mynmaatskappye wat meer koste-effektiewe tegnologie moet inbring om produksiekoste te verlaag, asook in 'n toenemende bewuswording van die effek wat mynbouwerkzaamhede op die natuurlike omgewing het.

Vanuit 'n ruimtelik-strukturele en 'n bevolkingsvestigingsoogpunt, word die beplanningsgebied as 'n relatief onontwikkelde substreek met 'n hulpbronnepotensiaal beskou. Daar is sterk ruimtelik-ekonomiese bande tussen die beplanningsgebied en die PWV-kompleks. Die beplanningsgebied word egter in die suide begrens deur gebiede met groot bevolkings en gevestigde nywerhede, asook ander ekonomiese ontwikkelings. Dit, tesame met die ryk minerale hulpbronne in die primêre beplanningsgebied, hou groot moontlikhede vir die substreek se toekomstige ekonomiese ontwikkeling in.

Ontwikkelingsinisiatiewe, aksies en beleid moet egter daarop gerig wees om bestaande skakeling met die primêre beplanningsgebied verder uit te brei en om sodoende 'n funksionele ekonomiese samehang tussen die primêre en sekondêre beplanningsgebiede, asook tussen hierdie gebiede en die PWV-kompleks te werkstellig.

AFDELING 3 : SITUASIE-ANALISE

Hierdie afdeling bestaan uit drie onderafdelings, te wete ekonomiese, ruimtelike en sosiale ontwikkeling. Elke onderafdeling word verder soos volg onderverdeel:

a) Ekonomiese ontwikkeling

- Ontwikkeling van menslike hulpbronne
- Besigheids- en entrepreneursontwikkeling
- Landelike en landbou-ontwikkeling.

b) Ruimtelike ontwikkeling

- Stedelike ontwikkeling
- Ontwikkeling van grootmaat-infrastruktuur.

c) Sosiale ontwikkeling

- Sosiale dienste
- Openbare orde en veiligheid
- Omgewingsaspekte.

3.1 EKONOMIESE ONTWIKKELING

Die mikpunt van hierdie onderafdeling is om 'n profiel van die menslike hulpbronne asook van besigheids-, landelike en landbou-ontwikkeling te trek omdat dit belangrike elemente van ekonomiese ontwikkeling in die beplanningsgebied uitmaak.

3.1.1 ONTWIKKELING VAN MENSLIKE HULPBRONNE

Bevolkingsverspreiding

Die geografiese verspreiding van die bevolking word in Tabel 3.1 uiteengesit waar daar tussen die volgende

geografiese gebiede (sien Kaart 6) onderskei word:

- Sentrale gebied
- Suidoostelike gebied
- Suidwestelike gebied.
- Noordwestelike gebied
- Noordoostelike gebied

Meer as 87% van die hoë-inkomegroep in die **primêre beplanningsgebied** is in die sentrale gebied woonagtig. Dié gebied sluit Thabazimbi, Northam asook al die myndorpie in die distrik (behalwe Dwaalboom waar mynbou nog nie begin het nie) in. As gevolg van die teenwoordigheid van groot getalle manlike trekarbeiders van elders op die subkontinent, is sowat 73% mans uit die lae-inkomegroep en sowat 51% vrouens uit die lae-inkomegroep in die sentrale gebied woonagtig. Die res van die gebied word gekenmerk deur landboubedrywigheide en is yl bewoon. Na raming word sowat 30% van die plaasgrond deur permanente boere geokkupeer. Die suidwestelike gedeelte huisves 8,2% van die gebied se bevolking, die suidoostelike gebied 8,0%, die noordwestelike gedeelte 7,4% en die noordoostelike deel slegs 5,3%.


TABEL 3.1 : GERAAMDE BEVOLKING VAN DIE PRIMÊRE BEPLANNINGSGBIED, 1990

GEBIED	GERAAMDE BEVOLKING				TOTAAL	PERSENTASIE VERSPREIDING				TOTAAL
	BLANKES	KLEUR- LINGE	ASIADE	SWAR- TES		BLANKES	KLEUR- LINGE	ASIADE	SWAR- TES	
SENTRALE GEBIED:	8 426	67	12	23 355	31 859	87,4	31,0	83,7	66,7	71,0
Thabazimbi	4 062	25	0	5 880	9 967	42,1	11,7	0,0	16,8	22,2
Northam	323	0	2	205	530	3,4	0,0	16,3	0,6	1,2
Swartklip	1 806	8	4	4 523	6 341	18,7	3,6	24,4	12,9	14,1
Amandelbult	573	2	6	5 933	6 514	5,9	1,0	43,0	16,9	14,5
Middeeldrift	870	0	0	1 305	2 175	9,0	0,0	0,0	3,7	4,8
Chromite	0	0	0	146	146	0,0	0,0	0,0	0,4	0,3
Timeball	0	0	0	160	160	0,0	0,0	0,0	0,5	0,4
Res van die sentrale gebied	791	32	0	5 203	6 026	8,2	14,7	0,0	14,9	13,4
SUIDOOS	267	32	0	3 309	3 608	2,8	14,7	0,0	9,4	8,0
SUIDWES	487	104	0	3 106	3 696	5,1	48,2	0,0	8,9	8,2
NOORDWES	294	7	2	3 032	3 335	3,0	3,0	16,3	8,7	7,4
NOORDOOS	166	7	0	2 216	2 388	1,7	3,0	0,0	6,3	5,3
TOTAAL	9 639	216	14	35 017	44 886	100,0	100,0	100,0	100,0	100,0

BRON : Verwerking van Sentrale Statistiekdienste, statistiek (1985) asook inligting verskaf deur plaaslike owerhede en mynmaatskappye.

Verstedeliking

Die huidige stedelike bevolking in die beplanningsgebied word op sowat 20% van die totale bevolking geraam. Die ooreenstemmende syfer vir die **primêre beplanningsgebied** word in die orde van 62,4% van hierdie gebied se bevolking geraam. Stedelike bevolking in hierdie sin verwys na mense in 'n gebied waar daar die een of ander vorm van plaaslike owerheid bestaan, asook na mense wat in myndorpe wat deur 'n mynmaatskappy beheer word, woonagtig is.



PRIMÊRE BEPLANNINGSGEBIED - BEVOLKINGSVERSPREIDING



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum Date	9 / 90	Kaart nr. Map no	6
Skaal Scale	N.V.T.		

Groeitendense

Tussen 1985 en 1990 het die totale bevolking van die primêre beplanningsgebied met slegs 1,3% per jaar toegeneem. Terwyl die lae-inkomegroep 'n gemiddelde groeikoers van 1,6% per jaar gehandhaaf het, het die hoë-inkomegroep met 'n skrale 0,2% per jaar toegeneem. Die relatiewe aandeel van die hoë-inkomegroep met betrekking tot die bevolking van die primêre beplanningsgebied, toon dus 'n afwaartse tendens. Geoordeel op beskikbare inligting, was hierdie relatiewe daling hoofsaaklik aan veranderings in die landbousektor te wyte. 'n Neiging het ontstaan om gedeeltes van plase aan stedelinge te verkoop en hierdie afwesige grondeienaars het die grond vir private vakansiedoeleindes in plaas van vir landbouproduksie gebruik. Dit loop dan uit op 'n verlies van werkgeleenthede wat plaaswerkers noop om die gebied te verlaat.

Aanduidings is egter dat verhoogde mynboubedrywighede gedurende 1989 en 1990 tot 'n relatiewe skerp styging in bevolkingsgetalle gelei het. Alhoewel hierdie groei in die 1,3% groeikoers tussen 1985 en 1990 vevat is, het die grootste gedeelte van die werklike groei gedurende 1988 en 1990 plaasgevind.

Bevolkingsamestelling

Die algemene tendens van 1985 tot 1990 dui op marginale verandering in die bevolkingsamestelling en vir alle praktiese doeleindes word dit as relatief konstant beskou. Die hoë-inkomegroep het, as 'n persentasie van die bevolking van die primêre beplanningsgebied, van 22,7% in 1985 tot 21,5% in 1990 verminder, terwyl die lae-inkomegroep 'n toename van 76,7% tot 77,9% ondervind het. Die Kleurling- en Asiatiese bevolking het relatief onveranderd gebly.

Geslagsverspreiding


Die geslagsamestelling van die bevolking van die beplanningsgebied as 'n geheel, is redelik normaal, terwyl dié van die **primêre beplanningsgebied** 'n uitsondering betreffende die lae-inkomegroep is (sien Diagram 1). Die huidige groot getal manlike trekwerkers het 'n manlik/vroulik verhouding van 1:0,51 in die gebied tot gevolg. In die geval van die hoë-inkomegroepe, Kleurlinge en Asiatiese bevolkingsgroepe, is die koers gelyke aan die normale 1:1 omdat die meeste van hierdie groepe binne gesinsverband gevestig is.

Ouderdomsverspreiding


In Table 3.2 word die ouderdomsverspreiding van die bevolking in die **primêre beplanningsgebied** met dié in die sekondêre en totale beplanningsgebiede vergelyk.

DIAGRAM 1 : GESLAGS- EN OUDERDOMS- VERSPREIDING PRIMÊRE BEPLANNINGSGBIED

BLANKE BEVOLKINGSGROEP



SWART BEVOLKINGSGROEP



TABEL 3.2 : GERAAMDE OUDERDOMSVERSPREIDING IN DIE BEPLANNINGSGBIED
(PERSENTASIE - 1990)

GEBIED	OUDERDOMSGROEP (JARE)				TOTAAL
	0 - 4	5 - 19	20 - 64	65 +	
PRIMÊRE BEPLANNINGSGEBIED					
Blankes	11,1	29,3	54,7	4,9	100,0
Swartes	8,4	22,4	67,2	2,0	100,0
SUBTOTAAL	9,1	23,9	64,3	2,7	100,0
SEKONDÊRE BEPLANNINGSGEBIED					
Blankes	9,6	31,1	52,0	7,3	100,0
Swartes	12,6	35,5	47,6	4,3	100,0
SUBTOTAAL	12,3	35,2	47,9	4,6	100,0
TOTAAL					
Blankes	9,6	31,1	52,0	7,3	100,0
Swartes	12,6	35,5	47,6	4,3	100,0
GROOT TOTAAL	12,2	34,8	48,5	4,5	100,0

BRON : Verwerking van Sentrale Statistiekdienste, statistiek (1985)

Die volwasse lae-inkomegroep (20 jaar en ouer) verteenwoordig 69,2% van die lae-inkomegroep, welke syfer aansienlik hoër as die gemiddeld vir die totale beplanningsgebied asook die nasionale norm is. Hierdie tendens word toegeskryf aan die hoë konsentrasie van mynwerkers binne die ouderdomsgroep 20 tot 64 jaar tesame met die feit dat die meeste van hulle as enkellopend (sonder hul gesinne) gehuisves word. Diegene in die ouderdomsgroep 5 tot 19 jaar, verteenwoordig 22,4% van die lae-inkomegroep. Hierdie syfer is aansienlik laer as die gemiddeld van 35,5% in hierdie ouderdomskategorie vir die totale primêre beplanningsgebied.

Die hoë-inkomegroep vertoon 'n effens hoër as die gemiddelde bevolkingsverspreiding in die ouderdomsgroepe onder 4 en tussen 20 en 64 jaar oud. Hierdie neiging is tipies van 'n relatiewe jong gemeenskapsamestelling.

Opleidingsprofiel

Die opleidingsprofiel van die bevolking in die primêre beplanningsgebied word in Tabel 3.3 uiteengesit. Hierdie profiel vertoon die algemene tendens en verteenwoordig nie die omstandighede by 'n spesifieke myn of myngroep nie.

TABEL 3.3 : GERAAMDE BEVOLKING VOLGENS DIE OPLEIDINGSPEIL IN DIE PRIMÊRE BEPLANNINGS-
GEBIED (PERSENTASIE - 1990)

BEVOLKING- GROEP	PERSENTASIEVERSPREIDING										TOTAAL
	GEEN	ONDER STD 6	STD 6	STD 7	STD 8	STD 9	STD 10	DIPLOMA MET -		GRAAD	
								STD 9 & LAER	STD 10		
Hoë-inkome											
T	16,6	19,1	7,9	4,1	18,7	5,6	16,0	2,1	7,2	2,7	100,0
M	16,1	19,1	7,4	4,0	16,5	6,4	16,7	2,7	7,2	3,8	100,0
V	17,0	19,2	8,3	4,2	21,0	4,9	15,3	1,4	7,2	1,6	100,0
Lae-inkome											
T	41,5	45,4	5,8	2,8	2,7	0,8	0,8	0,1	0,1	0,0	100,0
M	38,2	46,6	6,6	3,3	3,3	1,0	0,9	0,0	0,1	0,0	100,0
V	49,3	42,7	3,9	1,4	1,5	0,3	0,5	0,2	0,1	0,0	100,0
TOTAAL											
T	36,1	39,7	6,3	3,1	6,2	1,9	4,1	0,5	1,6	0,6	100,0
M	34,5	42,0	6,8	3,4	5,4	1,9	3,5	0,5	1,2	0,6	100,0
V	39,1	35,2	5,3	2,3	7,7	1,8	5,2	0,5	2,4	0,5	100,0

BRON : Verwerking van Sentrale Statistiekdienste, statistiek (1985)

Hoë-inkomegroep: Sowat 17% van die bevolking het geen opleiding ondergaan nie, terwyl sowat 11,1% onder die ouderdom van 5 is en derhalwe nog geen formele opleiding kon ondergaan nie. Meer as 71% het opleiding tot en met standerd 10 gehad en sowat 12% is in besit van 'n diploma of 'n graad.

Lae-inkomegroep: Na raming is 41,5% van die bevolking nooit aan opleiding blootgestel nie. Sowat 8,4% van die bevolking in onder 5 jaar oud en dit impliseer dat 'n substansiële gedeelte van die bevolking geen formele opleiding ondergaan het nie. Diegene wat opleiding tot en met standerd 10-vlak gehad het, verteenwoordig sowat 58% van die bevolking, terwyl diegene met 'n diploma of graad, minder as 1% van die bevolking verteenwoordig.

Ontwikkelingsprognose

Die primêre beplanningsgebied kan as 'n gebied bestempel word wat die meeste van sy menslike hulpbronne op 'n semi-permanente basis bekom. Die primêre beplanningsgebied het dus weinig beheer oor die aard en kwaliteit van hierdie noodsaaklike ontwikkelingshulpbron. Aanpassings in regeringsbeleid bied nou die moontlikheid dat mense wat tot dusver op 'n semi-permanente basis in die gebied gebly het, nou op 'n permanente grondslag gevestig kan word. Die gevolg is dat die behoefte nou ontstaan dat sodanige mense op 'n ordelike wyse geakkommodeer moet word.

3.1.2 BESIGHEIDS- EN ENTREPRENEURSONTWIKKELING

Die hoofdoelwit van hierdie afdeling is om die aard en omvang van besigheidsontwikkeling in die beplanningsgebied te bepaal - en meer spesifiek in die primêre beplanningsgebied.

Plaaslike ekonomiese profiel

Die ekonomiese struktuur met betrekking tot nywerhede in 1970 en in 1990 word in Tabel 3.4 vergelyk.

TABEL 3.4 : EKONOMIESE STRUKTUUR VAN DIE PRIMÊRE BEPLANNINGSGBIED, 1970 EN 1990 (% BGP)

NYWERHEID	% BGP (huidige faktor koste)		% VERANDERING IN BYDRAE
	1970	1990	
Landbou	24,5	18,9	- 1,1
Mynbou	52,7	61,9	0,9
PRIMÊRE SEKTOR	77,2	80,8	0,2
Vervaardiging	0,7	3,6	20,7
Elektrisiteit, gas, water	0,6	1,5	7,5
Konstruksie	0,1	3,3	160,0
SEKONDÊRE SEKTOR	1,4	8,4	25,0
Kleinhandel	6,2	5,4	- 0,7
Vervoer	5,3	2,4	- 2,7
Finansies	0,6	1,4	6,7
Dienste	9,3	1,8	- 4,0
TERSÊRE SEKTOR	21,4	10,8	- 2,5
TOTAAL	100,0	100,0	

BRON : OBSA, 1990

Totale BGP: Die ekonomie het basies geen groei oor die 20 jaar periode (1970 tot 1990) vertoon nie. Die gemiddelde groei word op ongeveer -0,04% per jaar oor die genoemde periode geraam. Tussen 1982 en 1984 het die groeikoers 'n laagtepunt van -16,8% bereik, waarna dit tot 'n gemiddeld van 8,2% per jaar tussen 1984 en 1990 toegeneem het. Dit het op beduidende veranderinge in die ekonomie strukturele samestelling uitgeloop.

Primêre sektor: Volgens die BGP-skattings, het die landbou 'n afname in sy bydrae tot die plaaslike ekonomie vertoon - van 24,5% in 1970 tot 18,9% in 1990. Die bydrae vanaf mynboubedrywe, daarteenoor, het van 52,7% tot 61,9% toegeneem. Gedurende die 20 jaar periode het hierdie toename 'n groot strukturele verandering in primêre sektor-aktiwiteite bewerkstellig.

Sekondêre sektor: Die bydraes van sekondêre ekonomiese aktiwiteite tot die plaaslike ekonomiese aktiwiteit is van sowat 1,4% in 1970 tot 8,4% in 1990 opgestoot. Gesien teen die agtergrond van kragtige plaaslike mynbou- en landboubedrywe, is die relatiewe lae vlak van vervaardigingsbedrywe baie kommerwekkend, juis vanweë die groot nywerheidsontwikkelingspotensiaal wat deur hierdie aktiwiteite geskep word.

Met die Matimba-kragstasie feitlik op die grens van die primêre beplanningsgebied vanwaar die meeste van dié streek se toekomstige elektrisiteitsbehoefte voorsien sal word, bestaan daar twyfel of die elektrisiteitsnywerheid se rol noemenswaardig in die toekoms ten opsigte van die beplanningsgebied sal toeneem.

Konstruksiebedrywighede het 'n toename in sy bydrae tot die ekonomie geregistreer wat hoofsaaklik in hierdie periode verband gehou het met die oprigting van die PPC-fabriek naby Dwaalboom.

Tersiêre sektor: Die tersiêre sektor verteenwoordig die tweede grootste enkele ekonomiese aktiwiteit in die beplanningsgebied. Tussen 1970 en 1990 het hierdie sektor ook drastiese strukturele veranderinge ondergaan. Die bydraes vanaf tersiêre aktiwiteite tot die totale ekonomie, het van 21,4% in 1970 tot ongeveer 11% in 1990 afgeneem.

Relatiewe verskeidenheid van ekonomiese aktiwiteite

Ten einde 'n perspektief ten opsigte van die relatiewe verskeidenheid van ekonomiese aktiwiteite in die Thabazimbi-distrik in vergelyking met die ander distrikte daar te stel, is Tress-statistieke bereken. Tress-statistieke gee 'n aanduiding van die graad van ekonomiese diversiteit in die distrikte. Hoe hoër die Tress-getal, hoe laer is die graad van ekonomiese diversiteit.

Tabel 3.5 weerspieël die Tress-statistieke wat vir die RSA-distrikte wat deel van die beplanningsgebied uitmaak, bereken is.

TABEL 3.5 : RSA-DISTRIKTE BINNE DIE BEPLANNINGSGBIED : TRESS-STATISTIEKE VAN BGP PER SEKTOR TEEN HUIDIGE FAKTOR KOSTES - 1989

DISTRIKTE	TRESS- STATISTIEKE	RANGORDE
Thabazimbi	731,1	4
Warmbad	709,2	2
Waterberg	664,6	1
Brits	738,6	5
Rustenburg	718,3	3
SUBSTREEK	669,2	

Uit Tabel 3.5 kan afgelei word dat die Waterberg- en Warmbad-distrikte vergelykenderwys oor die mees gediversifiseerde ekonomiese strukture beskik, terwyl die Brits-distrik die kleinste gediversifiseerde struktuur het. Die Thabazimbi-distrik word as die vierde meeste gediversifiseerde struktuur in die substreek-ekonomie gereken.

Indiensneming

Op Tabel 3.6 word die ekonomies aktiewe bevolking van die primêre beplanningsgebied van 1980 tot 1990 aangetoon. Gedurende hierdie periode het die ekonomies-aktiewe bevolking 'n gemiddelde jaarlikse groei

van sowat 1% per jaar ondervind. Die mynbousektor was vir die grootste toename verantwoordelik - met sowat 2560 nuwe werkgeleenthede. Elektrisiteit het 'n relatiewe groot toename in werkgeleenthede ondervind, as gevolg van die oprigting van Eskom se takkantoor in Thabazimbi.

TABEL 3.6 : INDIENSNEMINGSPROFIEL VAN DIE PRIMÊRE BEPLANNINGS-
GEBIED (1980 - 1990)

NYWERHEID	1980	% GROEI p.j.	1990
Landbou	5 194	-2,3	4 108
Mynbou	14 930	1,6	17 490
Vervaardiging	174	7,2	350
Elektrisiteit	12	32,9	207
Konstruksie	1 902	-1,0	1 720
Kleinhandel	635	2,7	829
Vervoer	428	1,2	480
Finansiering	120	5,3	201
Dienste	645	0,1	650
Aktief	24 040	0,8	26 035
(%)	59,6		58,0
Nie-aktief	16 300	1,5	18 851
(%)	40,4		42,0
TOTAAL	40 340	1,1	44 886
Afhanklikes per arbeider	0,68	-	

BRONNE : Sentrale Statistiekdienste, Verslag no. 02-08-08, 1985
Sentrale Statistiekdienste, Verslag no. 02-85-03, 1986

Mynbou: Mynbou is sonder twyfel die dominante ekonomiese aktiwiteit in die primêre beplanningsgebied. Een derde van die totale bevolking en meer as helfte van die ekonomies aktiewe persone in hierdie gebied, is by mynbou betrokke.

Die mynboubedrywighe in die Thabazimbi/Northam-gebied is uiteenlopend (sien Tabel 3.7), maar platinum is tans dominant. Filiaatmaatskappy van Rustenburg Platinum, Johannesburg Consolidated Investments (JCI), bedryf tans twee platinummyne in die gebied, te wete die Union Section by Swartklip en die Amandelbult Section. Goldfields ontwikkel tans die nuwe Northam-platinummyne op die plaas Middeldrift. Yskor bedryf reeds jare lank beide 'n ondergrondse en 'n oopgroef-ysterertsmyne by Thabazimbi.

Die Rhino Andalusite Myn is suidwes van Thabazimbi geleë en die Chromite-chroommyne ietwat verder suid. Die Rooiberg- en Leeupoorttinmyne is net buite die primêre beplanningsgebied in die Warmbad-distrik geleë. Pretoria Portland Cement het 'n sementfabriek by Dwaalboom opgerig wat in die suidwestelike gedeelte van die primêre beplanningsgebied geleë is. Kalksteen gaan aldaar gemyn word.

TABEL 3.7 : HOOFTEENDENSE IN DIE MYNBOUBEDRYF - 1990

MYN	MINERAAL/ PRODUK	LEWENSVERWAG- TING (JARE)	OPMERKINGS
YSKOR	Ystererts	+ 20	In die proses van meganisering
RHINO ANDALUSITE	Andalusiet	N/B	Relatief klein, bedryf besnoei
CHROMITE	Chroom	N/B	Relatief klein, bedryf besnoei
AMANDELBULT	Platinum	80	Konstante produksie vir die volgende 2 tot 4 jaar
UNION SECTION	Platinum	40	Konstante produksie vir die volgende 2 tot 4 jaar
NORTHAM PLATINUM	Platinum	80	Binne twee jaar in volle bedryf, affinering op perseel, uitbreidingsrigting suidwaarts
PPC-FABRIEK	Kalksteen	N/B	Nog nie bedryf nie

BRON : Thabazimbi/Northam - beplanningstudiewerkgroep, 1990

LET WEL : n/b = Nie beskikbaar

Mynmaatskappye is verantwoordelik vir groot hoeveelhede voorrade wat teen hul kapitaal- en bedryfskosterekening gedebiteer word. Aangesien sodanige inligting met betrekking tot individuele myne en mynmaatskappye vertroulik is, word slegs die breë tendense in Tabel 3.8 uiteengesit.

TABEL 3.8 : TENDENSE IN DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE BESTEDING OP VOORRADE (PERSENTASIE, 1989)

VOORRADE	% BESTEDING
Ventilasie	3,0
Chemikalieë	7,0
Staal toerusting	2,4
Plofstowwe	15,1
Smering	1,3
Voedsel	4,1
Hout	4,4
Pypwerk	5,9
Onderdele/Gereedskap	14,1
Elektriese toerusting	10,9
Hegstukke	2,2
Masjinerie	12,1
Boumateriale	8,2
Ander	9,4
TOTAAL	100,0

BRON : Verwerk uit inligting wat van mynmaatskappye verkry is, 1990

Die totale jaarlikse bedrag wat in 1989 op voorrade spandeer is, word op sowat R300 miljoen geraam. Tabel 3.9 gee 'n lys van die geografiese liggings van die belangrikste verskaffers waarvan die mynmaatskappye gebruikmaak.

TABEL 3.9 : PERSENTASIE VERSPREIDING VAN AANKOPE PER GEBIED, 1989

GEBIED	% VAN BRUTO WAARDE
PWV-Komplex	73,9
Rustenburg	5,3
Ander metropolitaanse areas	6,7
Bophuthatswana	5,2
Primêre beplanningsgebied	3,8
Ander	5,1
TOTAAL	100,0

BRON : Verwerk uit inligting wat van mynmaatskappye verkry is, 1990

Die groot lekkasie na voorraadverskaffers in die PWV-kompleks, blyk duidelik uit Tabel 3.9. Die merendeel van die voorrade (73,9%) word onder andere in Johannesburg, Pretoria, Midrand, Randfontein en Vanderbijlpark aangekoop. Mynboubedryghede ondersteun plaaslike ekonomiese aktiwiteite teen 'n koers sowat 3,8% van hul totale besteding aan voorrade. Die volgende verskaffingspatrone is geïdentifiseer:

- Northam (boumateriaal)
- Koedoeskop (groente)
- Thabazimbi (mielies, mynvoorrade, bande en glas)
- Swartklip (voedsel)
- Rooiberg (vleis).

Vervaardiging

Vervaardiging is 'n relatief onbelangrike aktiwiteit in die primêre beplanningsgebied. Net meer as een persent van die ekonomies aktiewe bevolking is na raming betrokke by vervaardiging teenoor 12,5% in die sekondêre beplanningsarea. Die 1985-vervaardigingsensus noem slegs sewe vervaardigingsinstellings in die hele Thabazimbi-distrik, te wete drie voedselverwerkingsaanlegte, een meubelfabriek, 'n vervaardiger van nie-metaal minerale produkte (moontlik die sementfabriek by Dwaalboom wat nog nie operasioneel is nie), een verskaffer van gefabriseerde metaalprodukte, asook een fabriek wat motoronderdele en -toebehore vervaardig.

Alhoewel die huidige nywerheidsontwikkeling beperk is, bestaan daar 'n enorme uitbreidingspotensiaal, byvoorbeeld:

- a) Die Laer-Krokodil-besproeiingskema maak deel uit van die ontwikkelings-as tussen Thabazimbi en Northam en hou groot potensiaal in vir die kweek van vars produkte asook die ontwikkeling van agro-nywerhede.

- b) Die markte vir finale produkte wat deur die mynbou as sulks benodig word, bied 'n groot potensiaal vir die ontwikkeling van plaaslike nywerhede.
- c) Die uitwerking van sekondêre nywerhede op die totale plaaslike ekonomie in die vorm van relatiewe hoë inkomstes, asook die toename van werkgeleenthede, is goed bekend. Vleis- en groenteverwerking asook ingenieurswerkplase is maar twee voorbeelde van potensiële aktiwiteite wat vir die primêre beplanningsgebied 'n vergelykende voordeel kan inhou.
- d) Met die nuwe mynbou-ontwikkeling en die gepaardgaande verstedeliking, behoort markte vir hierdie tipe nywerhede, asook diens-georiënteerde nywerhede toe te neem. Op sy beurt bevat dit 'n groot potensiaal vir nuwe nywerheidsgrondgebruike in die primêre beplanningsgebied.

Elektrisiteit, gas en water

Besigheidsontwikkeling in hierdie industrie is relatief onbelangrik en slegs sowat 200 persone is ekonomies aktief in hierdie sektor. Hierdie sektor het egter 'n hoë groeikoers van 1980 tot 1990 ondervind. Hierdie stelling moet vertolk word teen die agtergrond van die klein basis van 12 ekonomies aktiewe persone in 1980 waaraan dit gemeet is.

Konstruksie

Die konstruksiebedryf is die vierde grootste besigheidsontwikkeling in die gebied en is vir sowat 7% van die werkgeleenthede wat plaaslik geskep word, verantwoordelik. Hierdie nywerheid is reeds vir 'n hele aantal jare redelik aktief in die Thabazimbi/Northam-gebied. Die sementfabriek en 'n diensdoende uitbreiding van die spoorlyn van Northam na Dwaalboom is gebou, die padnetwerk is opgegradeer, die grensgebied word deur Eskom geëlektrifiseer en die Northam-platinummyne is geopen. Desnieteenstaande het hierdie nywerheid 'n negatiewe groei beleef wat werkverskaffing aanbetref. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die meeste van hierdie konstruksieprojekte gespesialiseerde konstruksietegnologie benodig en gekwalifiseerde werkers moet dan van buite die primêre beplanningsgebied ingevoer word.

Handel

Sowat 830 of 3% van die ekonomies aktiewe bevolking van die primêre beplanningsgebied is by die kleinhandel, groothandel en motorhandel betrokke. Die ekonomies aktiewe bevolking wat in hierdie sektor werksaam is, dui op 'n gemiddelde jaarlikse groei van 2,7% van 1980 tot 1990. Ondernemings is beperk tot winkels van 'n laer orde soos 'n algemene handelaar, kafees, meubelwinkels, slagters, drankwinkels, apteke, asook takke van banke en motordiensstasies - ondernemings wat in die plaaslike bevolking se daaglikse behoeftes voorsien. Minder gereelde en duurder aankope word in Rustenburg, Pretoria en aan die Witwatersrand gedoen.

Die myne voorsien gereelde vervoer na hierdie sentra. Alhoewel mynwerkers relatiewe hoë salarisse verdien, spandeer hul die meeste van hul kontantinkome buite die primêre en selfs die sekondêre beplanningsgebied. Verder word 'n noemenswaardige gedeelte van die trekarbeiders se salarisse direk na hul onderskeie lande

van afkoms oorgeplaas.

Vervoer, berging en kommunikasie

Die vervoernywerheid het 'n relatiewe lae groeikoers van sowat 1,2% per jaar van 1980 tot 1990 ondervind. Aktiwiteite soos die vervoer van vrag per spoor of per pad het afgeneem as gevolg van laer produksie en 'n relatiewe lae gemiddelde bevolkingsgroeikoers wat op sy beurt minder verbruikersgoedere vra, ens. Gedurende hierdie tydperk het die voormalige Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (SAVD) passasiersvervoerdienste opgeskort wat nog meer aanleiding daartoe gegee het dat die aantal ekonomies aktiewe mense wat in hierdie sektor arbeidsaam was, verminder het.

Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste

Sowat 200 of 0,8% van die ekonomies aktiewe bevolking van die primêre beplanningsgebied is betrokke by finansies, versekering, vaste eiendomme asook besigheidsdienste. Hierdie nywerheid het 'n groeikoerstoenname rondom aktiwiteite getoon. Die ekonomiese aktiewe bevolking wat in hierdie sektor in diens is, het van 120 in 1980 tot 201 in 1990 toegeneem.

Huidige eiendomsontwikkeling in die Thabazimbi/Northam-gebied word meestal deur myne op myngrond onderneem. Omdat huise en besighede feitlik sonder uitsondering die eiendom van die myne bly en slegs aan bewoners en besighede verhuur word, is die eiendomsmark in die myndorpe nie aktief nie. Hierbenewens word baie huise in Thabazimbi deur mynmaatskappye besit en daar is selde verwisseling van eienaarskap.

'n Nuwe dorp van 100 ha vir die lae-inkomegroep word by Northam opgemeet. Werk aan 'n nuwe winkelsentrum by hierdie dorp het reeds begin. Dorpsontwikkeling vir lae-inkomegroepe in Thabazimbi is in 'n gevorderde stadium en dit mag 'n positiewe uitwerking op die vaste eiendomsmark in die nabye toekoms hê.

Gemeenskaps-, sosiale en persoonlike dienste

Plaaslike administrasie, stedelike, opvoedkundige, mediese en verwante gesondheidsorgdienste asook kulturele, persoonlike en huishoudelike dienste is relatief goed ontwikkel in die primêre beplanningsgebied.

Sowat 2,5% van die ekonomies aktiewe bevolking is by die dienste-sektor betrokke. Hierdie nywerheid het 'n klein toename van 0,1% per jaar in sy groeikoers tussen 1980 en 1990 ondervind en word as stabiel in verhouding met die ander sektore beskou.

Toerisme

Toeristefasiliteite in die primêre beplanningsgebied is redelik beperk en bestaan uit die Bosveld-vakansieoord (naby Northam), die Ben Alberts-natuurreservaat (naby Thabazimbi) en die Zimbati-mineraalbad en -oord wat noord van Thabazimbi geleë is. Thabazimbi en Northam het beide 'n hotel hoofsaaklik vir die sakeman.

Die baie wildplase word deur individuele jagters benut, eerder as wat dit vir gesinsvakansies gebruik word. Gedurende die uitgerekte droogte het baie boere 'n ekstra inkome uit jag gegenereer. Om te voorkom dat onervare jagters wild op jagtogte wond, begin al hoe meer boere wat wildsvleis aan stedelike markte lewer, nou liever van professionele jagters gebruik maak.

Werkloosheid

Werkloosheid kan gedefinieer word as die aantal persone tussen die ouderdomme van 19 en 64 jaar wat graag wil werk, maar nie werk kan kry nie. Die geraamde werkloosheid word in Tabel 3.10 aangedui.

TABEL 3.10 : GERAAMDE WERKLOOSHEID IN DIE PRIMÊRE BEPLANNINGSGBIED (1990)

PERSENTASIE VAN DIE BEVOLKING	BLANK	ANDER
% van ekonomies-aktiewe persone	7,1%	2,6%
% van totale bevolking	2,8%	1,7%

BRON : Verwerking van Sentrale Statistiekdienste, statistiek (1985)

Hierdie ramings is op geregistreerde werkloosheidsyfers gebaseer en mag baie hoër wees indien ongeregistreerde werkloosheid ingesluit sou word. Die algemene indruk wat uit die syfers verkry word, is dat werkloosheid in vergelyking met ander gebiede in Streek G nie so 'n ernstige probleem is nie. In die ander gebiede het die werkloosheidskoers 13% gedurende 1989 oorskry.

Werkloosheid in omringende gebiede

Die werkloosheidskoers in die Bophuthatswana-distrikte is selfs hoër as in die primêre beplanningsgebied self. Daar is bevind dat sowat 17% van die bevolking in die ouderdomsgroep 19 tot 64 jaar in sommige distrikte werk soek sonder sukses (Bophuthatswana, Departement van Ekonomiese Sake, 1990).

Arbeidsvloei

Trekarbeid, met ander woorde mense wat op 'n semi-permanente basis in die primêre beplanningsgebied werk, maak 'n relatiewe groot gedeelte van die totale arbeidsmag uit. Na raming is sowat 13000 of 46% van die ekonomies-aktiewe bevolking trekarbeiders.

'n Tipiese verspreiding van trekarbeid in een van die platinummyne en in die ystermyne in die primêre beplanningsgebied word in Tabel 3.11 aangetoon.

'n Groot komponent van die trekarbeid kom oorspronklik van Bophuthatswana, Lesotho, Lebowa en Mosambiek. Die arbeiders uit Bophuthatswana was hoofsaaklik van die Bafokeng- en Moretele-distrikte afkomstig. 'n Groot gedeelte van Bophuthatswana se bevolking is in die RSA werksaam (61%), maar van dié gedeelte het slegs 'n geringe deel noordwaarts na die primêre beplanningsgebied getrek. Na raming trek sowat 5% van die arbeiders wat oorspronklik uit Madikwe, Mankwe en Bafokeng afkomstig is en sowat 2% wat van Moretele afkomstig is, op 'n semi-permanente basis na die primêre beplanningsgebied. Die grootste

gedeelte van die totale trekarbeiders vanuit hierdie distrikte, vloei na Pretoria en Rustenburg en omstreke.

TABEL 3.11 : VERSPREIDING VAN TREKARBEID IN DIE MYNBOUSEKTOR, 1990

OORSPRONG	%VAN TOTAAL (Platinum)	% VAN TOTAAL (Yster)
RSA	10,8	34,0
Bophuthatswana	9,0	31,5
Botswana	1,3	2,2
Gazankulu	0,7	0,0
KwaZulu	1,0	0,5
Lebowa	9,2	26,7
Lesotho	35,4	0,1
Swaziland	2,1	0,0
Transkei	5,2	3,1
Mosambiek	15,4	0,0
Ander	9,9	1,9
TOTAAL	100,0	100,0

BRON : Statistiek deur mynmaatskappye verskaf, 1990

Plaaslike en eksterne markte

In 1985 was die totale persoonlike inkome in die Thabazimbi-distrik sowat R139 miljoen. Oorplasing vanaf die regering en besighede na individue in die distrik (byvoorbeeld betalings waarvoor geen teenprestasie gevra word nie) het byna R9 miljoen beloop, of 6,3% van die totaal (BMR, 1985). Persoonlike inkome in die sekondêre beplanningsgebied het R2036 miljoen beloop. Terwyl die primêre gebied 3% van die bevolking van die totale beplanningsgebied huisves, het hierdie gebied se inwoners byna 7% van die persoonlike inkome ontvang. Die persoonlike per kapita-inkome was dus baie hoër in die primêre as in die sekondêre gebied - die syfers was R2935 per jaar en R1560 per jaar onderskeidelik (sien Tabel 3.12).

TABEL 3.12 : TOTALE PERSOONLIKE INKOME (Rm), 1985

GEBIED	BLANKES	KLEURLINGE	ASIAAT	SWARTES	TOTAAL
Primêre beplanningsgebied	69,1	0,2	0,2	69,3	138,8
Sekondêre beplanningsgebied	785,4	8,2	14,2	1 228,1	2 035,9
GROOTTOTAAL	854,5	8,4	14,4	1 297,4	2 174,7

BRON VAN BASIESE DATA : Buro vir Marknavorsing, 1985

Bekwaamheidsvlakke

Die beplanningsgebied se bevolkingsverspreiding volgens beroepe word in Tabel 3.13 uiteengesit.

TABEL 3.13 : GERAAMDE BEVOLKING VOLGENS BEROEP (PERSENTASIE) 1990

BEROEP	PRIMÊRE BEPLANNINGSGBIED	SEKONDÊRE BEPLANNINGSGBIED	BEPLANNINGSGBIED
Professioneel/Tegnies	5,4	7,4	7,3
Besturend/Administratief	0,8	0,0	0,9
Klerklik/Verkope	4,2	9,5	9,2
Dienswerkers	11,6	17,2	16,9
Boerdery/Plaasarbeiders	25,1	14,3	14,9
Mynbou/Steengroefwerk/Produksie	47,1	41,7	42,0
Nie-geklassifiseerd	5,9	8,9	8,7
TOTAAL	100,0	100,0	100,0

BRONNE : Verwerking van Sentrale Statistiekdienste, statistiek (1985) en
Departement van Ekonomiese Sake, Bophuthatswana, 1985

Professionele en tegnies geskoolde mense verteenwoordig sowat 5,4% van die ekonomiese aktiewe bevolking in die primêre beplanningsgebied. Die meeste hoë-inkome ekonomie-aktiewe bevolkingsgroepe (32%) ressorteer onder hierdie kategorie. Slegs sowat 1,3% van die ander bevolkingsgroepe is professioneel of tegnies opgelei.

Mense wat mynbou-, steengroefwerk- en produk-georiënteerde opleiding het, verteenwoordig sowat 47% van die ekonomies-aktiewe bevolking in die primêre beplanningsgebied. Die ooreenstemmende syfer vir die totale beplanningsgebied is in die orde van 42%. Dit impliseer dat 'n relatief groot gedeelte van die mense met hierdie bekwaamhede in die primêre beplanningsgebied saamgetrek is. Meer as 50% van die ander bevolkingsgroepe en sowat 25% van die hoë-inkomegroepe in die primêre beplanningsgebied, is in hierdie kategorie geskool.

Boere en plaasarbeiders verteenwoordig ook 'n aansienlike gedeelte (25,1%) van die totale ekonomies-aktiewe bevolking. Sowat 13% en 27% van die ekonomies-aktiewe hoë-inkome- en ander bevolkingsgroepe is boere en plaasarbeiders.

Ontwikkelingsprognose

Die plaaslike ekonomie het 'n negatiewe langtermyn-groeikoers tussen 1970 en 1990 beleef. Die afgelope tien jaar is deur 'n negatiewe groei van 0,58% in die BGP gekenmerk, terwyl die ekonomies-aktiewe bevolking relatief konstant gebly het. Benewens mynbou en landbou, is die plaaslike ekonomiese struktuur betreklik onontwikkeld. Die belangrikste redes vir hierdie toedrag van sake is -

- klein bevolking en gevolglike klein markte;
- 'n groot lekkasie in besteebare inkome wat deur enkellopende mynwerkers verdien word; en
- groot lekkasies in koopkrag as gevolg van mynhuise wat hul voorrade buite die primêre beplanningsgebied aankoop.

Die meeste van hierdie faktore hou egter ontwikkelingsgeleenthede in. As mynwerkers se gesinne op 'n permanente basis by hulle kan bly, sal dit nie net die bevolking laat toeneem nie, maar die plaaslike markte sal ook daarby baat en daar sal 'n kleiner lekkasie van besteebare inkome wees. Verder sal 'n beleid van die kant van die mynmaatskappye om plaaslike verskaffers te ondersteun, 'n dramatiese toename van die plaaslike ekonomiese ontwikkelingspotensiaal tot gevolg hê.

3.1.3 LANDELIKE EN LANDBOU-ONTWIKKELING

Landelike en landbou-ontwikkeling verwys na dié prosesse wat tot 'n verhoging van die lewenstandaard en lewenskwaliteit van alle bewoners van plaasgronde asook landelike gebiede tot gevolg het. Hierdie prosesse omvat 'n wye spektrum van ontwikkelingsaangeleenthede, sommige waarvan reeds en ander wat in latere paragrawe van hierdie verslag aangespreek word - aangeleenthede soos byvoorbeeld bevolking, verstedeliking, gemeenskaps- en sosiale dienste. In hierdie afdeling word die perspektief op landbou-ontwikkeling as 'n primêre ekonomiese aktiwiteit in die plaaslike ekonomie geplaas.

Ekonomiese perspektief

Die landbounywerheid, gemeet in terme van sy bydrae tot die totale produksie van die Thabazimbi-distrik, word as een van die grootste ekonomiese aktiwiteite beskou. Na raming het die nywerheid in 1990 sowat 19% tot die BGP van die primêre beplanningsgebied bygedra. Landbouprouksie toon 'n sikliese neiging (sien Diagram 2). Sedert 1970 en daarna het die landboubydrae tot die BGP van 24,5% tot 28,4% in 1978 toegeneem, waarna daar 'n afname na 20,6% in 1986 was - in 1984 is 'n negatiewe waarde geregistreer. Sedert 1986 het die BGP bydrae na sowat 19% in 1990 toegeneem (sien Tabel 3.14).


TABEL 3.14 : BGP-TENDENSE IN DIE LANDBOU, 1970 TOT 1990

JAAR	GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEI (1985-pryse (%))	% VAN TOTALE BGP
1970	-	24,5
1972	9,9	29,6
1974	10,7	29,5
1976	- 1,0	26,6
1978	17,4	28,4
1980	17,8	25,1
1982	-10,8	25,0
1984	-	-51,8
1986	-	20,6
1988	5,2	24,4
1990	8,9	18,7

BRON : OBSA, 1990

Diagram 2 toon die invloed wat reënval op die landbousektor se algemene produksie gehad het. Uit hierdie diagram is dit duidelik dat reënval en dus die beskikbaarheid van water, een van die mees kritiese faktore in die boerderygemeenskap is.

DIAGRAM 2 : LANDBOU-BGP IN VERGELYKING
MET REËNVALTENDENSE (1970-1990)



—•— REËNVALTENDENS

—*— BGP-TENDENS

LET WEL: Landbou-BGP vir die Primêre
Beplanningsgebied

Ekonomies-aktiewe bevolking

Die ekonomiese-aktiewe bevolking wat in 1990 by landbou betrokke was, word op sowat 4100 geraam. Die verteenwoordig sowat 16% van die totale ekonomies-aktiewe bevolking. Tussen 1980 en 1990 het hierdie sektor 'n negatiewe groei van sowat 2,3% per jaar betreffende werkgeleenthede ondervind.

Grondgebruik

Die funksionele grondgebruikspatrone in die Thabazimbi-distrik word in Tabel 3.15 aangetoon. Die syfers in Tabel 3.15 is verteenwoordigend van die situasie in 1986. Sederdien was die veranderinge marginaal.

TABEL 3.15 : FUNKSIONELE GRONDGEBRUIKSPATROON, 1986

GEBRUIK	OPPERVLAKTE (ha)	% VAN TOTAAL
BEWERKBARE GROND:		
Droëland	19 645	1,9
Besproeibaar	6 105	0,6
SUBTOTAAL	25 750	2,5
BEWEIBARE GROND	988 040	94,1
BOSBOU	0	0,0
NATUURBEWARING	20 000	1,9
NIE-LANDBOU GEBRUIKE	16 810	1,5
TOTAAL	1 050 600	100,0

BRON : Verwerking van OBSA, 1990

Feitlik die hele oppervlakte van die Thabazimbi-distrik is funksionele weivelde en dit maak die kern van die landbounywerheid uit. Die toekomstige uitbreiding van die Kransberg Nasionale Park kan tot die vermindering van lae potensiaal landbougrond hê.

Landbouprodukte

Lewende hawe: Die eenhede lewende hawe (ELH) het 'n afwaartse neiging van sowat 142900 in 1980 tot sowat 88140 in 1988 getoon. Die drakrag van die veld in die Thabazimbi-distrik is ongeveer 8 ha/ELH wat op 'n optimum lewende hawe-potensiaal van sowat 123500 eenhede dui (SOAK : G, 1986). Wild uitgesluit, is daar gedurende 1980/81 na raming sowat 7 ha/ELH gebruik. Die huidige syfer word op sowat 11,2 ha/ELH geraam. Droogtetoestande en oorbeweiding is die hoofredes vir die veld se agteruitgang. Dit het onder andere tot 'n toename in wildboerdery gelei.

Mielies: Die oppervlakte onder mielies het van sowat 20470 ha in 1980/81 tot sowat 7660 in 1988/89 gedaal. Die gevolg was 'n val in produksie van 39900 tot sowat 9400 ton. Die gemiddelde opbrengs was 1,95 t/ha vir 1980/81 en sowat 1,23 t/ha in 1988/89. Dit is 'n laer opbrengs as die gemiddeld vir Streek G waar 2,14 t/ha in 1980/81 en 1,84 t/ha in 1988/89 gelewer is. Gedurende 1984/85 en 1987/88 was die gemiddelde opbrengs per hektaar so laag soos 0,23 en 0,38 ton. Die bruto-produksiewaarde vir 1988/89 op sowat R2.18 miljoen

geraam (OBSA, 1990).

Koring: Die geraamde oppervlakte onder koring het aanmerklik gedaal van 7044 ha in 1980/81 tot 1344 ha in 1988/89. Die gemiddelde opbrengs van 1,00 t/ha is ook laer as die gemiddeld van 1,37 t/ha vir Streek G. Die koringlewering by die Magaliesberg Koöperasiedepots in Thabazimbi, Northam en Dwaalboom, het 'n afwaartse neiging van 18300 ton in 1980/81 tot 15954 ton in 1987/88 getoon. Dit dui op 'n algemene afwaartse tendens in koringproduksie in die substreek.

Ander produkte: In die Thabazimbi-distrik word die volgende landbouprodukte ook verbou -

- | | |
|-------------|----------------|
| - Droë bone | - Swartbekbone |
| - Sorghum | - Sojabone |
| - Grondbone | - Kasterolie |
| - Sonneblom | - Rissies |
| - Paprika. | |

Die bydrae wat hierdie produkte tot landbouproduksie lewer, is marginaal.

Besetting

Die afwesigheid van grondeienaars in die Thabazimbi-distrik neem skynbaar af en dit vererger landelike en landbouprobleme. Gedurende die droogtetydperk het menige plase of gedeeltes van plase in die mark gekom. 'n Beduidende hoeveelheid van hierdie plase (sowat 70% van die landbougrond) is deur professionele mense en deeltydse boere opgekoop. Alhoewel kapitaal op die wyse in die gebied ingekom het, het hierdie fenomeen onder andere die volgende tot gevolg -

- die onderverdeling van plase in onekonomiese eenhede,
- 'n styging in grondpryse wat nie deur die grond se landboupotensiaal geregverdig word nie.

Baie van die plase wat aan afwesige grondeienaars behoort, word vir private vakansie-orde en wildplase gebruik en hoegenaamd nie vir doeltreffende landbouproduksie nie (Magaliesbergse Graankoöperasie, 1990).

Wildboerdery

In die onlangse jare het die belangrikheid van wildboerdery in die Thabazimbi-distrik toegeneem. Na raming is sowat 19% van al die wildplase in Transvaal in die Thabazimbi-distrik geleë, waar een van die grootste wildplase (30000 ha) dan ook voorkom. Statistiek en inligting rakende wildboerdery is nie in landdrosdistrikverband beskikbaar nie. Navorsing wat die Departement van Natuurbewaring (1987) oor Transvaal gedoen het, het 'n aantal belangrike tendense weerspieël. Die volgende is van belang vir hierdie studie :

- Die toestand van die veld is volgens die boere -
 - . 33% goed
 - . 10% aan die agteruitgaan

- . 13% aan die verbeter
- . 38% sleg.
- Die gemiddelde aantal boere wat ander lewende hawe met wild kombineer -
 - . 60% bees
 - . 17% skaap
 - . 15% bok.
- Bestuursprobleme (persentasies vir wildplase) -
 - . 50% erosie
 - . 30% droogte
 - . 45% oorbeweiding van veld
 - . 16% oorbenutting van natuurlike bos
 - . 46% bosindringing
 - . 96% diefstal.

Landboufinansiering

Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika voorsien die landbounywerheid van spesiaal aangepaste finansiering teen minder as markkoerse en wel in die vorm van onder andere verbande of lenings. Die Bank gee ook lenings van Koöperasies wat voorskotte aan hul lede uitbetaal vir gelewerde landbouprodukte, asook om produksiekrediet, landbou-implemente en ander boerdery benodigdhede toe te ken. Daarbenewens is die volle spektrum van die privaatsektor se finansieringstruktuur ook beskikbaar aan boere wat sodanige dienste benodig. Die breë tendense in landboufinansieringsbehoeftes word in Tabel 3.16 uiteengesit.

TABEL 3.16 : LANDBOUFINANSIERING : LAND- EN LANDBOUBANK (THABAZIMBI-DISTRIK), 1981 -1988

JAAR	VERBANDE		DEBIETLENINGS		WET 34 MEDIUMTERMYNLENING	
	(R)	AANTAL ONTVANGERS	(R)	AANTAL ONTVANGERS	(R)	AANTAL ONTVANGERS
1981	8 257 251	230	685	1	1 600 202	116
1982	9 560 588	240	520	1	2 632 471	142
1983	13 669 246	271	355	1	3 267 845	150
1984	20 974 950	323	121 392	4	3 126 557	137
1985	25 356 237	350	347 668	11	257 752	102
1986	30 096 374	361	344 349	12	2 385 022	871
1987	30 446 728	355	282 676	10	2 094 920	74
1988	30 739 273	342	229 990	8	2 385 515	72

BRON : OBSA, 1990

Met die uitsondering van mediumtermynfinansieringsopsies onder Wet 34, is daar 'n toenemende aantal boere wat van verbande en lenings gebruik maak. Verbande bly die belangrikste vorm van finansiering. Om

in die landbousektor in produksie te kan bly, benodig die toenemende aantal boere onder andere toenemende finansiering.

Besproeiing

Landbougrond langs die Krokodilrivier wat potensieel onder besproeiing geplaas kan word, word op sowat 7000 ha geraam. Ongeveer 40% van hierdie grond is suid van Thabazimbi binne die primêre beplanningsgebied geleë en val onder die Staatswaterskema. Die res van die grond maak deel uit van die Matlabas-gebied wat vanaf Thabazimbi noordwaarts tot by die Limpoporivier strek. Die grond is geskik vir besproeiing, maar 'n gebrek aan water laat dit nie toe nie (sien Kaart 7):

Gebied suid van Thabazimbi : Die jaarlikse waterbehoefte wat hierdie gebied vir besproeiingsdoeleindes benodig is 73,1 miljoen m³ uit die Krokodilrivier en 25,3 miljoen m³ uit die akwifer. Die gemiddelde langtermynvoorsiening (1923 tot 1984) was 35,7 miljoen m³ uit die rivier en 16,2 miljoen m³ uit die akwifer. Dit impliseer 'n tekort van ongeveer 37,4 miljoen m³ in die riviervloei en 9,1 miljoen m³ in die akwifer. Slegs sowat 33 miljoen m³ water is jaarliks op 'n basis van 70% sekerheid vir besproeiingsdoeleindes beskikbaar (Departement van Waterwese, 1988). 'n Besproeiingsraad is onlangs in die gebied in die lewe geroep.

Gebied noord van Thabazimbi : Hierdie gebied se gemiddelde jaarlikse waterbehoefte beloop 57,1 miljoen m³ uit die rivier en 10 miljoen m³ uit die akwifer. Hier word ook 'n gemiddelde jaarlikse tekort van 33 miljoen m³ water ondervind.


Op 'n drie maande basis en met 'n jaarlikse waterbehoefte van 57 miljoen m³ is slegs 51% van dié waterbehoefte op 'n basis van 70% sekerheid beskikbaar. Met inagneming van die bestaande infrastruktuur (damme), is water 'n skaars kommoditeit en huidiglik kan die beskikbare water nie op die langtermyn konstant in die besproeiingsbehoefte voorsien nie. Ondersoeke na potensiele terreine vir nuwe damme het uitgewys dat water nie koste-effektief langs hierdie weg voorsien kan word nie. Die waterskaarste dui daarop dat daar weinig uitbreidingsmoontlikhede van besproeiingsgrond is.

Op grond van die wisselende beskikbaarheid van water, word besproeiingsboerdery as 'n riskante landbou-aktiwiteit in die primêre beplanningsgebied beskou. Terwyl besproeiing nie gestimuleer moet word nie, kan meer effektiewe boerdery tog tot 'n verhoogde produksie aanleiding gee (Departement van Landbou en Waterwese, 1989).

Belangrike instansies betrokke by landbou

Staatsdepartemente : Ten minste ses staatsdepartemente is direk betrokke by beheer oor en dienslewering aan die landbounywerheid, naamlik:

- a) Departement van Landbou, Ekonomie en Bemaking : Reguleer bemaking en koördineer die beleid op 'n plaaslike vlak.
- b) Administrasie : Huis van Verteenwoordigers - Departement van Landbou en Watervoorsiening : Lewer landbou-ontwikkelingsdienste.



PRIMÊRE BEPLANNINGSGEBIED - BESPROEIINGSGROND



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum
Date 9 / 90
Skaal
Scale N.V.T

Kaart nr
Map no

7

- c) Departement van Omgewingsake : Bewaar die natuur en lewer dienste rakende die klimaat en weervoorspelling, asook ondersteunende navorsing.
- d) Departement van Streek- en Grondsake : Koördineer fisiese ontwikkeling en lewer skakeldienste.
- e) Departement van Openbare Werke en Grondsake : Beheer grond aangeleenthede.
- f) Departement van Waterwese : Bestuur waterbronne.

Rade : Die Landboubemarkingsraad administreer verskeie bemarkingskemas wat tans opereer. Die Landboukredietraad bied finansiële bystand aan boere wat nie krediet by gewone finansiële instellings bekom nie.

Suid-Afrikaanse Landbou-unie (SALU) : Die SALU se rol is om skakeling te bewerkstellig tussen die onderskeie staatsdepartemente aan die een kant en boeregemeenskappe aan die ander kant oor aangeleenthede wat op boere en boerderygemeenskappe spesifiek betrekking het. Dit is 'n nasionale forum vir die onderskeie landbou kommoditeit en -koöperasies in Suid-Afrika.

Die Thabazimbi Distrik Landbou-unie (TDLU) wat by die SALU geaffilieer is, is 'n streekliggaam wat as 'n diensorganisasie vir boere in Transvaal optree. Dit tree op 'n gekoördineerde basis en via 'n gemeenskaplike kanaal as 'n mondstuk vir boere met regerings- en ander instansies op.

Boerevereniging : Die Boerevereniging hanteer boere se probleme op plaaslike vlak. Dit identifiseer probleme van 'n algemene aard wat landbou op 'n substreekbasis raak en verwys dit na die TDLU via die Distriksboerevereniging.

Ontwikkelingsprognose : Droogtetoestande het 'n ernstige uitwerking op die landbou gehad en het tot strukturele verstellings aanleiding gegee. Die belangrikheid van wildboerdery neem toe en dit is noodsaaklik om ondersteunende programme en strategieë te ontwikkel om dit lewensvatbaar te maak. Dit sal skakeling met ander sektore van die plaaslike ekonomie uitbrei, wat op sy beurt weer ontwikkelingsgeleenthede in hierdie proses van diversifisering van die plaaslike ekonomie sal versterk en uitbou. Wildboerdery het diversifikasie in die landbounywerheid meegebring, maar as gevolg van waterskaarste sal verdere aanpassings gemaak moet word sodat ernstige droogtetoestande die hoof gebied kan word sonder dat die nywerheid en die plaaslike ekonomie aangetas word.

3.2 RUIMTELIKE ONTWIKKELING

Hierdie afdeling fokus op ruimtelike ontwikkeling in die **primêre beplanningsgebied**, met die klem op stedelike en grootmaat-infrastruktuurontwikkeling. Die doel is om die ruimtelike ontwikkelingspatroon in perspektief te plaas by wyse van 'n waardebeoordeling van die belangrikste stedelike funksies, grondgebruik en strukture.

3.2.1 STEDELIKE ONTWIKKELING

Stedelike ontwikkeling is die gevolg van ekonomiese ontwikkeling en verstedeliking en dit manifesteer in 'n aantal sentra wat 'n hiërargie van nodale punte van stedelike funksies vorm.

Nodale punte

Afhangende van die rol en funksie van 'n spesifieke nodale punt, kan dit in enige van die volgende kategorieë geplaas word (sien Kaart 8):

Nodes van primêre aktiwiteite ontwikkel as gevolg van die beskikbaarheid van ekonomies-lewensvatbare minerale hulpbronne. Die primêre funksie van hierdie nodes is om die arbeidsmag van mynbou-aktiwiteite te akkommodeer. Die ligging van hierdie nodes hang af van die ligging van die minerale en word ook pertinent deur die mynmaatskappye se ontwikkelingsbeleid geraak. Die volgende myndorpe is binne die primêre beplanningsgebied gevestig:


- Thabazimbi (ook 'n sterk tersiêre node)
- Swartklip
- Amandelbult
- Middeldrift.

Hierdie dorpe se ekonomiese basisse is geleë in die myne wat hulle bedien en benewens nuwe mynbouaktiwiteite, het hulle weinig groeivoorsigte. Sodra 'n myn in volle produksie is, funksioneer dit met 'n redelike konstante arbeidsmag en is daar gevolglik, benewens uitbreiding van gesinsgroottes, weinig rede vir 'n bevolkingstoename. Verder hang hierdie dorpe se toekomstige bestaan grotendeels af van die beskikbaarheid van die mineraal wat gemyn word, asook van die markwaarde daarvan. As gevolg van diversifikasie het hierdie nodes die potensiaal om in nodes van tersiêre ekonomiese aktiwiteit te ontwikkel.

Nodes van sekondêre aktiwiteite is die tweede tipe nodale punt en het hoofsaaklik as gevolg van sterk vervaardigingsaktiwiteite ontwikkel. Geeneen van die bestaande nodale punte in die primêre beplanningsgebied val in hierdie kategorie nie.

Nodes van tersiêre aktiwiteite ontwikkel as sentra waar plaaslike produkte bemark word en waar goedere en dienste verkoop of verskaf word wat die plaaslike bevolking nie self kan voorsien nie. Daar is dus 'n hegte verwantskap en interaksie tussen so 'n nodale punt en sy hinterland. Binne die primêre beplanningsgebied kom die volgende belangrike tersiêre nodale punte voor :

- | | |
|--------------|-----------|
| - Thabazimbi | - Northam |
| - Dwaalboom | - Sentrum |
| - Koedoeskop | - Makoppa |
| - Matlabas. | |



PRIMÊRE BEPLANNINGSGBIED - NODALE PUNTE



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum Date	9 / 90	Kaart nr. Map no.	8
Skaal Scale	N.V.T.		

Hiërargie van handelsentra

Handelsbedrywighede is dwarsoor die primêre beplanningsgebied versprei en wel in 'n drieledige hiërargie van handelskonsentrasies. Die hoogste graad van konsentrasie kom in die SBG van Thabazimbi voor.

Thabazimbi : Die SBG van Thabazimbi huisves verskeie ketting- en departementale winkels, byvoorbeeld Checkers, Edgars, Foschini, Pep Stores en Russels. Banke, apteke, hardewarewinkels en nog 'n aantal ander winkels kom ook in Thabazimbi voor.

Northam : Die SBG van Northam is die tweede grootste handelsentrum in die primêre beplanningsgebied. Hierdie SBG is relatief groot en bevat sowat 17000 m² bruto kommersiële huurspasie. Dit het ál langs die hoofpad na Dwaalboom ontwikkel en huisves supermarkte, banke, winkels, 'n apteek, meubelwinkels, bakkerij, haarkappers, ens. Hierdie handelskommersiële aktiwiteite vervul 'n substreekfunksie, hoofsaaklik aan lae-inkomehuishoudings vanaf Bophuthatswana, asook mynwerkers in die substreek.

Myndorpe : Handelsware en -dienste word ook op myneiendom voorsien. Die relatief grootskaalse handelsuitbreiding by Swartklip, 15 km wes van Northam, is van groot belang. Die volgende besighede huur persele van die mynowerhede (Rustenburg Platinum Mines, 1990):

-	Apteke	-	Slaghuise	-	Banke
-	Diensstasies	-	Kafees	-	Drankwinkel
-	Handwerkwinkel	-	Melkdepot.		

Hierdie aktiwiteite voorsien hoofsaaklik in die Swartklip-myngemeenskap se daaglikse behoeftes.

Landelike gebiede : Handelskonsentrasies van die derde graad kan as geïsoleerde handelsafsetpunte beskryf word. Hierdie handelskonsentrasies is beperk betreffende die goedere en dienste wat hulle aanbied en lê verspreid dwarsoor die primêre beplanningsgebied, byvoorbeeld Sentrum, Koedoeskop en Dwaalboom.

Beplanningsvoorstelle : Voorstelle vir die toekomstige uitbreiding van die Thabazimbi-SBG maak deel uit van die meesterplan vir hierdie dorp. Dit impliseer dat aansienlike handels- en kantoorontwikkeling geakkommodeer kan word.

'n Groot sakesentrum (1800 m² bruto verhuurbare vloerspasie) word vir Northam voorgestel by die kruising van die paaie na Dwaalboom en Thabazimbi onderskeidelik om die bestaande handelruimte aan te vul sodat die huidige en verwagte toekomstige aanvraag wat deur die uitbreiding van mynboubedrywighede geskep word, geakkommodeer kan word.

Behuising

Residensiële ontwikkeling is die grootste enkele stedelike gebruik van grond. Oor die algemeen word meer as 50% van die totale oppervlakte van stede in die Westerse Wêreld deur residensiële gebiede gevul en in die Suid-Afrikaanse konteks is hierdie syfer normaalweg hoër. Die rede vir hierdie tendens is in die

historiese patroon van lae residensiële digthede geleë.

Konvensionele wonings (hoë-inkomegroep) : Die totale hoeveelheid konvensionele wonings in die belangrikste stedelike en mynbougebiede word op sowat 2315 eenhede geraam. Meer as 53% van hierdie wonings is in stedelike gebiede geleë en die res in myndorpe. Huidiglik is daar sowat 300 enkele woonerwe wat van dienste voorsien is in die Thabazimbi-gebied in die mark en as die aanvraag noemenswaardig sou toeneem, bestaan daar 'n groot potensiaal om hierdie syfer op te stoot.

Konvensionele wonings (lae-inkomegroep) : Die huidige voorsiening van konvensionele wonings aan die lae-inkomegroep is beperk in vergelyking met die voorsiening aan die hoë-inkomegroep. Sowat 485 of 17% van al die konvensionele wonings huisves lede van die lae-inkomegroep.

Volgens beskikbare inligting, word geen spesifieke akkommodasie aan Asiate of Kleurlinge verskaf nie. Die totale bevolking vir dié groepe beloop 210 Kleurlinge en 15 Asiate. Hierdie mense is hoofsaaklik woonagtig in Thabazimbi, Northam en Amandelbult in wonings en op besigheidspersele.

Hostelakkommodasie : Die huidige grootte van hostelakkommodasie word op sowat 14300 beddens geraam. Meeste van die hostelbeddens (97%) is op myneiendom geleë en hul toestand wissel van nuut tot redelik. Die volgende verspreiding is op die primêre beplanningsgebied van toepassing:

Thabazimbi (stedelik)	-	3%
Yskor	-	10%
Swartklip/Bierspruit	-	38%
Amandelbult/Chromite	-	40%
Middeldrift	-	8%.

Behuising in landelike gebiede : Behuising in die landelike gedeelte van die primêre beplanningsgebied is verspreid dwarsoor die gebied en wel op plase sowel as in klein konsentrasies in nedersettings soos Sentrum, Makoppa en Koedoeskop. Informele nedersettings (behuising vir lae-inkomebevolkingsgroepe) het op plaasgrond ontwikkel. Die voorkoms van hierdie ontwikkelings dwarsoor die landelike gebied is uiters laag.

Beplanningsvoorstelle : Voorgestelde residensiële ontwikkeling wat tans geïmplementeer word, behels -

Thabazimbi	:	1700 erwe in Rosseapoort vir lae-inkome residensiële ontwikkeling.
Northam	:	1470 erwe in Northam vir Swartes (Tau Hlogo).
Middeldrift	:	± 1530 huise in die nuwe myndorp.

Benewens bogenoemde beskik beide Thabazimbi en Northam oor groot uitbreidingspotensiaal waar nuwe residensiële ontwikkelings geakkommodeer kan word. In die geval van Northam kan daar byvoorbeeld voorsiening vir 'n addisionele 2180 residensiële erwe vir hoë-inkomegroepe gemaak word wat op 'n noemenswaardige potensiaal vir residensiële ontwikkeling dui (Northam Investments (Pty) Ltd, 1990).

Die totale addisionele korttermynvoorsiening van woonerwe aan lae-inkomegroepe word op sowat 5730 erwe geraam, waarvan 45% vir lae-inkomehuishoudings bedoel is. Dit is meer as dubbeld die huidige voorraad (2135 eenhede) van konvensionele wonings in die primêre beplanningsgebied se stedelike en mynbougebiede. Hierdie erwe sal 'n totale bevolking van sowat 26500 (11000 blankes en 15500 lede van ander bevolkingsgroepe) kan huisves. Gemeet aan bevolkingsgroei-tendense oor die afgelope 20 jaar, sal hierdie potensiële erwe genoeg wees om verstedeliking vir die volgende 19 jaar te ondervang. Die beplande uitbreiding van bestaande stedelike gebiede is dus meer as voldoende om groei te akkommodeer. Die vraag is egter of die ligging van hierdie beplande uitbreidings ideaal is wat die geografiese fokus van toekomstige ekonomiese ontwikkeling aanbetref.

Beleidsaspekte : Die TPA se beleid betreffende die vestiging van myndorpe is 'n belangrike regeringsmaatreël wat die ligging van nuwe dorpe en die verskaffing van behuising in die primêre beplanningsgebied kan beïnvloed.

Die plaaslike owerhede se huidige beleid is om beplanning op die vlak van 'n meesterplan te vergemaklik (Thabazimbi/Northam), om residensiële erwe in voorraad te hou, om nuwe koophandel te akkommodeer en om nuwe ontwikkelings proaktief te bevorder.

In die myne se beleid oor behuising is daar oor die algemeen drie elemente wat ontwikkeling beïnvloed, naamlik:

- a) Sleutelpersoneel word op myneiendom in behuisingseenhede teen 'n lae huur geakkommodeer. Die lae huur is gewoonlik een van die byvoordele.
- b) Die res van die personeel word in nabygeleë stedelike gebiede gehuisves, as daar sodanige dorpe is en wel ook teen 'n lae huur.
- c) Na aanleiding van die afskaffing van instromingsbeheer vroeg in 1986, het die mynmaatskappye 'n beleid aanvaar om mynwerkers toenemend in gesinsverband naby hul werkplek te huisves. Alhoewel die toename van lae-inkomegroepe in die gebied as gevolg van bogenoemde beleid nie 'n onmiddellike impak op behuising en stedelike infrastruktuur het nie, mag dit tot relatiewe hoër bevolkingsgroei-koerse aanleiding gee.

Nywerheidsgrondgebruik

In die vorige afdeling oor ekonomiese ontwikkeling is daarop gewys dat vervaardiging marginaal (1,9%) tot die BGP van die Thabazimbi-distrik bydra en dat die totale aantal werkgeleenthede wat deur hierdie nywerheid geskep word, minder as 370 is. Die ruimtelike manifestasie van sekondêre vervaardiging openbaar dieselfde tendens.

Die primêre beplanningsgebied het beperkte sukses gehad om nywerheidsontwikkeling aan te trek om in die behoeftes van plaaslike besighede, huishoudings en van die aansienlike mynbou-ontwikkelings in die gebied te voorsien. Die enigste grootskaalse nywerheidsontwikkeling het naby Dwaalboom plaasgevind en wel by wyse van die Pretoria Portland Sement (PPS)-fabriek. Hierdie fabriek sal egter eers teen 1995 operasioneel wees. Ander plaaslike nywerheidsaktiwiteite spesialiseer in kleinskaalondernemings soos motorherstelwerk,

drukkerye, droogskoonmaak, bandeversoling, motorskrotwerwe, taksidermiste, asook elektriese en ingenieurswerkwinkels.

Die nywerheidsdorpsgebied in Thabazimbi is 33,5 hektaar in omvang en benewens die SBG se ses klein fabriekseenhede wat betrek is, is net enkele aktiwiteite oor die afgelope jare gevestig. Hierdie dorpsgebied het nog kapasiteit om nuwe nywerheidsontwikkeling te akkommodeer. Die enigste abattoir in die primêre beplanningsgebied is in Thabazimbi geleë. Hierdie abattoir word tans onder sy kapasiteit benut.

In die nywerheidsdorpsgebied in Northam is sowat ses standplase opgeneem deur 'n drukkery, motorskrotwerf, verkoelersdienste, 'n elektriese kontrakteur en 'n taksidermis, terwyl sowat 43 standplase vir nuwe vervaardigingsondernemings beskikbaar is.

Ander grondgebruike

Grondgebruike wat nie onder handel, behuising en nywerhede ressorteer nie, byvoorbeeld gesondheid, opleiding en ontspanning, word in paragraaf 3.3 bespreek.

Ontwikkelingsprognose

Die primêre beplanningsgebied word gekenmerk deur 'n relatiewe klein bevolking wat oor 'n aantal klein stedelike nedersettings versprei is. Dit is noodsaaklik dat hierdie stedelike struktuur in lewensvatbare stedelike gemeenskappe ontwikkel moet word - eerstens sodat ekonomiese ontwikkeling kan plaasvind, tweedens om ekonomiese groei te dra en derdens om die inwoners se lewenskwaliteit te verhoog. Hierdie situasie bring 'n behoefte na vore vir die uitbreiding van groter stedelike gebiede deur middel van 'n beleid van bevolkingskonsentrasie, asook vir die uitbouing van bestaande kleiner nedersettings.

In hierdie opsig moet die huidige rol wat nedersettings speel nie verander word nie, maar eerder versterk word in die rigting van die komparatiewe voordeel van elke nedersetting.

Potensiële nuwe verstedeliking wat deur nuwe mynbou-aktiwiteite in die gebied veroorsaak word, sal afhanklik wees van die beskikbaarheid van goedontwikkelde en gebalanseerde stedelike sentra wat sy hele arbeidsmag van al die noodsaaklike stedelike funksies kan voorsien.

3.2.2 ONTWIKKELING VAN GROOTMAAT-INFRASTRUKTUUR

Hierdie afdeling gee 'n kort oorsig van die status quo van die ontwikkeling van grootmaat-infrastruktuur. Die oorkoepelende doelwit is om die beskikbaarheid van grootmaat-dienste, tekorte en surplusse in die bestaande kapasiteite te bepaal, asook om die hoofprobleem-areas wat ontwikkeling mag raak, te identifiseer.

Padvervoer

Die intensiteit van die ontwikkeling van paaie-infrastruktuur in die Thabazimbi-distrik is laag vergeleke met

byvoorbeeld die Warmbad-distrik of selfs Streek G. Gedurende 1985 was daar 0,15 km paaie per km² in die Thabazimbi-distrik in vergelyking met Waterberg se 0,23 km paaie en Streek G se 0,17 km paaie per km². Die gebiede in die Thabazimbi-distrik is dus minder toeganklik as dié in die Waterberg- en Warmbaddistrikte en in Streek G.

Die aantal km paaie per 10000 van die bevolking en die aantal voertuie per km pad gee 'n aanduiding van die potensiele aanvraag vir paaie-infrastruktuur oor die algemeen. Daar is sowat 319 km pad per 10000 inwoners in die Thabazimbi-distrik in vergelyking met die sowat 178 km in die Warmbad-distrik en 52 km in Streek G. Hieruit kan afgelei word dat die bevolking relatief beter van paaie-infrastruktuur voorsien is as in die Warmbad-distrik en in Streek G. Die voertuie per km pad in die Thabazimbi-distrik (5,65) is laer as die gemiddeld vir Streek G (9,87) (sien Tabel 3.17).

TABEL 3.17 : VERGELYKENDE VERVOERDIGTHEIDAANDUIDERS (1985)

AANDUIDER	OMVANG/WAARDE			
	THABAZIMBI	WARMBAD	WATERBERG	STREEK G
km pad per km ²	0,15	0,18	0,23	0,17
km pad per 10000 bevolking	318,49	177,97	504,35	51,50
Voertuie per km pad	5,65	11,79	4,73	9,87
Voertuie per 10000 bevolking	798,75	2 097,70	2 383,84	508,36

BRON : OBSA, 1989

Die drie hoofpaaie wat die primêre beplanningsgebied bedien, is (sien Kaart 9):

- Die R510 van Rustenburg deur Northam, Thabazimbi en Matlabas, waar dit by die R517 van Nylstroom na Ellisras aansluit.
- Die R511 van Brits wat in 'n noordelike rigting loop waar dit by die R510 na Thabazimbi aansluit.
- Die R516 van Warmbad wat in 'n westelike rigting loop om by die R511 aan te sluit.

Ten einde 'n idee te kry van die status quo van paaie-infrastruktuur in die beplanningsgebied, is beramings gemaak van die huidige gebruik van die hoofpaaie. Die beramings is op die 1985-verkeervolumes op die paaie gebaseer en word in Tabel 3.18 aangetoon.

TABEL 3.18 : KAPASITEIT, GEBRUIK EN TOESTAND VAN HOOFPAALIE IN DIE PRIMÊRE BEPLANNINGSGBIED (RAMINGS VIR 1990)

PAD	TIPE	KAPASITEIT EVE (1)	GEBRUIK EVE (1)	TOESTAND	OPMERKINGS
R510	Geteer	5000	1000 - 3000	Pad verswak as gevolg van strukturele probleme te wyte aan grondtoestande	Paaie word gemonitor en onderhou en herstelkoste is relatief hoog
R511	Geteer	5000	400 - 2000	Goed	Vereis roetine-onderhoud
516	Geteer	5000	400 - 1500	Goed	Vereis roetine-onderhoud
1235	Geteer	5000	150 - 1000	Goed	Vereis roetine-onderhoud

PAD	TIPE	KAPASITEIT EVE (1)	GEBRUIK EVE (1)	TOESTAND	OPMERKINGS
869	Geteerde gedeelte	5000	400 - 2500	Goed	Vereis roetine-onderhoud
869	Gruis (RSA)	500	150 - 400	Gaan agteruit	Vereis gereelde onderhoud
869	Gruis (Bophuthatswana)	500	150 - 400	Swak	Tans onder observasie
56	Gruis	500	150 - 400	Relatief goed	Hoë gebruik en vereis roetine-onderhoud
1234	Gruis	500	150 - 400	Relatief goed	Vereis roetine-onderhoud en maontlike opgradering
1639	Gruis	500	150 - 500	Swak	Dra 'n relatiewe hoë volume verkeer en moet opgegradeer word, of alternatiewe roetes moet geopen word
1649	Geteer	5000	150 - 400	Goed	Dra 'n relatiewe lae volume verkeer en vereis roetine-onderhoud

BRON : Transvaalse Provinsiale Administrasie, 1990

Die geteerde paaie in die primêre gebied is oor die algemeen in 'n goeie toestand, behalwe vir die R510. Hierdie pad is 'n hoof en belangrike skakeling tussen Northam en Thabazimbi en die noord/suid hinterland en maak 'n integrale deel van die ontwikkelings-as tussen Northam en Thabazimbi uit. Sowat 50% van die pad se kapasiteit word tans benut, maar daar is strukturele probleme, hoofsaaklik as gevolg van grondtoestande. Volgens die Transvaalse Provinsiale Administrasie (1990) sal herstelwerk baie koste-intensief wees. Na verwagting sal die rol en funksie van hierdie pad op die korttermyn in belangrikheid toeneem.


Spoorvervoer

Die spoorlyn vanaf Rustenburg verbind Northam en Thabazimbi met Ellisras en die Grootgeluk-steenkolmyn in die noordelike gedeelte van die sekondêre beplanningsgebied. Na die westekant is Northam ook per spoor met die PPC-fabryk naby Dwaalboom verbind (sien Diagram 3).

Daar is stasies by Thabazimbi, Northam en Middelwit (gesluit), asook eindpuntfasiliteite by die PPC-fabryk. 'n Gedeelte van die spoorlyn na die PPC-fabryk is deur PPC gebou en die spoorverbinding met die fabriek self word tans gefinaliseer. Dwaalboom het nie 'n direkte spoorverbinding nie en die Magaliesbergkoöperasie maak van padvervoer gebruik. Die stasies by Thabazimbi en Northam en die slyne by Amandelbult en Northam-platinum hanteer 'n relatiewe groot volume aan vragvervoer. As gevolg van die klein aanvraag na die vervoer van passasiers kan hierdie diens, hetsy by wyse van pad- of spoorvervoer, nie koste-effektief deur Spoornet voorsien word nie en dié diens word dus nie op 'n gereelde basis gelewer nie.

Lugvervoer

Benewens die landingstrook by Thabazimbi is daar 'n aantal klein landingstroke in die primêre beplanningsgebied wat slegs op klein skaal vir private lugverkeer geskik is, maar onvoldoende toegerus is om gereelde passasiersvervoerdienste te hanteer. Wat Thabazimbi se vliegveld betref sal gereelde lugvervoerdienste vir passasiers met minimale opgradering op die korttermyn gelewer kan word. Hierdie



PRIMÊRE BEPLANNINGSGEBIED - PAAIE-INFRASTRUKTUUR




URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum Date	9 / 90	Kaart nr. Map no.	9
Skaal Scale	N.V.T.		

DIAGRAM 3 : SPOORNETWERK



landingstrook word deur Yskor beheer en het 'n harde oppervlakte van 1800 meter asook beperkte fasiliteite om gereelde of groot volumes passasiers en lugverkeer te hanteer (Yskor, 1990). Landingstroke word by die meeste myne, by PPC en op sommige plase aangetref.

Daar bestaan egter geen gereelde passasiersdiens tussen die PWV-kompleks en die primêre beplanningsgebied nie. Die enigste gereelde dienste bestaan vanaf Wonderboom (Pretoria) en Lanseria (Johannesburg) na Ellisras in die sekondêre beplanningsgebied.

Waterbronne

Die primêre beplanningsgebied is in die Krokodilrivieropvanggebied geleë (sien Kaart 10). Hierdie opvanggebied dreineer 'n gebied van sowat 29309 km² waarvan 7530 km² in Streek G geleë is en dit het 'n geraamde gemiddelde jaarlikse afloop van 806 miljoen m³ waarvan 320 miljoen m³ ekonomies gebruik kan word. 'n Groot gedeelte van dié rivier se opvanggebied is in Bophuthatswana geleë, en sluit sowat 23 groot damme, 7 regeringswaterstelsels, 12 besproeiingsrade, 5 dorpe asook 'n groot gedeelte van die PWV-kompleks in.

Weens uitgebreide ontwikkelings stroom-op, is 'n beperkte hoeveelheid water stroom-af vanaf Thabazimbi na die Limpopo vir ontwikkeling beskikbaar. Die huidige jaarlikse waterverbruik word op 774 miljoen m³ geraam waarvan 244 miljoen m³ vanuit die Vaalrivierstelsel ingevoer word om die huidige watervoorraad van 530 miljoen m³ (wat oppervlak- en grondwaterbronne insluit) aan te vul (OBSA, 1989).

Laer-Krokodilsubstelsel : Die substelsel van die Laer-Krokodilrivier van sowat 10931 km², bestaan uit die Krokodilrivier en sy sytakke stroom-af van die Roodekopjesdam, die Elandsrivier stroom-af van die Vaalkopdam, asook die Pienaarsrivier met sy sytakke stroom-af van die Klipvoordam (sien Kaart 10). Slegs drie klein damme is in die substelsel ontwikkel, te wete die Nooitgedachtdam (1,4 miljoen m³) in die Tolwane(Sand)rivier, die Bierspruitdam (3,5 miljoen m³) in die Bierspruit en die Brakspruitdam in die Brakspruit (wat 'n sytak van die Bierspruit is). Die Bierspruitdam word deur die Rustenburg platina myn besit en dit vul hoofsaaklik die myn se waterbehoefte aan (Departement van Waterwese, 1990).

Die ontwikkeling van grondwater in hierdie substelsel word met landelike huishoudelike voorraad, asook grootskaalbesproeiing geassosieer. As gevolg van die bestaan van groot akwifere in die benedelope van die Krokodilrivier was die watervoorraad betroubaar, maar in die onlangse jare het die toestand verswak. Die uitwerking van die voortdurende grootskaalse onttrekking van grondwater vanuit die akwifere het begin manifesteer in die watertafel wat daal en watertekorte in sommige gebiede. Die potensiaal is egter steeds groot in die volgende twee akwifere wat langs die Krokodilrivier tussen Vlieëpoort en sy samevloeiing met die Limpopo geleë is (Departement van Waterwese (DW), 1990):

- a) Koedoeskopakwifere (geraamde kapasiteit van 31 miljoen m³)
- b) Makoppa-akwifere (geraamde kapasiteit van 112 miljoen m³).



SUBSTELSEL VAN DIE LAER-KROKODILRIVIER



URBAN-ECON

**Grondgebruiksekonome
Land-use economists**

Datum Date	9 / 90	Kaart nr. Map no	10
Skaal Scale	N.V.T.		

Die aanvraag na water van alle stedelike waterverbruikers (huishoudelik, nywerheid en mynbou) in die Krokodilrivieropvanggebied, is hoog en die behoefte het ontstaan om water vanaf die Vaalrivieropvanggebied in te voer. Die langtermyntendens in waterinvoere word in Tabel 3.19 aangetoon.

TABEL 3.19 : TENDENSE MET BETREKKING TOT WATERINVOERE NA DIE KROKODILRIVIER-OPVANGGEBIED (MILJOEN M³ PER JAAR)

JAAR	HOOFRIVIER SUBSTELSEL				TOTALE WATER- INVOERE
	BO- KROKODIL	ELANDS- RIVIER	PIENAARS- RIVIER	LAER- KROKODIL	
1960	38,1	-	33,8	-	71,9
1970	86,9	1,6	51,2	5,9	145,6
1980	178,0	21,1	93,0	10,6	302,7
1988	189,3	22,5	86,1	15,9	313,8

BRON : Departement van Waterwese, 1990

Die totale waterinvoere het van 71,9 miljoen m³ per jaar in 1960 tot 313,8 miljoen m³ per jaar in 1988 teen 'n gemiddelde jaarlikse toename van 5,4% per jaar toegeneem.

Alhoewel die waterinvoere in die Laer-Krokodil sowat 5,1% van die totale waterinvoere in die Krokodilrivieropvanggebied in 1988 uitmaak, was die groeikoers relatief hoog. Die gemiddelde jaarlikse toename in waterinvoere na die Laer-Krokodil tussen 1970 en 1988, word op sowat 5,7% geraam. Hierdie syfers dui op 'n relatiewe groot toename in die stedelike, mynbou- en nywerheidswateraanvraag in die gebied wanneer dit met die totaal vir die Krokodilrivieropvanggebied (wat 'n groot gedeelte van die PWV-kompleks insluit) vergelyk word.

Stedelike waterverbruik : Die meeste van die gesuiwerde water wat deur die stedelike sektor in die primêre beplanningsgebied verbruik word, kom vanaf eksterne bronne (naamlik die Vaalkopdam) via die Magalieswaterraad (MWR) se infrastruktuur. Die gemiddelde stedelike/nywerheidsvraag na water het met ongeveer 6,3% per jaar toegeneem (Departement van Waterwese, 1990).

Mynbouwaterverbruik : Die voorsiening en verspreiding van gesuiwerde water na sommige van die myne word deur die MWR geadministreer. Die mynbousektor se verbruik van plaaslike water (oppervlakte of grondwater) is hoog en maak byna 44% van die totale waterverbruik uit.

'n Ontleding van die afvloeï aan die hand van die volume permitte wat die DW administreer, asook na aanleiding van opnames wat by geselekteerde myne gemaak is, dui daarop dat geen groot hoeveelhede water vrygestel is nie en dat die meeste mynbou-operasies swaar op die herwinning van hul afval water steun (Departement van Waterwese, 1990).

Elektrisiteit

Eskom is die grootmaat-verskaffer van elektrisiteit aan die primêre beplanningsgebied en is verantwoordelik

vir die onderhoud van 'n uitgebreide elektrisiteitsvoorsieningsnetwerk dwarsoor die beplanningsgebied. Die enigste grootmaat - kraginstallasie wat in die beplanningsgebied geleë is, is naby Ellisras te wete Eskom se 4000 MW steenkoolaangedrewe kragstasie. Hierdie installasie sal, sodra dit ten volle in werking is, een van die wêreld se grootste direkte droog-koel stasies wees (OBISA, 1989).

Die gemiddelde prys wat verbruikers in die primêre beplanningsgebied vir elektrisiteit betaal, word in Tabel 3.10 weerspieël.

TABEL 3.20 : GEMIDDELDE VERBRUIKERSPRYS VAN ELEKTRISITEIT, 1988 TOT 1989

KATEGORIE	GEMIDDELDE PRYS (Sent per kw.u)		% VERBRUIK
	1988	1989	1989
Grootmaak-verkope (1)	6,821	7,172	15,1
Huishoudelik en straatligte	13,196	12,943	0,0
Nywerheid/Handel	6,633	7,251	3,3
Mynbou	5,785	6,432	77,8
Landelik/Boerdery	12,976	12,663	2,3
Aandrywing	9,588	10,361	1,4
GEMIDDELD	6,168	6,770	100,0

BRON : Eskom, 1990

LET WEL : (1) Verskaffing aan munisipaliteit en plaaslike owerhede

Die verskaffing en beskikbaarheid van 'n genoegsame hoeveelheid elektrisiteit aan stedelike en mynbougebiede in die primêre beplanningsgebied skep huidiglik geen ernstige probleme nie. Daar is 'n surplus-kapasiteit in die infrastruktuur beskikbaar wat ontwikkeling op kleinskaal kan akkommodeer. Grootskaalse korttermynontwikkeling op substreekvlak sal egter die opgradering van bestaande en aanverwante infrastruktuur in stedelike gebiede vereis, maar omdat groot hoeveelhede elektrisiteit by die Matimba-kragstasie beskikbaar is, sal dit na verwagting nie enige ernstige tegniese probleme oplewer nie.

Pos- en telekommunikasiewese

Posdienste : Daar is 14 poskantore in die Thabazimbi-distrik geleë, waarvan 9 departementeel is en 5 op 'n agentskapsbasis funksioneer. Agt van die nege poskantore is in die primêre beplanningsgebied geleë. Vanweë die relatiewe lae ontwikkelingsdigtheid, is die volume pos min en posaflewering gevolglik in sommige landelike gebiede ongereguleerd.

Telekommunikasie : Die primêre beplanningsgebied word feitlik ten volle met outomatiese telefoonsentrales bedien. Die huidige vlak van die pos- en telekommunikasie-infrastruktuur word as voldoende beskou om in die huidige aanvraag te voorsien. Die meeste van die infrastruktuur bestaan reeds en is binne die primêre beplanningsgebied geleë en sou 'n verhoogde aanvraag ontstaan, kan opgradering dadelik plaasvind.

Ander dienste

Riool : Alle geproklameerde erwe in Thabazimbi is van spoelriolering voorsien en die bestaande rioolstelsels beskik oor spaarkapasiteit. Addisionele kapasiteit kan redelik maklik voorsien word (Thabazimbi Stadsraad, 1990). Die meeste myne beskik oor hul eie rioolstelsels.

Vullisverwydering : Beide Thabazimbi en Northam beskik oor hul eie vullisverwyderingsdienste binne hulle regsgebied. Mynowerhede voorsien hul eie vullisstrotingsterreine en vullisverwyderingsdienste.

Begraafplase en krematoriums : Daar bestaan geen krematoriums in die primêre beplanningsgebied nie. Die Thabazimbi-begraafplaas het 'n lewensverwagting van nog sowat 30 jaar en dié van Northam het 'n kapasiteit van ongeveer 1200 grafte. 'n Begraafplaas vir swartes is op die Yskor-eiendom geleë en word deur die Dorpraad aldaar administreer.

Wat behandeling van riool, vullisverwydering en begraafplase betref, bestaan daar tans voldoende fasiliteite en kapasiteit om in die huidige aanvraag asook dié van korttermynontwikkeling te voorsien.

Bosveldstreekdiensteraad

Die Streekdiensteraad (SDR) is 'n belangrike instansie wat in die lewe geroep is om 'n meer eweredige verspreiding van streeksinkomste aan te help. Die doelwit is om hierdie inkomste op 'n gekoördineerde wyse in stedelike en plaaslike infrastruktuur en dienste te belê.

Ontwikkelingsprognose

'n Stedelike infrastruktuur word tans binne die beplanningsgebied ontwikkel tot op 'n vlak dat dit die uitbreiding van die gebied se ontwikkelingspotensiaal sal kan ondersteun. Gereelde onderhoud en die opgradering van dienste wat moet tred hou met die toename in aanvraag, is noodsaaklik om die infrastruktuur in goeie orde te hou, asook om stedelike ontwikkeling te vergemaklik.

3.3 SOSIALE ONTWIKKELING

3.3.1 SOSIALE DIENSTE

Gemeenskaps- en sosiale dienste is noodsaaklike elemente in die ontwikkelingsproses aangesien dit die sosiale organisasie van 'n gemeenskap by wyse van politieke strukture vergemaklik en 'n uitwerking op die ontwikkeling van menslike hulpbronne asook die welsyn van gemeenskappe het. Die behoefte aan gemeenskaps- en sosiale dienste is dus 'n funksie van bevolkingsontwikkeling. Die standaard van dienste wat verskaf word, word deur die bevolkingsdrempel wat vir elke besondere diens vereis word, bepaal.

Gesondheidsdienste

Die Thabazimbi-distrik word deur een privaathospitaal bedien wat in Thabazimbi geleë is. Yskor bedryf hierdie hospitaal op feitlik dieselfde wyse as wat Provinsiale hospitale bedryf word en bedryfsverliese word op die gewone manier deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie gesubsidieer. Alhoewel hierdie hospitaal die enigste fasiliteit is wat 'n streek funksie ten opsigte van gebiede soos Hendriksdal, Dwaalboom, Van Wykskraal, Groenvlei, Koedoeskop, Northam en Swartklip verrig, het dit 'n gemiddelde bedbesetting van minder as 60%. Pogings om 'n provinsiale hospitaal in Thabazimbi op te rig, het misluk hoofsaaklik as gevolg van die relatiewe lae bevolkingsdrempel wat 'n hospitaal van hierdie aard sal moet bedien. Die bestaande hospitaal het egter nie 'n ongevalle-afdeling nie.

Ander mynmaatskappye bedryf hul eie hospitaal en siekeboegfasiliteite. Die Union Section van Rustenburg Platinum Mines het byvoorbeeld 'n hospitaal met sowat 154 geregistreerde beddens.

Geneeskundige dienste is by klinieke in Thabazimbi beskikbaar. Benewens 'n kliniek, beskik Northam oor geen hospitaalfasiliteite nie en die inwoners van dié substreek maak gebruik van fasiliteite in Thabazimbi, Rooiberg, Rustenburg en Pretoria. Die kliniek by Dwaalboom is drie dae per week oop en mobiele klinieke word in die landelike gebiede gebruik om die meerderheid van die lae-inkomehuishoudings te bereik.

Ambulansdienste word deur die munisipaliteit van Thabazimbi bedryf. Daar bestaan 'n behoefte dat hierdie dienste dwarsdeur die primêre beplanningsgebied deur die SDR gekoördineer moet word.

Opleiding

Akademie opleiding word deur 'n aantal primêre en 'n paar sekondêre skole in die primêre beplanningsgebied aangebied. Sommige primêre skole in die landelike gebiede voer 'n stryd om oorlewing. Die afname in die plaasbevolking het daartoe aanleiding gegee dat die aantal skoliere in afgeleë gebiede soos Dwaalboom en Sentrum, so drasties gekrimp het dat sluiting van die betrokke skole oorweeg word. Op sy beurt plaas hierdie situasie groot druk op opleidingsfasiliteite in stedelike sentra, veral wat die lae-inkomegroepe betref.

Primêre skole : Die primêre skoolfasiliteite vir die hoë-inkomegroep in Thabazimbi is voldoende, maar die laer-inkomegroep het 'n behoefte aan noodsaaklike fasiliteite. Skoolterreine is beskikbaar en indien nodig, kan dit vir beide wit en swart leerlinge vermeerder word.

Northam beskik oor 1 primêre skool met 173 leerlinge en 'n koshuis wat 49 leerlinge huisves. Hierdie koshuis kan tot 105 leerlinge huisves in die skookterrein is groot genoeg om addisionele sekondêre skoolontwikkeling, verwante sportfasiliteite, ens. te akkommodeer. Daar bestaan nie skoolfasiliteite vir die swart lae-inkomebevolkingsgroep nie.

Die skool by Koedoeskop maak hoofsaaklik voorsiening vir leerlinge uit huishoudings wat by die Middeldriftmyn werksaam is, terwyl die skool in Swartklip leerlinge van die Union Section bedien. Beide is dubbel-medium skole.

Dwaalboom en Sentrum het koshuise en gevalle is al aangeteken waar kinders uit arm gesinne deur die plaaslike gemeenskap van nodige hulp soos basiese kindersorg en opvoeding, kos en klere voorsien word.

Sekondêre skole : Thabazimbi het 'n sekondêre skoolfasiliteit vir beide hoë- en lae-inkomegemeenskappe. Die leerlingtal by die skool vir hoë-inkomegroepe is 750 en sowat 1200 leerlinge kan geakkommodeer word. Die skool voorsien in sportfasiliteite soos krieket, atletiek, hokkie, swem, gimnastiek en netbal. Die skool vir lae-inkomegroepe het 'n leerlingtal van sowat 530 maar kan slegs sowat 500 leerlinge akkommodeer. Daar bestaan geen ander sekondêre opleidingsfasiliteite vir die primêre beplanningsgebied nie en leerlinge maak van kosskole gebruik - veral in die PWV-kompleks.

Tegniese sentrums : Die primêre beplanningsgebied beskik nie oor Technikon-fasiliteite nie, maar 'n tegniese sentrum is tans in aanbou. Die mynmaatskappye se beleid is praktiese indiensopleiding. Formele opleiding vir Yskor-werknemers word by die Technikon in Ellisras aangebied. Die opleiding van leerling mynwerkers word plaaslik in 'n mynbou-opleidingskollege, wat deur die Hoofmyningenieur goedgekeur word, gedoen. Vir enige verdere tersiêre opleiding maak die bevolking en besighede in die gebied hoofsaaklik van Technikons en universiteite dwarsdeur die land gebruik.

Sport en ontspanning

Die voorsiening van sport- en ontspanningsgeriewe in die primêre beplanningsgebied is veral by die myne voldoende. Dit bied 'n geleentheid vir die sosiale ontwikkeling van die gemeenskap. 'n Aantal tekortkominge van hierdie fasiliteite vir lae-inkomegroepe wat nie aan die myne verbonde is nie, is geïdentifiseer.

Die Thabazimbi-klub is 'n gesamentlike onderneming deur die Thabazimbi-munisipaliteit en Yskor. Die Northam Country Club, wat ses jaar gelede gestig is, het 10 hektaar vir die ontwikkeling van sport-klubgeboufasiliteite aangekoop.

Mynmaatskappye het 'n wye omvang van sport- en ontspanningsgeriewe ontwikkel. Byvoorbeeld, Yskor se goedontwikkelde fasiliteite sluit in 'n sosiale klub, pluimbal, judo, stoei, aerobiese oefeninge, snoeker, boks, swem ('n kwart olimpiese standaard-swembad), gholf ('n baan met 9 setperke en 18 dames- en mansbowwe) asook 'n kroeg, restaurant en bioskoopsaal.

Sportfasiliteite vir lae-inkomemynwerkers sluit in : sokker, atletiek, 'n opelug-pawiljoen, reënvaste tennisbane, 'n saal vir sosiale byeenkomste, 'n swembad, asook fasiliteite vir boks, stoei, judo en stamdanse. Verder beskik die meeste mynbou-ontwikkelings oor gemeenskapsale wat vir verskeie binnenshuise sportsoorte sowel as ontspanningsaktiwiteite gebruik kan word (Yskor, 1990 en Rustenburg Platinum Mines, 1990).

Wat die meeste sportfasiliteite aanbetref, sal 'n toename in aanvraag maklik ontmoet kan word. Toenemende bevolkingsdrempels sal egter 'n groter aanvraag na addisionele sportfasiliteite meebring, veral vir mededingende sportsoorte soos rugby, sokker, krieket en tennis.

3.3.2 OPENBARE ORDE EN VEILIGHEID

Verdedigingsake

Die SAW het 'n militêre kamp by Batavia in die sekondêre beplanningsgebied en verskeie kommando's is in beide die primêre en sekondêre beplanningsgebiede aktief.

Justisie

Landdroskantore is in beide Thabazimbi en Northam geleë waar daar ook tronkfasiliteite bestaan.

Polisiebeskerming

Polisiestasies is dwarsdeur die primêre beplanningsgebied werksaam en wel in -

- | | |
|--------------|-------------|
| - Northam | - Matlabas |
| - Thabazimbi | - Swartklip |
| - Dwaalboom. | |

Sekuriteit by die myne

Al die mynmaatskappye het hul eie sekuriteitspersoneel om myneiendom en woongebiede te beskerm.

Brandbeveiliging

Thabazimbi beskik oor 'n brandbeveiligingsdiens en al die mynmaatskappye het goed ontwikkelde infrastruktuur, fasiliteite en opgeleide personeel sodat hierdie dienste effektief op myneiendom gelewer kan word. Hierdie fasiliteite is ook tot die beskikking van naburige stedelike gebiede. Brandbeveiligingsdienste in stede sal opgegradeer moet word indien verstedeliking in die primêre beplanningsgebied sou toeneem.

Burgerlike verdediging

Burgerlike verdedigingsorganisasies is in Thabazimbi, Northam en Dwaalboom in die lewe geroep en kom op 'n gereelde basis bymekaar.

Ontwikkelingsprognose

Die klein en wydverspreide gemeenskappe gee aanleiding tot ontoereikende gemeenskaps- en sosiale dienste gemeet aan die heersende standaard en tendense betreffende sosiale dienste. Die gemeenskappe wat die grootste hierdeur beïnvloed word, is huishoudings in die lae-inkomegroepe. Stappe om dit reg te stel is onderweg en sodra dit afgehandel is, sal fasiliteite vir die lae-inkomehuishoudings voldoende wees. Dit lewer egter steeds die probleem van oortollige fasiliteite in landelike gebiede, en onvoldoende voorsiening vir Kleurlinge en Asiate op.

Huidige tendense in die politieke strukturele hervormingsproses, tesame met die aankondiging van modelle wat op hoë-inkomeskole van toepassing gemaak kan word, bied 'n groot geleentheid aan die bevolkingsgroepe wat beperkte toegang tot opvoedkundige fasiliteite het.

Toenemende verstedeliking binne die beplanningsgebied mag wysigings in die huidige toewysing van opvoedkundige fasiliteite vra ten einde maksimum gebruik van bestaande en potensieel beskikbare fasiliteite teen minimum koste te maak.

3.3.3 OMGEWINGSASPEKTE

Die aard en beskikbaarheid van minerale hulpbronne en waterbronne kan ook onder omgewingsaspekte geklassifiseer word, maar is reeds onder 'n aparte opskrif in die verslag bespreek. Die leser word dus na afdeling 2.2.1 vir meer besonderhede rakende hierdie aspekte verwys.

Natuurlike omgewing

Terreinkenmerke : Die gebied van Northam in die suide tot Thabazimbi in die noorde word gekenmerk deur vlaktes met 'n lae reliëf wat, gesien vanuit 'n topografiese oogpunt, geen ernstige ontwikkelingsprobleme inhou nie. Thabazimbi en omringende gebiede met hul geslote heuwels, berge en steil helling is egter vanuit die oogpunt van fisiese ontwikkeling, dienste-infrastruktuur en finansies gesien, meer problematies.

Klimaat : Die hoof klimatologiese aanduiders vir die primêre beplanningsgebied is die volgende:

- Tempertuur : Gemiddelde maksimum - somer - 33,0°C
 Gemiddelde minimum - somer - 14,2°C
 Gemiddelde maksimum - winter - 25,0°C
 Gemiddelde minimum - winter - 3,6°C
- Reënval (somer) : Thabazimbi/Northam-omgewing en die oostelike gedeelte van die primêre beplanningsgebied : 500mm tot 600mm. Wes van Thabazimbi/Northam binne die primêre beplanningsgebied : 400mm tot 500mm.
- Voorkoms van hael : Gemiddeld : 2 tot 3 dae per jaar.
- Ryp : Groot gebiede is rypvry
 Aanvangsdatums vir ryp - 1 tot 15 Junie
 Afloopdatums vir ryp - 1 tot 15 Augustus.
- Relatiewe voggehalte : 40 % tussen Oktober en Maart en 30% tot 35% tussen April en September.


Grondsoorte : Vier hoof grondsoorte is in die primêre beplanningsgebied geïdentifiseer (sien Kaart 11):

- Rooi, geel en grys grondsoorte in katena-opeenvolging wes/suidwes van Thabazimbi. Hierdie grondsoorte is die mees bewerkbare grond in die gebied, maar kom ongelukkig in 'n laereëvalstreek voor.
- Swak ontwikkelde grondsoorte op rots in 'n relatiewe smal streek tussen paaie R510 en R511.
- Swart en rooi kleigrondsoorte van suid van Thabazimbi verder suidwaarts om Northam en 'n groot gedeelte van die Dwaalboom-gebied in te sluit. Alhoewel hierdie grondsoorte baie maklik erodeer en droog van aard is, word dit in sommige gebiede op groot skaal vir droëlandverbouing benut.
- Rotsagtige klipriwwe en steil hellings van wes van Northam in 'n noordelike rigting na Thabazimbi en die Waterberge. Daar word gewoonlik aanbeveel dat hierdie landstreek nie vir bewerkingsdoeleindes gebruik moet word nie omdat die grond vlak en hoofsaaklik in droë dele geleë is.

Natuurbewaring

Natuurreservate : Volgens die Departement van Natuurbewaring (1990) is daar sowat 132 wildplase in die Thabazimbi-distrik geleë. Dit maak ongeveer 19% van al die wildplase (1400) in die Transvaal uit. Van hierdie wildplase is sowat 82 as natuurreservate geproklameer. Die grootste se omvang is sowat 30000 ha. Ander prominente natuurreservate in die beplanningsgebied, wat ook vir ontspanningsdoeleindes benut word, is die volgende (sien Kaart 12):

- BEN ALBERTS-NATUURRESERVAAT : Die Ben Alberts-natuurreservaat is ongeveer 10 kilometer suid van Thabazimbi geleë. Die Reservaat is Yskor se eiendom en voorsien chalet-akkommodasie vir senior amptenare asook kampfasiliteite (karavaanpark met 100 karavaanstaanplekke en 50 tentstaanplekke) aan die publiek. Die Reservaat beskik oor 'n wye verskeidenheid wild en is gewild in die substreek. Die besettingskoers vir beide die chalets en die kampfasiliteite is hoog.
- BOSVELD-VAKANSIEOORD : Wes van Northam langs die pad na Dwaalboom is die Bosveld-vakansieoord geleë. Dis privaat-eiendom en het ongeveer 20 rondawels asook fasiliteite vir dagbesoekers. Die besettingskoers van die rondawels is laag, selfs in seisoentype en oor langnaweke.
- ZIMTHABI-VAKANSIEOORD : Ongeveer 25 kilometers noord van Thabazimbi is die Zimthabi-vakansieoord, wat ook privaatbesit is, geleë. Daar is 10 ten volle toegeruste rondawels, 'n kinderpretpark en 3 swembaddens. Warmwaterbronne handhaaf 'n tempertuur van 30,6 grade Celsius. Dag- en naweekbesoekers, hoofsaaklik vanuit die omringende omgewing, is die belangrikste vakansiegangers by hierdie oord.
- ATHERSTONE-NATUURRESERVAAT : Hierdie Natuurreservaat is 14000 ha in omvang en is noordwes van Dwaalboom in die sekondêre beplanningsgebied geleë. Dit word besit deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie, alhoewel daar tans nog nie geriewe vir vakansiegangers ingerig is nie.



OORHOOFSE GRONDKAART


1. Rooi, geel en grys gronde in katena-opeenvolging.
2. Minimale ontwikkeling van grond oor rots.
3. Swart en rooi gekleurde kleiige grond.
4. Rotsdagsome, vlakgronde en steil helling.



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum Date	9/90	Kaart nr Map no	11
Skaal Scale	N.V.T		



PRIMÊRE BEPLANNINGSGEBIED - NATUUR- EN VAKANSIEOORDE



URBAN-ECON

Grondgebruiksekonome
Land-use economists

Datum
Date 9 / 90
Skaal
Scale N.V.T.

Kaart nr
Map no

12

- MYNBOUGEBIEDE : Natuurreservate wat onder die beheer van mynbougEBiede val, is onder andere die Madeleine Robinson-natuurreservaat van sowat 1460 ha naby Amandelbult en 'n 128 ha reservaat naby Northam.

Beplanningsvoorstelle

- KRANSBERG NASIONALE PARK : Die kerngebied beslaan tans 30000 ha en is sowat 30 km noordoos van Thabazimbi in die Kransberg geleë. Die Kransberg asook die bergagtige dele van die Waterberge is bekend vir sy verskeidenheid aasvoëls- en arendkolonies, asook 'n aantal ander voëlsoorte. Sommige beplanningsvoorstelle behels (Nasionale Parkeraad, 1990) -
 - * die verdubbeling van die gebied na sowat 60000 ha op die korttermyn (5 jaar), afhangende van die beskikbaarheid van fondse
 - * akkommodasie (320 beddens) en restaurant met verwante fasiliteite, asook fasiliteite vir dagbesoekers
 - * wandelpaaie
 - * paaie
 - * die teikenmark is gerig op nasionale en internasionaal toeriste.

Die hoofprobleem wat in die pad van die ontwikkeling van die Kransberg Nasionale Park staan, is die beskikbaarheid van toereikende befondsing.

- THABA NTSI-WILDRESERVAAT : Hierdie reservaat is sowat 30000 ha in omvang en ongeveer R33 miljoen is belê in die aankoop van plase ten weste van Thabazimbi. Na verwagting sal 'n verdere R80 miljoen oor die volgende 5 of 10 jaar in die verdere ontwikkeling van die wildreservaat belê word.

Bewaringsprobleemareas

Drie hoofprobleemareas is geïdentifiseer:

Landbougrondpotensiaal : Oor die afgelope aantal jare het droogte en die gepaardgaande tekort aan addisionele veevoer daartoe aanleiding gegee dat plase oorbeweï is en die veld en natuurlike omgewing gevolglik geërodeer het. Die gevaar van vuur, veral by onbewoonde plase (70% van al die plase), en die moeilik bereikbare brandbeskermingsinfrastruktuur hou 'n probleem vir die bewaring van die natuurlike omgewing in. 'n Verdere faktor wat 'n negatiewe uitwerking op die landbougrondpotensiaal het, is bosindringing.

Mynbou-aktiwiteite : Mynbou-aktiwiteite word 'n bedreiging vir die natuurlike omgewing as gevolg van die volgende faktore, veral indien langtermynrehabilitasie nie plaas vind nie:

- | | |
|------------------|--------------------|
| - Steengroefwerk | - slykdamme |
| - mynhope | - waterbesoedeling |

- lugbesoedeling.

Nuwe mynwette kan as gevolg van omskrewe rehabilitasievereistes 'n positiewe uitwerking op die natuurlike omgewing hê.

Verstedeliking : Ongekoördineerde stedelike ontwikkeling, veral in omgewingsensitiewe ekosisteme, vorm 'n bedreiging vir die kwaliteit van die ondergrondse waterbronne, dit loop uit op lugbesoedeling vanweë potensiële nywerheidsontwikkeling en dit genereer massale hoeveelhede rommel waarvan ontslae geraak moet word.

Ontwikkelingsprognose

Stedelike en ekonomiese ontwikkeling is skadelik vir omgewingsbewaring. Dit is noodsaaklik dat reeds bestaande instansies hul pogings saamsnoer om 'n balans te verkry tussen ontwikkeling en bewaring wat tot die voordeel van alle partye in die primêre beplanningsgebied sal strek.

AFDELING 4 : VERWAGTE VERANDERING EN ONTWIKKELINGSPROBLEME

In hierdie afdeling word 'n impakanalise gemaak van die verwagte beleggings wat mynmaatskappye en plaaslike owerhede in die toekomstige ontwikkeling van die **primêre beplanningsgebied** beoog. Meer spesifiek word die potensiële voordele, asook die verwagte behoeftes en probleme met betrekking tot die gebied se toekomstige ontwikkeling, geïdentifiseer.

4.1 METODOLOGIE

Die doelwit is om te bepaal watter uitwerking die nuwe mynboubedrywighede in die primêre beplanningsgebied op die totale uitset van die plaaslike ekonomie kan hê deur van 'n inset/uitset-model gebruik te maak. Die inset/uitset-benadering wat in streekstudies gevolg word, bied 'n raamwerk waarbinne die ekonomiese sektore nie slegs in isolasie nie, maar ook as 'n integrale deel van die totale ekonomiese struktuur bestudeer kan word. Dié tegniek maak dit moontlik om 'n beraming te maak van die impak wat verandering in 'n bepaalde sektor van die ekonomie van die primêre beplanningsgebied op die ekonomiese struktuur as 'n geheel het. Dit word met vermenigvuldigers wat uit die inset/uitset-model verkry word, gedoen. Dit laat ook ruimte om 'n waardebeoordeling te maak van die uitwerking wat 'n strukturele verandering op 'n spesifieke sektor van belang of op al die individuele sektore in die ekonomie kan hê. Hierdie benadering is dus gemoeid met die bestudering van die interafhanklikheid tussen die verskeie sektore van die plaaslike ekonomie, asook die ekonomiese strominge na en van die primêre beplanningsgebied.

'n Inset/uitset-tabel vir die primêre beplanningsgebied is vir 1990 saamgestel en die metode is gevolg waar transaksies teen basiese waardes gewaardeer word. Die tabel verteenwoordig 'n 12X12 matriks en sluit die volgende sektore van die plaaslike ekonomie in:

- a) Landbou
- b) Mynbou
- c) Vervaardiging
- d) Elektrisiteit, gas en water
- e) Konstruksie
- f) Groothandel, handel, spyseniering en akkommodasie
- g) Vervoer, berging en kommunikasie
- h) Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste
- i) Gemeenskap, sosiale en persoonlike dienste
- j) Hoë-inkome huishoudings
- k) Lae-inkome huishoudings
- l) Lae-inkome enkellopende mynwerkers.

Die studiemodel wyk af van die konvensionele benadering wat die hantering van huishoudings in die inset/uitset-tabel betref. In die inset/uitset-tabel word huishoudings en enkelopende mynwerkers as endogene sektore van die ekonomie beskou en nie as deel van die finale vraag nie.

4.2 VERWAGTE KORTTERMYNONTWIKKELING

Mynmaatskappye

Volgens die mynmaatskappye wat in die gebied bedrywig is, word daar geskat dat sowat R2,7 biljoen tussen 1990 en 1995 in die primêre beplanningsgebied belê sal word. Die verwagte bedrag van die begin van 1991 tot die end van 1995 word op R2,17 biljoen geraam. Hierdie verwagte kapitale belegging sluit nuwe asook die uitbreiding van bestaande mynboubedrywighe in, maar dit maak nie voorsiening vir die vervanging van kapitaalgoedere soos geboue, masjinerie en toerusting nie.

Die voorgenome geraamde 5 jaar kapitale belegging deur die mynbousektor maak deel uit van 'n groter mynbou-ontwikkelingsplan in die primêre beplanningsgebied wat in die laat 1980's 'n aanvang geneem het. In hierdie opsig het die mynbousektor reeds ongeveer 2000 nuwe werkgeleenthede daargestel. Die aantal werkgeleenthede wat die mynbousektor beplan om van die begin van 1991 tot aan die einde van 1995 te skep, beloop 5800. Hiervan sal 506 in die hoë-inkomekategorie val, terwyl die res deur enkelopende mynwerkers gevul word. Die mynbousektor het ook aangekondig dat 'n verdere 2700 werkgeleenthede geskep sal word as gevolg van beplande aktiwiteite na 1995. Die koste van hierdie aktiwiteite is nog nie beraam nie en maak gevolglik nie deel van die impakanalise uit nie.

Ander potensiële beleggings in mynbou mag op die plaas Moddergat in die primêre beplanningsgebied gemaak word, alhoewel geen amptelike plan vir 'n korttermynbelegging beskikbaar is nie. Verder is 'n aantal mynboumaatskappye in eksplorasiebedrywighe dwarsdeur die primêre beplanningsgebied betrokke. Hierdie maatskappye is nie bereid om besonderhede oor die spesifieke aard van hul bestaande aktiwiteite te verstrek nie en ook nie om oor potensiële toekomstige beleggings te spekuleer nie. Die oorgrote meerderheid van hierdie maatskappye het egter aangedui dat dit onwaarskynlik is dat hulle binne die volgende 5 jaar in nuwe mynboubedrywighe sal belê.

Die PPC-fabriek naby Dwaalboom mag na 1995 in bedryf wees, maar hierdie besluit hang hoofsaaklik van die sementmark af. Beperkte addisionele belegging word in hierdie opsig verwag aangesien die meeste van die vereiste mynbou-en vervaardigingsinfrastruktuur alreeds daargestel is.

Plaaslike owerhede

Die rol van 'n plaaslike owerheid is om toereikende gemeenskaps- en sosiale dienste binne 'n stedelike omgewing te voorsien. Hieruit blyk dit duidelik dat 'n plaaslike owerheid slegs op 'n realistiese wyse vir sy kapitaaluitgawe kan begroot as dit bekend is watter bevolkingsinvloei te wagte kan wees en watter aanverwante stedelike behoeftes daardeur geskep sal word. Die plaaslike owerhede in die primêre beplanningsgebied is onseker oor hierdie saak en die syfers wat gegee word, sluit die potensiële impak van belegging en

mynbou in die grensomgewings uit. Dit is noodsaaklik om daarvan kennis te neem dat beide Thabazimbi en Northam gevorderde planne het om groei te akkommodeer en in die meeste gevalle word daar oor genoegsame surplus-kapasiteit beskik wat grootmaat- en ander infrastruktuur betref.

Tabel 4.1 dui die verwagte kapitale uitgawes in hoofkategorieë aan.

TABEL 4.1 : PERSENTASIE VERSPREIDING VAN VERWAGTE KAPITALE UITGAWES DEUR PLAASLIKE OWERHEDE (1990 - 1995)

HOOFKATEGORIE	1990 - 1992	1993 - 1995
Paaië	13,0	17,6
Infrastruktuur	72,2	42,8
Gemeenskapsdienste	3,2	3,7
Ontspanning	3,5	11,9
Begraafplaas	0,1	0,1
Behuising	8,0	23,9
TOTAAL	100,0	100,0
Bedrag	R21,2m	R11,9m
Persentasie (5 jaar periode)	64%	36%

In terme van die verwagte totale beleggings deur die mynbousektor en plaaslike owerhede, is beleggings deur laasgenoemde relatief klein. Dit werp egter geen refleksie op die belangrikheid van hul rol as plaaslike owerhede nie, maar gee eerder die perspektief van die groot omvang van die kapitale belegging deur die mynbousektor. Mens moet ook besef dat die mynmaatskappye tussen 3,8% en 12,4% van hul kapitale begroting vir die gebied aan behuising, stedelike infrastruktuur en gemeenskapsdienste en fasiliteite bestee. Die doel van hierdie belegging is om residensiële infrastruktuur aan sleutelpersoneel op myneiendom te voorsien.

'n Ander bron van potensiële kapitale invloei na die primêre beplanningsgebied is toewysings vanaf die Bosveld Streekdiensteraad. Volgens die Konsep SDR-begroting (1991/92) sal R1,123 miljoen toegesê word aan projekte soos bus- en taxidepots en openbare fasiliteite, in grootmaat watervoorsiening en padinfrastruktuur, begraafplaasgeboue, asook die onderhoud van koshuise en ander administratiewe fasiliteite, ens.

4.3 IMPAK VAN VERWAGTE BELEGGINGS OP DIE PLAASLIKE EKONOMIE

Die impak van die verwagte korttermyn kapitale beleggings op die plaaslike ekonomie kan in terme van die volgende geanaliseer word:

- a) Totale uitset van die ekonomie
- b) Verwagte werkskepping
- c) Verandering in grootte van bevolking
- d) Verandering in inkomste.

Die somtotaal van al die veranderinge loop uit op 'n potensieel nuwe plaaslike ekonomiese struktuur. Hierdie nuwe ekonomiese struktuur word dan met die huidige struktuur vergelyk om potensiele strukturele veranderinge, wat as gevolg van die verwagte belegging nodig mag word, te identifiseer.

Verandering in totale uitset

Gebaseer op 'n belegging van sowat R2,17 biljoen deur mynmaatskappye as gevolg van die vestiging van nuwe en die uitbreiding van bestaande mynboubedrywe in die primêre beplanningsgebied, kan die totale uitset van die plaaslike ekonomie met ongeveer 27,8% per jaar toeneem.


Tabel 4.2 dui die verwagte totale toename in uitset wat deur die verwagte beleggings deur die mynbousektor veroorsaak kan word. Die totale nuwe uitset van die mynbousektor is sowat R2526,5 miljoen. Hierdie syfer sluit die R1665,6 miljoen uitset van die verhoogde kapasiteit as gevolg van die nuwe belegging, asook R4,7 miljoen vanweë addisionele uitset van die bestaande mynboubedrywe in. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die uitgawes van die enkellopende mynwerkers in belangrikheid sal toeneem van ongeveer 6% voor die belegging tot ongeveer 7,5% na aanleiding van die nuwe mynbou-ontwikkelinge. Hierdie toename van sowat 38,9% per jaar is die gevolg van die relatiewe groot aantal enkellopende mynwerkers wat deur die mynbousektor in diens geneem word.

TABEL 4.2 : VERWAGTE TOENAME IN TOTALE UITSET AS GEVOLG VAN BELEGGINGS DEUR DIE MYNBOUSEKTOR (1991 - 1995, Rm)

SEKTOR	BESTAANDE UITSET	% TOTAAL	VERANDERING IN UITSET	NUWE UITSET	% TOTAAL
Bestaande mynbou	856,2	-	4,7	860,9	-
Nuwe mynbou	0,0	-	1 665,6	1 665,6	-
TOTALE MYNBOU	856,2	44,6	1 670,3	2 526,5	55,0
Landbou	277,7	14,5	28,1	305,8	6,7
Vervaardiging	112,7	5,8	161,5	274,1	5,9
Elektrisiteit	25,0	1,3	22,4	47,4	1,0
Konstruksie	98,8	5,2	13,9	112,7	2,5
Handel	106,4	5,5	136,9	243,3	5,3
Vervoer	38,4	2,0	41,4	79,8	1,7
Finansiering	15,4	0,8	17,5	32,9	0,7
Dienste	16,5	0,9	25,2	41,7	0,9
Huishoudings:					
- Hoë-inkome	194,0	10,1	292,8	486,8	10,6
- Lae-inkome	62,6	3,3	37,2	99,8	2,2
- Enkellopende mynwerkers	116,3	6,0	225,9	342,3	7,5
TOTAAL % VERANDERING PER JAAR	1 920,0	100,0	2 673,1	4 593,1 27,8%	100,0

'n Vergelyking tussen die veranderde uitsette van die mynbou- en nie-mynverwante sektore word in Diagram 4 aangedui.

Die dominante rol van die mynbousektor sal in belangrikheid toeneem tot 'n vlak waar dit vir sowat 55% van die totale uitset in die primêre beplanningsgebied verantwoordelik sal wees. Dit impliseer dat alhoewel die plaaslike ekonomie op 'n hoër vlak sal funksioneer, die nie-mynbousektore 'n relatief kleiner bydrae tot die totale uitset sal maak. Gesien vanuit 'n makro-ekonomiese ontwikkelingsoogpunt, dui hierdie afhanklikheid van een dominante sektor op 'n wanbalans in die plaaslike ekonomiese struktuur.



Verandering in werksverskaffing

'n Groot skaalse kapitale belegging in 'n ekonomiese stelsel skep normaalweg 'n behoefte aan addisionele werkgeleenthede. Aangesien meer as 52% van die plaaslike besighede in die gebied beplan om hul bedrywig-hede uit te brei, kan mens aanneem dat hulle volgens kapasiteit funksioneer. Enige nuwe eksogene groei-inspuiting, soos nuwe mynbou-ontwikkelings, sal dus 'n positiewe uitwerking op hulle beplande uitbreidings hê asook op die skepping van nuwe werkgeleenthede. Die potensiële verandering in die plaaslike arbeidsituasie van die primêre beplanningsgebied vanweë beleggings in mynbou word in Tabel 4.3 uiteengesit.

TABEL 4.3 : VERWAGTE VERANDERING IN WERKVERSKAFFING AS GEVOLG VAN BELEGGING IN MYNBOU-SEKTOR

SEKTOR	TOTALE VERANDERING	BESTAANDE WERKGELEENTHEDE	% TOTAAL	NUWE WERKGELEENTHEDE	% TOTAAL
Bestaande mynbou	297	17,490	-	17,787	-
Nuwe mynbou	5,800	0	-	5,800	-
TOTALE MYNBOU	6,097	17,490	67,2	23,587	71,8
Landbou	416	4,108	15,9	4,524	13,6
Vervaardiging	204	350	1,3	554	1,7
Elektrisiteit	17	207	0,8	224	0,7
Konstruksie	86	1,720	6,6	1,806	5,4
Handel	409	829	3,2	1,238	3,7
Vervoer	72	480	1,8	552	1,7
Finansiering	13	201	0,8	214	0,6
Dienste	9	650	2,4	659	1,9
SUBTOTAAL	1,226	8,545	32,8	977	29,3
TOTAAL	7,323	26,035	100,0	33,358	100,0

LET WEL : (*) Indiensnemingsyfers deur mynmaatskappye

Tabel 4.3 toon aan dat die verwagte verandering in die uitset van die mynbousektor sal uitloop op 'n addisionele behoefte aan 297 arbeidseenhede in die bestaande mynboubedrywighede en 'n verdere 5800 eenhede in die nuwe mynbou-ontwikkelings. Hierdie verandering sal lei tot 'n toename in die mynbousektor se bydrae tot werkverskaffing van sowat 67% tot 72%. Die totale toename in die aanvraag na addisionele werkgeleenthede word op sowat 7320 geraam. Die grootste deel van hierdie verhoogde aanvraag (uitgesluit die mynbousektor) sal vanweë die verwagte addisionele uitsette vanuit die landbou- en handelsektore afkomstig wees.

'n Verdere interpretasie van die syfers op Tabel 4.3 dui daarop dat werkgeleenthede 'n gemiddelde jaarlikse toename van ongeveer 5,1% per jaar kan ondervind. Vergeleke met die historiese toename in werkgeleenthede van 2,1% van 1985 tot 1990 is die verwagte toename in werkgeleenthede van groot belang.

Die verandering in indiensneming sal uitloop op 'n relatiewe groter behoefte aan enkellopende mynwerkers wat in die primêre beplanningsgebied gevestig sal moet word. Die potensiële indiensneming van lae-inkomehuishoudings (enkellopende mynwerkers inkluis) sal na verwagting met ongeveer 31% toeneem teenoor die 19% van die hoë-inkomehuishoudings. Dit impliseer dat die lae-inkomehuishouding kan baat by die verwagte toename in uitset vanaf die mynbousektor.

Verandering in bevolking

Die verwagte toename in werkgeleenthede (sien paragraaf 5.3.2) sal 'n uitwerking op die bevolkingsyfer vir die primêre beplanningsgebied hê. Hierdie impak word bepaal deur die parameters vir die grootte van huishoudings asook die aantal werkers per gesin, toe te pas op die potensiële addisionele werkgeleenthede. Hierdie parameters is ontleen aan opnames wat in die primêre beplanningsgebied gemaak is. Die uitslag van hierdie analise word in Tabel 4.4 uiteengesit en wys op die uitwerking wat die veranderde uitset en die gevolglike behoefte aan werkers, op die bevolking van die primêre beplanningsgebied het. Hierdie beramings maak nie voorsiening vir veranderende migrasiearbeid- of pendelpatrone nie. Om 'n aanduiding te gee van die potensiële impak wat 'n verandering in die migrasiepatrone van enkellopende mynwerkers het, is Tabel 4.4 in twee scenario's verdeel.

TABEL 4.4 : VERWAGTE VERANDERING IN BEVOLKING

SEKTOR	TOTALE VERAN- DERING IN INDIENSNAME	VERANDERING PER INKOMEGROEP (INDIENSNAME)			TOENAME IN BEVOLKING PER INKOMEGROEP			TOTALE VERANDERING IN BEVOL- KING
		HOOG	LAAG	ELM	HOOG	LAAG	ELM	
SCENARIO 1								
Bestaande myne	297	55	7	236	196	19	236	451
Nuwe myne	5 800	506	0	5 294	1 794	0	5 294	7 088
Ander sektore	1 225	340	885	0	1 206	2 570	0	3 776
TOTAAL	7 322	901	891	5 530	3 196	2 589	5 530	11 314
SCENARIO 2								
Bestaande myne	297	55	66	177	196	190	177	563
Nuwe myne	5 800	506	1 324	3 971	1 794	3 844	3 971	9 609
Ander sektore	1 225	340	885	0	1 206	2 570	0	3 776
TOTAAL	7 322	901	2 274	4 147	3 196	6 604	4 147	13 948

LET WEL : ELM = Enkellopende mynwerker

Scenario 1 : Enkellopende mynwerkers migreer sonder hul gesinne na die primêre beplanningsgebied. Hierdie scenario is gebaseer op die voortsetting van historiese tendense waarvolgens slegs die mynwerker alleen (sonder sy gesin) in die plaaslike ekonomie opgeneem is.

Scenario 2 : Van die addisionele enkellopende mynwerkers sal 25% deur bulle gesinne vergesel word na die primêre beplanningsgebied.

Laasgenoemde scenario maak die aanname dat daar sommige enkellopende mynwerkers is wat sal verkies dat hul gesinne naby hul werkplek moet woon. Die opname wat onder enkellopende mynwerkers gemaak is, het aangedui dat sowat 58% daarin geïnteresseerd sou wees dat hul gesinne hervestig moet word. Gedurende die werkwinkel het die plaaslike gemeenskap gereken dat hierdie syfer onrealisties hoog is en is daar voorgestel dat 'n syfer van tussen 1% en 5% aanvaar moet word. Hierdie syfer van tussen 1% en 5% neem egter nie die veranderende sosio-politieke situasie in die land in ag nie en ook nie die wense van die enkellopende mynwerkers nie. 'n Syfer van ongeveer 25% van die nuwe enkellopende mynwerkers

word dus wat dit betref as meer realisties beskou.

Die ontleding in Tabel 4.4 dui op 'n potensiële toename in bevolking van tussen sowat 13950 en 11310, afhangende daarvan of die enkellopende mynwerkers hul met of sonder hul gesinne naby hul werkplek wil vestig. Gebaseer op die 1990-bevolkingsyfer van 44880, kan hierdie potensiële toename in bevolking uitloop op 'n algehele bevolkingsgroei van tussen 4,6% en 5,6% per jaar tot en met 1995. Die historiese groeikoers van ongeveer 2,5% van 1970 tot 1990 plaas hierdie verwagte korttermynegroei wat veroorsaak word deur die kapitale belegging deur die mynbousektor, verder in perspektief.

Verandering in inkomste

Die huidige inkomste wat huishoudings plaaslik verdien en verbruik, is ongeveer R372,9 miljoen. Na verwagting sal hierdie syfer na sowat R928,9 miljoen toeneem as gevolg van die uitbreiding in mynboubedrywighe. Die gemiddelde jaarlikse samegestelde inkomstegroei word op sowat 20% geraam. Hierdie groei is hoog en daar moet besef word dat dit die totale (direkte, indirekte en afgeleide) uitwerking van die mynbousektor se belegging verteenwoordig. Die relatiewe hoë toename moet ook vertolk word teen die klein basis waarop dit van toepassing is.

Tabel 4.5 toon die verwagte verandering in die bydrae tot die inkomstes van huishoudings tussen die verskillende inkomsegroepe.


TABEL 4.5 : VERWAGTE VERANDERING IN HUISHOUDINGINKOME VIR DIE
VERSKILLEND INKOMEGROEPE

INKOMEGROEP	BESTAANDE INKOMSTE	% TOTAAL	NUWE INKOMSTE	% TOTAAL
Hoë-inkome	194,0	52,0	486,8	52,4
Lae-inkome	62,6	16,8	99,8	10,7
Enkellopende mynwerker	116,3	31,2	342,3	36,9
TOTAAL	372,9	100,0	928,9	100,0

As gevolg van die verhoogde uitset van die mynbousektor word daar verwag dat die bydraes deur die onderskeie inkomsegroepe die volgende sal ondervind (sien Diagram 5):

- Hoë-inkomehuishoudings : sal basies onveranderd bly
- Lae-inkomehuishoudings : kan 'n vermindering van hul bydrae tot huishoudinginkome ondervind van 16,8% tot 10,7%
- Enkellopende mynwerkers : kan 'n toename van 31,2% tot 36,9% in hul bydrae tot huishoudinginkome ondervind.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat daar 'n verskuiwing van inkomste kan plaasvind vanaf die lae-inkomehuishoudings na die enkellopende mynwerker, terwyl die hoë-inkomehuishoudings basies onveranderd sal bly.



Die bydrae van lae-inkomehuishoudings tot die totale inkomste wat plaaslik verbruik word, sal na verwagting van 48% na 53,4% toeneem, terwyl dié van die hoë-inkomegroepe van ongeveer 52% na 46,6% kan afneem. Vanuit hierdie verwagte verandering in inkomste kan die afleiding gemaak word dat die lae-inkomehuishoudings (enkellopende mynwerkers ingesluit) 'n groter gedeelte van die inkomste wat plaaslik verdien word, kan ontvang.

Gevolgtrekking : Verandering in plaaslike ekonomiese struktuur

As die totale verandering in die plaaslike ekonomie in ag geneem word, kan die nuwe Bruto Geografiese Produk-syfers beraam word. Die ramings is afgelei uit die inset/uitset-tabel en weerspieël slegs die verandering in die BGP-bydrae deur elke sektor wat as gevolg van die verwagte belegging deur die mynboumaatskappye kan plaasvind.

Tabel 4.6 en Diagram 6 dui verandering in die bydrae tot die BGP deur die ekonomiese aktiwiteite vir 1990 en 1995 aan. Die tabel gee ook 'n aanduiding van die historiese (1980 - 1990) groeitendense in die BGP. Hierdie inligting plaas die impak van die verwagte kapitale belegging deur die mynbousektor op die totale ekonomie, nog meer in perspektief.

TABEL 4.6 : BGP PER EKONOMIESE AKTIWITEIT (1990 - 1995) VERANDERING AS GEVOLG VAN BELEGGING VAN DIE MYNBOUSEKTOR OP DIE TOTALE EKONOMIE


EKONOMIESE AKTIWITEIT	1990	1995	VERANDERING IN % BYDRAE (1990 - 1995)	GERAAMDE JAARLIKSE GROEI (1)	GROEI p.j. 1980 - 1990
Landbou	18,9	11,4	-39,7	1,9	0.5
Mynbou	61,9	66,8	7,9	14,5	-4.7
PRIMÊR	80,8	78,2	-3,2	12,1	-2.6
Vervaardiging	3,6	4,7	30,6	19,5	8.6
Elektrisiteit	1,5	1,6	6,7	13,6	11.3
Konstruksie	3,3	2,0	-39,4	2,7	15.1
SEKONDÊR	8,4	8,3	-1,2	12,8	12.2
Handel	5,4	6,8	25,9	17,9	3.7
Vervoer	2,4	2,7	12,5	15,8	-2.5
Finansiering	1,2	1,4	16,7	16,5	6.7
Dienste	1,8	2,6	44,4	20,3	2.5
TERSÊR	10,8	13,5	22,0	17,8	3.1
TOTAAL	100,0	100,0	-	11,9	-0.6

LET WEL : (1) Hierdie kolom dui die geraamde groei in BGP van die primêre beplanningsgebied as gevolg van die belegging in die mynbousektor aan.

As slegs die effek van die nuwe mynbousektor uitset in ag geneem word, kan die totale BGP 'n toename van ongeveer 12% jaarliks op die korttermyn ondervind. Hierdie jaarlikse groeikoers is in verhouding hoog en moet teen die agtergrond van die klein basis waarop dit betrekking het, vertolk word. Die groeikoers is ook gebaseer op die aanname dat 'n toename in uitset tot nuwe werkgeleenthede aanleiding sal gee en dat daar slegs 'n beperkte surplus-kapasiteit in die plaaslike ekonomie bestaan. Die verwagte verandering in die BGP kan soos volg opgesom word:

Primêre sektor : Na raming kan die primêre sektor sy bydrae tot die totale BGP van 80,8% in 1990 tot 78,2% in 1995 verminder. Hierdie afname verteenwoordig 'n persentasie verandering van sowat 3,2%. Alhoewel die mynbousektor van 61,9% tot 66,8% toeneem het, is die impak van enige addisionele mynbou-uitset op die landbousektor in verhouding tot die ander sektore, soos vervaardiging en handel, nogal beperk. Dit mag uitloop op 'n afname in die bydrae van landbou tot die totale BGP. Die verwagte groei in die BGP van landbou, is 1,9% wat 1,4% hoër as die gemiddeld vir die afgelope 10 jaar is.

DIAGRAM 6 : VERWAGTE VERANDERING IN BGP
PER EKONOMIESE AKTIWITEIT
(PERSENTASIE BYDRAE)



Sekondêre sektor : Gebaseer op die analise in Tabel 4.6, sal die bydrae van die sekondêre sektor tot die totale BGP na verwagting basies onveranderd bly (8,4% in 1990 tot 8,3% in 1995), maar dit mag 'n gemiddelde jaarlikse groei van sowat 12,8% ondervind as gevolg van 'n toename in uitset deur die mynbousektor.

Tersiêre sektor : Daar word beraam dat hierdie sektor 'n jaarlikse gemiddelde groei van sowat 18% tussen 1990 en 1995 mag ondervind. Hierdie groeikoers sal daarop uitloop dat die tersiêre sektor se bydrae tot die totale BGP van 10,8% tot 13,5% gedurende die ooreenstemmende periode sal toeneem.

Die gevolgtrekking mag gemaak word dat die verwagte toename in uitset van die mynbousektor 'n rimpel-effek dwarsdeur die ekonomie van die primêre beplanningsgebied sal hê. As gevolg van die mynbousektor se bestaande skakeling met die plaaslike ekonomie - hoewel beperk - sal 'n toename van die nuwe mynbou-bedrywighede tot 'n verandering van die uitset van die ander sektore (27,5%) van die ekonomie aanleiding gee. Dit sal op sy beurt 'n behoefte aan 'n addisionele 7320 werkgeleenthede skep. Die inkomste wat hierdie

addisionele arbeiders sal verdien sal die behoefte aan meer markte daarstel, asook 'n verdere behoefte aan hoër uitsette van die ekonomie verg. Hierbenewens sal die ekstra werkers en hul afhanklikes 'n bevolkingstoename van tussen 4,6% en 5,6% per jaar tot gevolg hê wat 'n verdere stukrag vir die uitbreiding van plaaslike produksie sal wees. Die impak van die verwagte belegging in mynbou sal gevolglik 'n verandering in die plaaslike ekonomiese struktuur teweegbring. Hierdie veranderinge dui daarop dat die tersiêre sektor 'n redelike positiewe toename in sy bydrae tot die plaaslike BGP kan ondervind.

4.4 IMPLIKASIES VAN VERWAGTE BELEGGINGS TEN OPSIGTE VAN ONTWIKKELING

Voorafgaande afdeling het aangetoon dat die verwagte kapitale belegging deur die mynbousektor sekere veranderinge in die plaaslike ekonomiese struktuur teweeg kan bring. Hierdie veranderinge is beduidend, veral as mens besef dat die impakanalise slegs die mynboubelegging in berekening gebring het, ongeag die inherente groeipotensiaal van die ander sektore van die ekonomie. Wanneer hierdie veranderinge met historiese groeikoerse en -tendense vergelyk word, word dit duidelik dat die mynbousektor se belegging tot 'n verhoogde uitset deur die nie-mynbousektore sal aanleiding gee - en dus tot groei in die plaaslike ekonomie.

Soos wat verwag kan word, sal hierdie veranderinge in die ekonomie sekere implikasies ten opsigte van 'n aantal ontwikkelingsaspekte hê. Die mikpunt van hierdie afdeling is om die hoofimplikasies van die verwagte veranderinge in die plaaslike ekonomiese struktuur met betrekking tot 'n aantal ontwikkelingsaspekte, te identifiseer.

4.4.1 MAKRO-EKONOMIESE ONTWIKKELING

Ontwikkellingsimplikasie

Ekonomiese skakeling : Die plaaslike ekonomie word gekenmerk deur 'n relatiewe lae interafhanklikheid tussen die produksiesektore. Dit impliseer dat skakeling tussen die sektore onvoldoende ontwikkel is om agglomerasie-ekonomieë te skep en daar is weinig bewyse dat die verwagte belegging in mynbou tot 'n toename in sektorale skakeling aanleiding sal gee. Die klein plaaslike markte vir goedere en dienste asook die nabyheid aan die gesofistikeerde ekonomiese stelsel van die PWV-kompleks, is van die belangrikste redes vir die betreklik onontwikkelde ekonomie van die primêre beplanningsgebied.

Markte : Alhoewel die myne in die gebied belangrike ekonomiese aktiwiteite daarstel, moet daar besef word dat hulle hoofmotief is om 'n wins te maak uit die minerale wat gemyn word. Hierdie motief dwing hulle om die leweransiers te ondersteun wat in staat is om goedere en dienste teen die regte prys, kwaliteit, kwantiteit en betroubaarheid te lewer. Hierdie leweransiers kom normaalweg voor in groot metropolitaanse sentra elders in die land of oorsee. Plaaslike besighede vind dit moeilik om met hierdie markte te kompeteer en is gevolglik relatiewe klein besigheidsondernemings wat op die behoeftes van die plaaslike gemeenskap gerig is.

Lekkasies : Die relatiewe klein plaaslike markte (die mynbousektor uitgesluit) is nie groot genoeg om 'n drempelvlak vir groter plaaslike sake-ontwikkeling te bereik nie (byvoorbeeld hiperwinkels). Dit lei tot 'n groot lekkasie van verhandelbare huishoudelike inkome. Verder is sowat 54% van die werksmag enkellopende mynwerkers wat ongeveer 39% van hul inkomstes aan hul families, wat buite die primêre beplanningsgebied woon, stuur. Hierdie tendens verswak die plaaslike koopkrag aansienlik en gevolglik ook die drempelgrootte vir sake-ontwikkeling.

As gevolg van die relatief onontwikkelde aard van die plaaslike ekonomie, steun dit in 'n groot mate op ingevoerde goedere en dienste - wat as 'n verdere faktor van lekkasies uit die plaaslike ekonomiese stelsel, geïnterpreteer kan word.

Korttermyn groei in die mynbousektor sal uitloop op 'n behoefte aan meer enkellopende mynwerkers. Dit gee ook aanleiding dat 'n relatief groter gedeelte van die plaaslike inkomste na familie buite die primêre beplanningsgebied gestuur word.

Geografies verspreide aard van ekonomiese bedrywighede : Die stedelike ontwikkelingspatroon in die primêre beplanningsgebied lei tot die verspreide aard van ekonomiese bedrywighede. Daar is 'n beperkte hoeveelheid besighede wat 'n streekfunksie verrig. Die meeste besighede het ontwikkel om goedere en dienste aan die plaaslike gemeenskap waarin hulle geleë is, te voorsien. Voorbeelde van sulke besighede kan by Swartklip, Amandelbult en Thabazimbi gevind word. 'n Uitsondering in hierdie verband is die Northam-besighheidsnode wat 'n baie sterk substreekfunksie verrig en wat die noordelike dele van die Bophuthatswana-distrik, Madikwe, ook betrek.

Vanweë die feit dat myne moet ontwikkel waar die minerale geleë is, kan mens verwag dat sleutelpersoneel en besighedsbedrywighede soortgelyk, naby die myne geleë sal wees. Na verwagting sal hierdie tendens voortgaan om agglomerasie-ekonomieë in die primêre beplanningsgebied te belemmer. Strategieë is dus nodig om die bestaande nodes te versterk, maar volgens die beginsel dat sleutelpersoneel naby hul werkplek gevestig moet wees.

Strukturele samestelling van die ekonomie : Die mynbousektor se belegging sal sy rol in die plaaslike ekonomie vergroot (die mynbou-BGP sal van 61,9% in 1991 tot 66,8% in 1995 toeneem). Dit sal selfs afhanklikheid van die primêre beplanningsektor vir groei verder laat toeneem. Tans voer die primêre beplanningsgebied die meeste van sy minerale uit en dit word in ander meer ontwikkelde streke verwerk. In ruil baat die primêre beplanningsgebied onder andere met betrekking tot werkgeleenthede (hoofsaaklik in die mynbousektor) asook beperkte skakeling met plaaslike ekonomiese aktiwiteite.

Langtermynstabiliteit in die groei van die primêre sektor is 'n probleem en dit is 'n waagstuk om 'n té sterk vertroue te plaas op hierdie sektore om 'n hoofgroeistukrag vir die primêre beplanningsgebied te wees omdat die gebied baie afhanklik van klimaatstoestande (landbou), die beskikbaarheid van minerale, internasionale markte, tegnologie (mynbou), ens. is. 'n Meer gediversifiseerde en gebalanseerde plaaslike ekonomiese struktuur sal die hoë afhanklikheid van die primêre sektor verminder en mag tot 'n meer betroubare medium- tot langtermyn groei tendens aanleiding gee.

Ontwikkelingsprobleme en -geleenthede

PROBLEME	GELEENTHEDE
1. Die bruto-bedryfsurplusse wat deur die uitvoer van minerale hulpbronne veroorsaak word, word nie in die primêre beplanningsgebied herbelê nie.	Die invloed van kapitaal vanaf minerale wat in die primêre beplanningsgebied gemyn word, sal ontwikkelingsgeleenthede vir alle ekonomiese sektore daarstel asook vir die ontwikkeling van sosiale en menslike hulpbronne.
2. Die plaaslike ekonomiese struktuur word deur twee sektore, te wete landbou en mynbou, gedomineer, albei wat hoogs afhanklik is van veranderlike faktore soos prysveranderinge en klimaatstoestande.	'n Meer gediversifiseerde plaaslike ekonomiese struktuur sal geleenthede skep vir ander (nie-mynbou en -landbou) aktiwiteite sodat die ekonomiese basis van die primêre beplanningsgebied ontwikkel en uitbrei kan word.
3. Die vlak van interafhanklikheid tussen produktiewe sektore is laag en loop uit op 'n gebrek aan agglomerasie voordele.	Daar bestaan geleenthede in die primêre beplanningsgebied om interafhanklikheid tussen die produksiesektore te verhoog.
4. Ekonomiese ontwikkeling word in 'n aantal klein stedelike nedersettings gefragmenteer.	'n Ontwikkelingsstrategie wat op gekonsentreerde ontwikkeling gerig is, sal tot verbeterde markte, agglomerasievoordele en interafhanklikheid in die ekonomie van die primêre beplanningsgebied aanleiding gee.
5. Die bestaande ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van die primêre beplanningsgebied word nie optimaal benut nie.	Die groot lekkasies van besteebare inkomste, asook groot insette wat vereis word deur die mynbousektor en landbouproduksie is geleenthede wat nie ten volle benut word nie.

4.4.2 BESIGHEIDS- EN ENTREPRENEURSONTWIKKELING

Ontwikkelingsimplikasies

Die ontwikkelingsimplikasies in hierdie onderafdeling moet saamgelees word met dié wat onder paragraaf 4.4.1 geïdentifiseer word.

Groei : Die verwagte belegging deur die mynbousektor sal die plaaslike besighede bevoordeel met 'n verwagte jaarlikse toename van 15,7% in die BGP en van 3,9% in werkgeleenthede tussen 1990 en 1995. Hierdie syfers hou slegs rekening met die uitwerking wat die belegging in mynbou op die ekonomie het en mag as gevolg van die volgende verander -

- die benutting van reserwekapasiteit in besighede; en/of
- 'n groeitoename as gevolg van 'n inherente groeipotensiaal.

Hierdie groeivooruitsigte is op die huidige tendense in die ekonomie gebaseer en dit sluit 'n hoë komponent van enkellopende mynwerkers in. Sou hulle besluit om hulle permanent aldaar te vestig, mag dit 'n behoefte aan meer werkgeleenthede daarstel wat tot groter verbruikersmarkte aanleiding kan gee wat uiteindelik groei, veral in tersiêre ekonomiese aktiwiteite, sal bevorder. Byvoorbeeld, as 25% van die verwagte invloei van enkellopende mynwerkers, deur hul gesinne vergesel sou word, sal die plaaslike verbruikersmark met sowat 8000 mense toeneem met 'n totale besteebare inkomste van sowat R18 miljoen wat op kleinhandelgoedere

en -dienste gespandeer sal kan word. Van hierdie bedrag word 8% buite die primêre beplanningsgebied spandeer. Die plaaslike besteding sal dus in die orde van R16,6 miljoen wees. Hierdie plaaslike besteding kan aanleiding gee tot 'n toename in die totale uitset van die kommersiële sektor van ongeveer 12% en kan 'n behoefte aan om en by 72 nuwe werkgeleenthede dwarsdeur die plaaslike ekonomie skep.

Vervaardiging : Die vervaardigingsnywerheid is 'n potensiële sleutelnywerheid in die plaaslike ekonomie. Daar moet besef word dat sy huidige stand van ontwikkeling tot 'n paar agro-nywerhede, ingenieurswerk-winkels en 'n redelike groot komponent van dienste-verwante nywerhede beperk is. Die mynbousektor se belegging sal verder 'n groot positiewe uitwerking op die uitset, asook 'n indiensnemingvermenigvuldigingseffek hê.

Die BGP vir vervaardiging kan van 3,6% in 1990 tot 4,7% in 1995 toeneem as 'n direkte gevolg van die belegging in mynbou. Hierdie toename verteenwoordig 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 19,5% in die BGP. Dit is relatief hoog, maar moet vertolk word teen die relatiewe klein basis waarop dit van toepassing is.

'n Poging om plaaslike nywerheidsontwikkeling te stimuleer, kan vir elke R1,00 'n toename van tot R0,24 in die uitset van die ander sektore oplewer. Dit sal aanleiding gee tot 'n hoër plaaslike inkomste, minder lekkasies rondom dienste en vervaardigingsgoedere, verhoogde uitvoere en 'n gevolglike hoër ekonomiese groei. Die ontwikkeling van skakeling tussen die vervaardiging en die landbousektor (veral die ontwikkeling van agro-nywerhede) kan 'n sterk positiewe impak op die plaaslike ekonomie hê.

Konstruksie : Die potensiële toename in bevolking en behuisingsvereistes, asook die benutting van plaaslike boukontraakteurs, maak een van die belangrikste groeifaktore in die konstruksiesektor uit. In hierdie opsig is dit ook nodig om te besef dat die vermoë van die plaaslike konstruksie-nywerheid om die jongste konstruksietegnologie toe te pas, 'n voorvereiste vir groei is. As hulle nie aan hierdie vereiste kan voldoen nie, kan die kontrakte aan buite-kontraakteurs (soos wat die geval met die ontwikkeling van mynboubedrywighede is) toegeken word.

Handel : Na raming sal die handelsektor se BGP-bydrae van 5,4% in 1990 na 6,8% in 1995 toeneem. Die verwagte jaarlikse groei in die BGP is ongeveer 17,9%. Die belangrikste groeistimulus vir kleinhandelbedrywighede is in verbruikersmarkte geleë - hetsy plaaslike markte of markte buite die primêre beplanningsgebied. Die impak wat die belegging in mynbou op kleinhandelbedrywighede het, is hoofsaaklik in die verwagte bevolkingsinvloei geleë. Soos vantevore genoem, sal die grootste gedeelte van hierdie bevolkingsinvloei uit enkellopende mynwerkers bestaan. Hierdie mynwerkers word in hostelkomplekse gehuisves en in baie van hul daaglikse behoeftes (soos kos) word daar deur die myne voorsien.

Hierdie goedere en dienste word op die basis van tenders bekom en meeste van die leweransiers is buite die primêre beplanningsgebied geleë. Hierdie situasie verminder die plaaslike markpotensiaal redelik drasties. Sommige van die myne ondersteun tans plaaslike verskaffers van vars produkte en vleis.

Toerisme : 'n Onlangse (1989) ontwikkeling op dié gebied is die Thaba Ntsi-wildreservaat wat ten weste van Thabazimbi geleë is. Hierdie reservaat is sowat 30000 hektaar in omvang en tot op hede is ongeveer R33

miljoen in die aankoop van plase aldaar belê. Na verwagting sal 'n verdere R80 miljoen oor die volgende 5 tot 10 jaar in die verdere ontwikkeling van die wildreservaat belê word. Hierdie ontwikkeling tesame met die Kransberg Nasionale Park (wat tans ontwikkel word), sal 'n stroom toeriste tot gevolg hê. Hierdie ontwikkelings sal 'n positiewe impak op Thabazimbi se besigheidsektor hê omdat dit 'n verhoging in uitset vanaf die handelsektor sal verg.

Entrepreneursontwikkeling : Die opname oor besighede het aangetoon dat meer as 52% van die besighede enkeleienaar-ondernemings is; die res (48%) is óf moederfirmas met takke elders, óf takke van firmas. Hierdie profiel van plaaslike eienaarskap wys duidelik dat 'n sterk plaaslike entrepreneurspoel oor die jare heen ontwikkel het.

Na verwagting sal die belegging in mynbou 'n indirekte impak op die ontwikkeling van plaaslike entrepreneurs hê as gevolg van die groter plaaslike mark wat weens die bevolkinginvloei behoort te vestig. Die plaaslike sakegemeenskap sal vermoedelik op hierdie invloei reageer.

Die belangrikste uitdaging vir die plaaslike sakegemeenskap is die ontwikkeling van entrepreneursvaardighede wat as teenwig teen die groot lekkasies uit die gebied kan dien omdat laasgenoomde hul markte verklein.

Ontwikkelingsprobleme en -geleenthede

PROBLEME	GELEENTHEDE
1. Die bestaande plaaslike sakekamer is onaktief en bevorder nie besigheidsontwikkeling in die primêre beplanningsgebied nie.	Die organisasie van alle handelsakteurs onder 'n verteenwoordigende liggaam, sal ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede skep. Daar is 'n bereidwilligheid vir die daarstelling van verbeterde kommunikasie tussen mynbou en handel.
2. Die mynmaatskappye is verantwoordelik vir 'n groot lekkasie aan inkomste as gevolg van hul insetvereistes. Hiermee saam vind die plaaslike ekonomie dit moeilik om in die myne se meer gespesialiseerde behoeftes te voorsien.	'n Kollektiewe besigheidsbenadering tussen die handel- en mynbousektore sal daartoe lei dat die mynmaatskappye die lekkasies vanweë hul insette kan verminder.
3. Plaaslike besighede het 'n korttermynhorison rondom besigheidsontwikkeling en plaaslike ekonomiese groeipotensiaal.	Mynmaatskappye en plaaslike owerhede is in 'n ideale posisie om hul planne, groeivoorsigte en ontwikkelingsgeleenthede aan die gemeenskappe van die primêre beplanningsgebied te kommunikeer.
4. Daar is 'n tekort aan plaaslike opleidingsprogramme vir plaaslike sakemanne.	Verbeterde kommunikasie ten opsigte van besigheidsgeleenthede en -opleiding van vaardighede, sal tot nuwe ekonomiese ontwikkeling aanleiding gee.
5. Markte lê wydverspreid en is klein. Dit gee aanleiding tot 'n hoë kostestruktuur met betrekking tot besighede, wat op sy beurt 'n probleem vir nuwe besigheidsontwikkeling inhou.	'n Beleid om toekomstige stedelike ontwikkeling te konsentreer en groot lewensvatbare sentra in die lewe te roep, sal markgroottes laat toeneem en geleenthede vir besigheidsontwikkeling verbeter.

PROBLEME	GELEENTHEDE
6. Bestaande geleenthede vir sake-ontwikkeling word nie benut nie.	Die landbousektor bied geleenthede vir die volgende: - Agro-nywerheidsontwikkeling (bv. wild, beeste, velle, bene en groente) - Varsproduktemarkte - Ontwikkeling van informele sektor (bv. vrugte- en groenteverkopers) - Taksidermis - Houtmeubels (knoppiesdoring). Kapitaal wat deur die mynpensionfondse gegenereer word, sal groot geleenthede vir besigheidsontwikkeling bied indien dit in die primêre beplanningsgebied belê sou word.
7. Die sakegemeenskap is onseker omtrent die toekoms van mynbou-ontwikkeling en -bedrywig-hede.	Die betrokkenheid van myne in die plaaslike besigheidsgemeenskap bied geleenthede vir beter inligtingsverspreiding en potensiele besigheidsontwikkeling.
8. Plaaslike besighede ontmoedig aktiwiteite van die informele sektor.	Die meeste van die informele verkopers koop hul produkte by formele besighede wat inderwaarheid laasgeneemde se markgrootte vergroot.
9. Mynbouprodukte word nie plaaslik verwerk nie.	Talle minerale word vanuit die primêre beplanningsgebied na meer ontwikkelde streke uitgevoer waar dit verder op groot skaal verwerk word.
10. Verbruikersmarkte word geknou deur die mynmaatskappye se beleid dat hul werkers en dié se gesinne maandeliks geleentheid kry om in die PWV-kompleks te gaan inkope doen.	As die lekkasie vanweë die uitgawes van hoë-inkome-huishoudings kan verminder, sal dit tot vergrote plaaslike markte aanleiding gee en geleenthede vir sake-ontwikkeling bied.
11. Plaaslike besighede benut nie die bestaande koopkrag ten volle nie. Vandaar die lekkasie van huishoudelike uitgawes vanaf die primêre beplanningsgebied.	'n Groter bewustheid by plaaslike besighede van die omvang van koopkrag en lekkasies, sal lei tot die meer effektiewe benutting van reeds bestaande markte.
12. Die toeristebedryf is nie tot sy volle potensiaal ontwikkel nie.	Die integrasie van plaaslike toerisme-ontwikkeling met dié van Streek G se meesterplan, sal geleenthede bied vir die substreek se toeristebedryf om verder te ontwikkel. Geleenthede kom op die volgende gebiede voor : - Tyddeelgeleenthede op wildplase - Wild- en jagfeeste - Bestaande koerante/tydskrifte moet toeristeaantreklikhede bemark - Myne kan opelugmuseums wees - Potensiele visnywerheid in steengroewe sal die toerisme-ontwikkelingspotensiaal verhoog - Jaggeleenthede

PROBLEME	GELEENTHEDE
	Die rehabilitasie van bestaande en uitgewerkte myne asook prehistoriese mynterreine, sal die primêre beplanningsgebied se toeriste-aantreklikheid uitbou.
13. Die afwesigheid van ten minste een stedelike sentrum wat in die behoefte aan behoorlike besigheidsfasiliteite en -dienste kan voorsien.	Gekonsentreerde stedelike ontwikkeling bied belangrike geleenthede vir besigheidsontwikkeling.

4.4.3 RUIMTELIKE ONTWIKKELING

Die volgende ontwikkelingsaspekte sal onder die opskrif van ruimtelike ontwikkeling ingesluit word:

- a) Stedelike ontwikkeling; en
- b) Ontwikkeling van grootmaat-infrastruktuur.

STEDELIKE ONTWIKKELING

Ontwikkelsimplikasies

Behuising : Belegging deur die mynbousektor in die Middeldrift-omgewing het gelei tot die oprigting van 'n nuwe stedelike node tussen Thabazimbi en Northam. Hierdie nuwe node het sowat 600 wonings en sodra dit ten volle ontwikkel sal wees (1526 wonings), sal dit 'n residensiële komponent so groot soos Thabazimbi verteenwoordig. Huidiglik is daar ongeveer 1200 hoë-inkomewonings in Thabazimbi.

Na raming sal sowat 310 hoë-inkome- en sowat 420 lae-inkomewoonerwe benodig word bo en behalwe dié wat die mynbousektor op mynpersele sal ontwikkel. Hierdie addisionele 730 erwe sal benodig word vir die potensiele invloed van huishoudings wat vanweë die mynbousektor se skakeling met ander sektore in die plaaslike ekonomie daargestel word en dit sluit die inherente groeipotensiaal van hierdie sektore uit. Erwe vir hoë-inkomegroepe is tans beskikbaar in die bestaande dorpe Thabazimbi en Northam en in hierdie verband maak Regorogile vir die lae-inkomegemeenskap voorsiening.

Op hierdie stadium kan mens verwag dat die direkte impak van beleggings in mynbou tot 'n beperkte onmiddellike behoefte aan woonerwe aanleiding sal gee, omdat dit 'n rukkie sal neem vir die ekonomie om op die nuwe mynbousektor-uitset te reageer. Beplanning aksiestappe moet egter in die formele stedelike gebiede geneem word om te verseker dat erwe in 'n beperkte tyd beskikbaar gestel kan word.

'n Verdere aspek wat ontwikkelingsimplikasies mag hê, is die beskikbaarheid van finansiering vir die lae-inkomehuishoudings, toegang tot finansies, asook hul bekostigbaarheidsvlakke.

Ruimtelike ontwikkelingspatroon : Daar is vantevore aangedui dat stedelike ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied gekenmerk word deur 'n patroon van wydverspreide nedersettings. Op sy beurt het die 'n uitwerking op die grootte van besigheidsaktiwiteite, wat weer die ekonomie van skaal asook die voordele van agglomerasie affekteer. Die nuwe node wat deur die mynbousektor geskep is, sal inderwaarheid tot die uitgestrekte ruimtelike ontwikkelingspatroon in die primêre gebied bydra en sal weinig impak hê op die konsentrasie van ekonomiese aktiwiteite en 'n verhoogde potensiaal vir die vestiging van agglomerasievoordele.

Hiërargie van nodale punte : Die belegging in mynbou sal 'n nuwe nodale punt tot gevolg hê met 'n sterk residensiële komponent, maar sonder 'n belastingbasis. Alhoewel dit die hiërargie van nodale punte uitbrei, verminder dit die ontwikkelingspotensiaal van bestaande punte soos by Thabazimbi en Northam omdat van die groei na die nuwe node verskuif word.

Ten einde groei te stimuleer, is dit noodsaaklik om die ontwikkelingspotensiaal van bestaande nodale punte so ver as moontlik te versterk. Die ligging van die Middeldrift/Amandelbult-mynkomplekse halfpad tussen Thabazimbi en Northam, vergroot die potensiaal dat hierdie kompleks tot 'n substreek stedelike gebied van 'n hoër orde kan ontwikkel.

Ontwikkelingsprobleme en -geleenthede

PROBLEME	GELEENTHEDE
1. Die fragmentering van stedelike ontwikkeling lei tot die duplisering van stedelike funksies en dienste.	Gekonsentreerde stedelike ontwikkeling sal tot groter markgroottes, agglomerasievoordele, minder duplisering en meer koste-effektiewe stedelike ontwikkeling aanleiding gee.
2. Sommige van die groter mynmaatskappye is minder geïnteresseerd om eiendom in die beboude gebiede van Thabazimbi of Northam se plaaslike owerhede te ontwikkel/aan te koop.	Grond- en grootmaat-infrastruktuur vir myn maatskappye is in hierdie gebiede beskikbaar en kan vir hul stedelike grongebruiksbehoefte aangewend word. Die ontwikkeling van kleiner mynboubedrywighede in die gebied sal lei tot die vestiging van personeel in die bestaande plaaslike owerhede se gebiede.
3. Die gebrek aan behuising vir lae-inkome-huishoudings, gee aanleiding tot plakkery, asook sosiale en gemeenskapsontwikkelingsprobleme.	Beplanning van lae-inkome residensiële ontwikkelings in beide Thabazimbi en Northam is in 'n gevorderde stadium. 'n Beleid wat proaktief op plaaslike regeringsvlak geïmplementeer word betreffende ordelike verstedeliking in stede van plakkery, sal die stedelike omgewing vir al die gemeenskappe verbeter.
4. Daar bestaan te veel stedelike nodes, elk met óf 'n plaaslike owerheid, óf 'n mynmaatskappy wat stedelike gebiede van 'n klein omvang bestuur.	Bestaande stedelike bestuurstelsels met goed ontwikkelde infrastruktuur, kundigheid, personeel en organisasies bied 'n geleentheid vir gekoördineerde stedelike bestuur.
5. Daar bestaan geen huisvesting vir ongetroude mense nie (mynpersoneel uitgesluit).	Ongetroude mense met 'n hoë inkomste is noodsaaklik in die plaaslike ekonomie en daar moet na hulle behuisingsbehoefte omgesien word.

PROBLEME	GELEENTHEDE
6. Daar bestaan geen fisiese ontwikkelingstrategie/plan of -program wat kan lei tot verhoogde besluitneming rakende ontwikkeling.	Die betrokkenheid van plaaslike owerhede, mynmaatskappye, die SOAK : G, Streeks- en Distriksonwikkelingsverenigings bied ideale geleenthede vir 'n fisiese ontwikkelingstrategie vir die primêre beplanningsgebied.
7. Die persepsie dat die myngemeenskap tydelik is, gee aanleiding tot die aanvaarding van 'n behuisingsbeleid wat op geen besitreg van eiendom gebaseer is.	Aanpassings in die mynmaatskappye se behuisingsbeleid, mag aanleiding gee tot volle besitreg van eiendom en dus 'n aktiewe eiendomsmark.
8. Nie-mynwerkers mag nie erwe wat deur myne ontwikkel is, bekom nie.	Verstedeliking op myneiendom bied geleenthede om meer gebalanseerde stedelike nodes te ontwikkel.
9. Kleinskaal stedelike ontwikkeling veroorsaak dat vaardighede en kundigheid na groter stedelike sentra uitwyk.	Die ontwikkeling van lewensvatbare stedelike sentra asook opvoeding en opleidingsfasiliteite, sal die uitwyk van geskoolde mense verminder.

GROOTMAAT-INFRASTRUKTUUR

Ontwikkelsimplikasies

Die implikasies van die verwagte belegging in mynbou asook die infrastruktuurontwikkeling, kan soos volg opgesom word:

- a) Die meeste van die infrastruktuurbehoefte wat op behuising betrekking het (88%) sal deur die mynbousektor self voorsien word.
- b) Die aantal voertuie per kilometer-pad in die distrik, kan van 5,7 tot 5,8 toeneem. Hierdie syfer is veel laer as die 11,8 voertuie/km vir die Warmbad-distrik, byvoorbeeld. Die verwagte toename in mynbou-uitset sal nie die huidige beladingsfaktor op die meeste paaie in die primêre beplanningsgebied beïnvloed nie.
- c) Die behoefte dat die Goldfields-ontwikkeling meer toeganklik moet wees, sal dramaties toeneem.
- d) Die verwagte toename in bevolking sal onvoldoende wees om 'n passasiersdiens per spoor in te stel.
- e) Die behoefte aan gereelde passasierslugdienste sal steeds beperk wees.
- f) 'n Swaarder las sal op waterbronne geplaas word. Die relatiewe hoë groeikoers per jaar betreffende die waterinvoere na die Laer-Krokodilopvanggebied (5,1%) sal na verwagting in die korttermyn (tot 1995) voortduur. Huidiglik steun mynmaatskappye swaar op die herwinning van hul afvalwater en na verwagting sal hierdie tendens in die toekoms toeneem.

Die stedelike waterverbruik kan teen 'n hoër koers as die historiese 6,3% per jaar van 1985 tot 1988 toeneem. Aan die Magalieswaterraad is sowat 38 miljoen kubieke meter water per jaar toegesê, terwyl die verbruik sowat 8 miljoen kubieke meter beloop het. Dit is dus duidelik dat geen waterskaarste op die korttermyn voorsien word nie.

- g) Daar word geraam dat die elektrisiteit-, water- en gassektor 'n toename in werkgeleenthede van ongeveer 17 poste mag ondervind as gevolg van die mynbousektor se belegging in die primêre beplanningsgebied.
- h) Posdienste word by 14 poskantore gelewer en die behoefte aan verdere poskantore is beperk. Uitbreiding van bestaande fasiliteite sal deur relevante partye oorweeg word sodra huidige fasiliteite ten volle benut word.
- i) Telekommunikasiefasiliteite sal egter uitgebrei moet word om in die behoeftes van nuwe potensiële sake-ondernemings, huishoudings en mynboubedrywighede te voorsien.
- j) Die bestaande rioolwerke in Thabazimbi beskik oor 'n addisionele kapasiteit en kan meeste van die riool van die verwagte totale residensiële ontwikkeling hanteer. Addisionele kapasiteit kan redelik maklik voorsien word. Daar is geen spoelrioolstelsels in Northam nie maar planne is reeds vir so 'n stelsel opgestel en gaan in die afsienbare toekoms ontwikkel word.
- k) Ander dienste soos vullisverwydering kan maklik uitgebrei word om vir die verwagte toename in bevolking voorsiening te maak.

Die algemene infrastruktuurstelsel in die primêre beplanningsgebied is goed ontwikkel en kan die verwagte bevolkingsinvloei akkommodeer. Die beskikbaarheid van finansies word as die mees beperkende probleem rakende die opgradering van bestaande dienste beskou.

Ontwikkelingsprobleme en -geleenthede

PROBLEEM	GELEENTHEID
1. Die vestiging van klein stedelike nodes naby mekaar lei tot die duplikasie van stedelike infrastruktuur, soos veral by Middeldrift. Dit plaas 'n verdere las op skaars geldelike hulpbronne wat vir ander belangrike stedelike fasiliteite aangewend sou kon word.	Die grootmaat-infrastruktuur in bestaande plaaslike owerheidsgebiede is voldoende en kapasiteite kan vergroot word om in die gewenste aanvraag te voorsien.
2. Daar is geen groot damme in die primêre beplanningsgebied wat 'n voldoende en konstante water-voorraad kan voorsien nie, veral aan landbou-ontwikkeling.	Hoewel daar wening ideale terreine vir damme in die primêre beplanningsgebied is, kan die Krokodilrivier se terreingesteldheid benut word vir 'n konstante water-voorraad.
3. Onvoldoende radio- en televisie-ontvangs.	Die SAUK is vir radio- en televisiedienste verantwoordelik en kan die kwaliteit van sy dienste verbeter.
4. Toegang tot en paaie na die Middeldrift-mynkompleks is onvoldoende.	Die mynmaatskappy het aangedui dat hy bereid sal wees om 'n oonweg oor die spoorlyn op te rig wat toegang sal vergemaklik.
5. Toegangspaaie vanaf die PWV-kompleks, veral tussen Brits en Beestekraal, na die primêre beplanningsgebied is in 'n swak toestand en oorlaai.	Belangrike toegangspaaie is geskeduleer om weer geteer te word - maar geldelike toewysings deur die regering is dramaties gesny.
6. Daar bestaan 'n aantal organisasies wat die water-verskaffing aan die primêre beplanningsgebied beheer.	Bestaande instansies kan die kwaliteit van hul water-verskaffingsdienste verbeter by wyse van 'n gekoördineerde benadering.

PROBLEEM	GELEENTHEID
7. Daar is geen passasierspoorvervoerdienis nie.	Daar bestaan spoorwegfasiliteite in die Thabazimbi/Northam-gebied, wat die instelling van 'n passasiersvervoerdienis uitvoerbaar kan maak.

4.4.4 LANDELIKE EN LANDBOU-ONTWIKKELING

Ontwikkellingsimplikasies

Belangrikheid van landbou in die plaaslike ekonomie : Alhoewel die impakanalise 'n daling in die belangrikheid van hierdie sektor van 18,9% in 1990 na 11,4% in 1995 aantoon, moet die afname teen die agtergrond van die groot toename in uitset deur die mynbousektor geïnterpreteer word.

Die impakanalise het ook aangedui dat die ekonomiese skakeling tussen die mynbou- en landbousektore aanleiding sal gee tot 'n behoefte aan verhoogde landbou-uitset asook 'n behoefte aan ongeveer 420 addisionele werkgeleenthede. Dit kan lei tot 'n groei van sowat 1,9% in die landbousektor se bydrae tot die BGP van die primêre beplanningsgebied - hierdie sektor se eie inherente groeipotensiaal is nie hierby ingesluit nie.

Die impak van die mynbousektor op landbouproduksie tesame met die feit dat hierdie sektor 'n "nat" periode betree, kan uitloop op 'n korttermyn-toename van meer as 2,6% per jaar in die landbou-BGP. Dit word gebaseer op die aanname dat die landbou-uitset met sowat 10% oor die volgende vier jaar kan toeneem. Hierdie verhoogde uitset sal aanleiding gee tot 'n jaarlikse groei van sowat 2,5% in die BGP. Tesame met die impak van die belegging in mynbou, word die gemiddelde jaarlikse korttermyn-groei in die landbou-BGP op sowat 4,4% geraam.

Hierdie impak neem die behoeftes van die mynbousektor ten opsigte van landbou in ag en dit impliseer nie noodwendig dat die landbousektor (en enige ander sektor in die plaaslike ekonomie) die gevraagde uitset kan lewer nie. Strategieë is nodig om onder andere die volgende te ontwikkel -

- gediversifiseerde boerderybedrywighede wat 'n vergelykende voordeel inhou, byvoorbeeld die produksie van rooi vleis, wildsvleis, melk, groente en vrugte, en wat werklik in die primêre beplanningsgebied suksesvol kan wees;
- verskerpte boerderybedrywighede en die optimale benutting van natuurlike hulpbronne;
- die entrepreneursvermoë van boere, boerdery-bestuurspraktyke asook die opleiding van boere.

Die huidige finansiële verpligtinge van boere mag 'n beperkende faktor wees wat hul verhoed om in verdere uitbreiding te belê.

Landelike ontwikkeling : Na verwagting sal landelike ontwikkeling slegs in 'n beperkte mate deur die verwagte belegging van die mynbousektor geraak word, aangesien die hoofimpak van die belegging op die formele ekonomiese bedrywighede (insluitende lae-inkometaxivervoer) wat alreeds in stedelike gebiede geleë is, sal fokus. Die groter gedeelte van die impak van verhoogde ekonomiese uitset, sal deur die mynmaatskappye self verskaf word. Die indirekte uitwerking van die beleggings is primêr geleë in die verwagte toename in lae-inkomehuishoudings, die behoefte van die enkellopende mynwerkers om hul gesinne te hervestig, asook informele sektorontwikkeling. Die volgende moontlikhede kan in intensiteit ontwikkel of toeneem as gevolg van verhoogde verstedeliking:

- Toenemende plakkery in en om stedelike gebiede en naby mynhostele;
- 'n verhoogde misdaadsyfer, verhoogde geweld en onstabiliteit in lae-inkomegemeenskappe;
- 'n verhoogde behoefte dat informele sektor sakeondernemings, soos groente- en vrugteverkoppe, moet ontwikkel en/of uitbrei;
- die behoefte aan grond en gepaste dienste vir lae-inkome informele woongebiede;
- 'n toename in landelike gesondheidsprobleme, die behoefte aan fasiliteite en dienste; en
- 'n toename in die werkloosheidsyfer.

Ontwikkelingsprobleme en -geleenthede

PROBLEEM	GELEENTHEDE
1. Plaaslike plaasprodukte verlaat die primêre beplanningsgebied om verder weg bemark of elders verwerk te word en dit loop uit op groot lekkasies van plaaslike ontwikkelingspotensiaal.	Die vestiging van 'n substreek-produktemark sal geleenthede bied vir die meer effektiewe bemarking van landbouproduksie. Die verwagte toename in plaaslike aanvraag vanweë nuwe verstedeliking, sal landbouproduksie stimuleer. Vir verdere ontwikkelingsmoontlikhede, sien Afdeling 4.4.2 oor Besigheids- en Entrepreneursontwikkeling, bladsy 83.
2. Droogtetoestande en die onstabiliteit van die watervoorraad is groot struikelblokke vir boere.	Die meer effektiewe benutting van bestaande waterbronne en die bekendstelling van produkte wat minder afhanklik van 'n konstante watervoorraad is, is noodsaaklik om 'n sterk landbousektor te ontwikkel.
3. Boere het finansiële probleme hoofsaaklik vanweë die afgelope droogtetoestande. Hoë rentekoerse tesame met kapitaalkoste bemoeilik die optimale ontwikkeling van plase.	Finansiële probleme is korttermynprobleme en beter koördinerings tussens landboufinansieringsmeganismes en die boere sal geleenthede bied om die landbousektor te ontwikkel.
4. Baie grensplase is onekonomiese eenhede en grondpryse is té hoog om te kompenseer vir die lae opbrengs vanaf landbouproduksie.	Stabiliteit op die grens is die verantwoordelikheid van die Sentrale Regering. Die regering faseer finansiële insentiewe uit wat 'n aanduiding van stabiliteit in die grensgebied is. Die verskaffing van 'n watervoorsieningstelsel mag landbouproduksie aan die grens laat toeneem.

PROBLEEM	GELEENTHEDE
5. Regulasies met betrekking tot vleis en vleis-verwerking, is onnodig streng en vereis hoë kapitalebelegging.	Die deregulering van beheermaatreëls sal meer geleent-hede aan die vleisverwerkingsnywerheid verbied.
6. Die hoë voorkoms van afwesige plaaseienaars dra nie tot aktiewe boerdery by nie en verhoog die risiko, byvoorbeeld brand.	Die daargestelling van insentiewe om elenaars aan te moedig om op plase te woon of om bestuurders aan te stel, sal tot 'n verhoogde landelike bevolking aanleiding gee en die beter benutting van bestaande sosiale/opvoedkundige dienste asook stabiliteit bevorder.
7. Die benutting van formele opleidingsge-leenthede onder boere in die primêre beplanningsgebied is laag.	Regeringsdepartemente beskik oor goed ontwikkelde struk-ture om boere by te staan, op te lei en van relevante en genoegsame inligting te voorsien. Die koöperasies in die omgewing voorsien die boere ook van belangrike geleent-hede in hierdie opsig.
8. Oorbeweiding van plase verminder dié se dravermoë en loop uit op 'n laer opbrengs van rooi vleis/wildsvleis per hektaar.	Die vestiging van boerderypraktyke met betrekking tot gemengde lewende hawe (byvoorbeeld beeste, skape, bokke en wild).
9. Hoë produksie- en bemarkingskoste noop boere om hul plase te verkoop of om die produksievlak te verminder.	Vergrote plaaslike markte as gevolg van nuwe verstedele-king, die vestiging van 'n varspduktemark, jagge-leenthede asook die ontwikkeling van agro-nywerhede bied groot geleenthede aan die plaaslike boere.
10. Bosindringing op weivelde.	Moontlike houtskoolproduksie-eenhede. Moontlike korttermynwerkgeleenthede in byvoorbeeld uitroeiingspanne.

4.4.5 ONTWIKKELING VAN MENS LIKE HULPBRONNE

Ontwikkelsimplikasies

Die geraamde toename in bevolking as gevolg van die belegging deur die mynbousektor is in die orde van 4,6% en 5,6% per jaar. Vergeleke met die historiese bevolkinggroei van sowat 2,5% per jaar is hierdie toename van belang aangesien dit impliseer dat tussen 2260 en 2790 mense jaarliks in die primêre be-planningsgebied geakkommodeer sal moet word.

Die aantal afhanklikes per werker sal afneem en die verhouding man:vrou sal toeneem. Dit is as gevolg van die feit dat 'n groot gedeelte van die addisionele bevolking enkelopende mynwerkers is (89,7%).

'n Profiel van die beroepsverspreiding in die nuwe mynbousektor lyk soos volg:

- Bestuurs : 0,2%
- Professioneel : 0,3%

-	Administratief/		
	Klerklik	:	1,9%
-	Produksie	:	55,4%
-	Ander	:	42,2%

Hierdie mense sal deur die mynbousektor gewerf word uit 'n breë arbeiderspoel dwarsdeur Suider-Afrika. Hierdie profiel verskil weinig van die bestaande beroepsprofiel van die mynbousektor en die impak van die nuwe belegging in mynbou is gevolglik in hierdie opsig beperk.

Die volgende tendense dui aan dat die bevolkingsamestelling ook slegs beperkte veranderinge sal ondergaan:

		<u>1990</u>	<u>1995</u>
-	Hoë-inkome	:	21,4 20,1
-	Lae-inkome	:	45,2 40,6
-	Enkellopende mynwerkers	:	33,4 39,3

Met 'n lae plaaslike indiensnemingskoers sal meeste van die nuwe arbeid wat nodig gaan word na verwagting van gebiede buite die primêre beplanningsgebied getrek word. Opvoeding en opleidingsaspekte sal in onderafdeling 4.6 behandel word.

'n Aspek wat ernstige oorweging vereis, is die hoë voorkoms van trekarbeid. Hierdie enkellopende mynwerkers neem toe in verhouding met die totale bevolking, maar het geen permanente verblyf in die primêre beplanningsgebied nie. Hulle is ook daarvoor verantwoordelik dat 'n groot gedeelte van hul inkomste na hul gesinne, wat buite die primêre beplanningsgebied woonagtig is, aanstuur, wat plaaslike koopkrag verminder en potensiële markte en plaaslike ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede knou. Wat tans gebeur is dat die primêre beplanningsgebied nie net sy minerale nie, maar ook baie van die huishoudelike inkomstes wat in die mynbousektor gegenereer word, uitvoer. In ruil hiervoor word marginale waarde ontvang.

Ontwikkelingsprobleme en -geleenthede

PROBLEEM	GELEENTHEDE
1. Die bevolkingsdigtheid in die primêre beplanningsgebied is laag, hoofsaaklik vanweë die wydverspreide nedersettings en groot landbou-hinterlande.	Die rasionalisasie van stedelike ontwikkeling en fasiliteite sal aanleiding gee tot bevolkingskonsentrasies met verhoogde drempelwaardes vir sosiale dienste en fasiliteite van 'n hoër orde. Dit sal op sy beurt aanleiding gee tot groter geleenthede vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne.
2. Volwasse opleidingfasiliteite is beperk en die plaaslike bevolking (veral lae-inkomewerkers) word deur 'n lae opvoedkundige peil gekenmerk.	Voldoende opvoeding/opleidingsfasiliteite en programme vir volwasse opleiding sal die bevolking se vaardigheidsvlak opstoot. Die ontwikkeling van 'n tegniese sentrum in Thabazimbi is 'n geleentheid in die verband.

PROBLEEM	GELEENTHEDE
3. Die primêre beplanningsgebied ondervind 'n uitvloeï van geskoolde mense wat gevolglik die gebied se menslike hulpbronnepotensiaal ver-swak.	Die daarstelling van werkgeleenthede, behuising asook sosiale en ontspanningsfasiliteite, sal 'n 'trekkrag' vorm wat die bevolking sal aanmoedig om hulle in die primêre beplanningsgebied te vestig.
4. Die meeste van die plaaslike poste word deur mans gevul.	Die groot vrouebevolking kan in byna enige besigheids- of sosiale instansie in diens geneem word.
5. 'n Klein gedeelte van die stedelike bevolking is by nie-mynboubedrywighede betrokke en die bevolkingsbasis is dus betreklik min gediversifiseerd.	'n Gediversifiseerde stedelike bevolking, wat verwyderd van mynwerkers is, sal slegs plaaslike ekonomiese en sosiale ontwikkelingsgeleenthede en -potensiaal verbeter.

4.4.6 SOSIALE DIENSTE

Ontwikkelsimplikasies

Gesondheidsfasiliteite is wat hospitalisasie aanbetref, voldoende benewens vir die gebrek aan 'n ongevalle-afdeling. Die geraamde korttermynbevolkingstoename sal egter nie voldoende wees vir die vestiging van 'n Provinsiale Hospitaalfasiliteit nie.

Daar is genoegsame primêre skoolfasiliteite wat die verwagte addisionele korttermyninvloei van die hoë-inkomebevolkingsgroep (sowat 600 leerlinge) kan akkommodeer. Wat die lae-inkomegroep betref kan slegs sowat 30 ekstra leerlinge geakkommodeer word wat onvoldoende is om in die behoefte van dié gemeenskap te voorsien (sowat 800 leerlinge).

Sekondêre skoolfasiliteite vir die lae-inkomegroep word reeds oorbenut en sal uitgebrei moet word om die verwagte invloei van hierdie huishoudings te akkommodeer.

'n Tegniese sentrum in Thabazimbi is reeds in 'n gevorderde stadium van voltooiing en sodra dit begin funksioneer, sal dit waardevolle opleidingsgeleenthede aan die gemeenskap bied.

Alhoewel sport- en ontspanningsfasiliteite in die **primêre beplanningsgebied** voldoende is om in die behoeftes van die bevolkingsinvloei te voorsien, ontbreek naglewe-fasiliteite/restourante, ens. Gedurende 'n ad hoc-opname wat onder huishoudings in die primêre beplanningsgebied gemaak is, was dit 'n probleemarea wat geïdentifiseer is.

Na verwagting sal die plaaslike opset ten opsigte van openbare orde en veiligheid nie deur die verwagte toename in bevolking geaffekteer word nie. Mynboubedrywighede, wat grotendeels vir die verwagte invloei van mense verantwoordelik is, sal die meeste van hierdie dienste op hul eiendom lewer. Die SAP het egter aangedui dat hulle hul betrokkenheid sal vergroot sodra die plaaslike situasie dit regverdig.

Vir die ordelike sosiale ontwikkeling van die gemeenskap, sal dit noodsaaklik wees om die opvoeding/opleiding asook ontspanning (aktief sowel as passief) spesifiek as 'n integrale deel van 'n sosiale ontwikkeling strategie aan te spreek. Gemeenskaps en sosiale ontwikkeling is 'n hoë prioriteit vir die regering en dit is spesifiek die plaaslike lae-inkomehuishoudings wat aangespreek moet word.

Misdaad neig om toe te neem namate die bevolking toeneem. Daar word verwag dat fasiliteite en instansies wat publieke orde handhaaf en veiligheidsgeoriënteerde dienste lewer hul kapasiteit sal moet vergroot om gestabiliseerde ekonomiese en gemeenskapsontwikkelings effektief te ondersteun. Dienste soos brandbeskerming asook dienste deur private sekuriteitsfirmas mag dit nodig vind om hul bedrywighede uit te brei wat tot die skepping van potensiële nuwe werkgeleenthede aanleiding kan gee.

Ontwikkelingsprobleme en -geleenthede

PROBLEEM	GELEENTHEDE
1. Gesondheidsdienste word gedupliseer (elke myn het sy eie hospitaal), tog is daar tekorte in sommige velde (byvoorbeeld tandheelkunde en ander gespesialiseerde mediese rigtings), en daar is geen ongevalle fasiliteite by die hospitaal in Thabazimbi nie.	Die rasionalisasie van gesondheidsdienste in 'n gesentraliseerde fasiliteit, soos byvoorbeeld 'n hospitaal in 'n substreek met voldoende fasiliteite, sal tot 'n doeltreffende gesondheidsdiens bydra.
2. Hoë-inkomeskoolfasiliteite word nie ten volle benut nie (Hendriksdalskool is byvoorbeeld gesluit).	Vakante skoolfasiliteite kan in die lae-inkomehuishoudings se behoefte aan soortgelyke fasiliteite voorsien.
3. Daar is geen dubbel-mediumskool in Northam nie.	Die rasionalisasie van skoolfasiliteite mag tot die behoefte aan 'n dubbel-mediumskool in Northam aanleiding gee.
4. Skoolfasiliteite vir lae-inkomehuishoudings is onvoldoende.	Die rasionalisasie van skoolfasiliteite sal voldoende fasiliteite asook opleidingsgeleenthede aan alle inkomegroepe kan bekostig.
5. Daar is geen plaaslike koshuise vir lae-inkomehuishoudings nie.	Grond is beskikbaar vir opleidings- en koshuisfasiliteite.
6. Sport- en ontspanningsgeriewe is onderbenut en gedupliseer (byvoorbeeld 5 golfbane is tot die beskikking van minder as 50000 stede-linge).	Die rasionalisasie van sport- en ontspanningsgeriewe sal aanleiding gee tot die meer koste-effektiewe beskikbaarstelling en benutting van sodanige geriewe.
7. Biblioteekgeriewe en -dienste is ontoereikend en het 'n gebrek aan opvoedkundige leesstof.	Sentrale, streek- en plaaslike regerings asook mynmaatskappye kan bydra tot die uitbreiding van bestaande geriewe.
8. Enkellopende mynwerkers val vrouens uit die lae-inkomegroepe lastig en veroorsaak op dié wyse sosiale en gesinsprobleme asook onstabieliteit. Dit gee aanleiding tot toenemende konflik en gesondheidsrisiko's.	As enkellopende mynwerkers in gesinsverband gevestig sou kon word, sal dit nie net probleme in die lae-inkomegesinne bekamp nie, maar ook die plaaslike koopkrag en sake-ontwikkeling stimuleer.

PROBLEEM	GELEENTHEDE
9. Daar bestaan 'n behoefte aan addisionele polisie-stasies en aanverwante dienste om voldoende beveiligingsdienste in die primêre beplanningsgebied te voorsien.	As die bestaande polisiemag asook mynsekuriteitspersoneel uitgebrei sou word, sal dit die primêre beplanningsgebied beveilig.
10. Die lae-inkomehuishoudings in die landelike gebiede ondervind sosiale ontwikkelingsprobleme (byvoorbeeld versorging van bejaardes gesinsbeplanning, ens).	Die Bevolkingsontwikkelingsprogram bied die geleentheid om hulp oor gesinsbeplanning aan mense te verskaf.

4.4.7 OMGEWINGSASPEKTE

Ontwikkelsimplikasies

Die huidige mynbouwerkzaamhede kan volgens die mynboumetode soos volg gegroepeer word:

- Oopgroefmyne
 - . Yskor
 - . PPC
 - . Rhino Andalusite
- Ondergrondse myne
 - . Rustenburg Platinum (Union Section en Amandelbult Section)
 - . Goldfields (Middeldrift Mine)

Hierdie myne is in die primêre beplanningsgebied geleë en hul werkzaamhede het reeds die omgewing skade berokken. Die verwagte korttermynbelegging asook die verwagte toename in mynbou-uitset, sal uitloop op 'n toename in die intensiteit van lugbesoedeling vanweë minerale afvalhope asook die potensiële besoedeling van oppervlaktewater (Krokodilrivier) en grondwater, ens. Die mynmaatskappye het aangedui dat hulle 'n natuurbewaringsstrategie volg en dat hulle hulself moet neerlê by die betrokke wette wat op die natuurlike omgewing van toepassing is, byvoorbeeld:

Lugbesoedeling : Om te voldoen aan nasionale standaarde soos deur wet bepaal.

Waterbesoedeling : Om te voldoen aan enige wetlike vereistes, die konstante monitering van waterkwaliteit; die voorkoming van afvalwater om by natuurlike strome aan te sluit deur die installasie van nood-afvloeddamme gevolg deur interne waterverspreiding; waterbehandelingsinstallasies om afwykings van standaardafwykings reg te stel.

Oopgroefmyne : Rehabilitasie word gelyktydig met die mynboubedrywighede onderneem en moet die Hoof-inspekteur van Myne tevrede stel. Grondherwinning en uitgewerkte gruisgate moet in ooreenstemming met die toepaslike wette gerehabiliteer word.

Rotshope : Vanweë die aard van mynbou, kom rotshope tot stand en wel in ooreenstemming met die vereistes van wetlike vereistes. Herwinning vind plaas deur die klip van pad- en bou-konstruksie te gebruik.

Slykdamme : Slykdamme is onderworpe aan die herstel van plantegroei en dis 'n voortdurende maatreël gedurende konstruksie.

Hoewel die myne maatreëls volg om die aftakeling van die natuurlike omgewing te voorkom, moet daar besef word dat die nuwe mynboubedryghede die besoedelingsrisiko van veral die Krokodilrivier verhoog. Hierdie rivier is 'n uiters belangrike waterbron vir die primêre beplanningsgebied.

Benewens die maatreëls wat die mynbousektor neem om die risiko van omgewingsbesoedeling te verminder, sal die uitwerking op die omgewing nogtans permanent wees. Hierdie uitwerking sal nie net deur die plaaslike gemeenskap gevoel word nie, maar dit sal ook 'n nadelige invloed op die ontwikkeling van die toeristebedryf hê. Strategieë is dus nodig om die impak wat die mynbousektor op die natuurlike omgewing het, te verminder.

Ontwikkelingsprobleme en -geleenthede

PROBLEEM	GELEENTHEDE
1. 'n Proaktiewe betrokkenheid met betrekking tot die bewaring van omgewingshulpbronne ontbreek.	'n Uitgebreide inventaris van omgewingsbates sal tot proaktiewe bewaringsmaatreëls en -beheer bydra.
2. Die toename in mynboubedryghede bedreig die natuurlike omgewing en sal toerisme-ontwikkeling ontmoedig.	'n Natuurbewaringstrategie met langtermyn doelstellings en -doelwitte bied 'n geleentheid vir omgewingsbewaring.
3. Die versteuring van die natuurlike oppervlakte by mynbou-ontwikkelings en stortingsterreine naby natuurreservate het 'n negatiewe uitwerking op die omgewing.	Die gebruik van afvalmateriaal vir konstruksiedoeleindes en landskapsargitektuur dra by tot die herstel van natuurlike oppervlakte.
4. Die risiko van grondwater-, lug- en geraas-besoedeling neem toe namate mynboubedryghede toeneem.	Die daarstelling van 'n gekoördineerde forum sal die risiko van omgewingsbesoedeling laat afneem en geleentheid bied vir omgewingsbewaring.
5. Bosindringing het 'n negatiewe uitwerking op boerderybedryghede.	Die effektiewe beheer van bosindringing sal tot hoër boerderyproduktiwiteit aanleiding gee en geleentheid bied aan hout- en houtskoolnywerhede.
6. Toenemende verstedeliking sal tot verhoogde omgewingsbesoedeling aanleiding gee.	Plaaslike inisiatiewe om 'n bewustheid van aanwinste in die omgewing te skep, sal aanleiding gee tot 'n hoër vlak van omgewingsbewaring.

4.5 GEVOLGTREKKING

Voorafgaande afdeling het klem gelê op die belangrikste ontwikkelingsprobleme en -geleenthede. Die probleme wat geïdentifiseer is, hou hoofsaaklik verband met die bestaande onontwikkelde potensiaal wat, indien

dit benut sou word, opgelos of aangespreek kan word by wyse van proaktiewe optredes. Alhoewel daar institusionele strukture bestaan om hierdie probleme aan te spreek, is dit nodig dat die gemeenskap van die primêre beplanningsgebied self verantwoordelikheid moet neem en hulself in groepe deel wat toekomstige ontwikkelingsprosesse moet hanteer.

Daar is in vroeëre afdelings daarop gewys dat daar wel geleenthede bestaan om probleme aan te spreek. Sodanige geleenthede is nie altyd gereed of byderhand nie, maar hulle bestaan en kan ontwikkel word om 'n spesifieke probleem te hanteer. In hierdie opsig is dit noodsaaklik dat die rolspelers kreatief moet wees en ten volle gebruik moet maak van die bestaande kennis, vaardighede en organisasiestrukture om 'n meer gebalanseerde plaaslike ekonomiese basis asook standhoudende gemeenskappe te ontwikkel.

Die verwagte belegging in die mynbousektor sal aanleiding gee tot 'n verhoogde mynbou-uitset wat 'n rimpel-effek dwarsdeur die ekonomie van die primêre beplanningsgebied sal hê. As gevolg van die mynbousektor se bestaande skakeling met die plaaslike ekonomie - hoewel beperk - sal 'n toename van die nuwe mynproduksie tot 'n verandering van die uitset van die ander sektore van die ekonomie aanleiding gee. Dit sal op sy beurt 'n behoefte aan 7320 arbeidseenhede skep. Die inkomste wat hierdie addisionele werkers sal ontvang en wat in die plaaslike ekonomie verbruik sal word, sal groter markte vestig en 'n verdere behoefte aan groter uitsette van die ekonomie skep. Hierbenewens sal die addisionele arbeidseenhede en hul afhanklikes 'n bevolkingstoename van tussen 4,6% en 5,6% per jaar tot gevolg hê wat 'n verdere stukrag vir die uitbreiding van plaaslike produksie sal wees. Die impak van die verwagte belegging in die mynbousektor sal gevolglik 'n verandering in die plaaslike ekonomiese struktuur teweegbring. Hierdie veranderinge dui daarop dat die mynbousektor sy rol in die plaaslike ekonomie sal vergroot en die tersiêre sektor mag 'n redelike positiewe toename in sy bydrae tot die plaaslike BGP ondervind.

AFDELING 5 : STRATEGIESE ONTWIKKELINGSPLAN

In hierdie afdeling word 'n ontwikkelingstrategie vir die primêre beplanningsgebied geformuleer. Hierdie strategie word op die volgende elemente van die strategiese ontwikkelingsraamwerk wat vir die projek aanvaar is, gebaseer:

- 'n multi-ontwikkelingsscenario
- ontwikkelingsdoelstellings
- ontwikkelingsdoelwitte
- voorstelle
- sleutelrolspelers
- implementeringsprioriteite.

Die ontwikkelingsvoorstelle, sleutelrolspelers en prioriteite dien as breë riglyn vir die implementering van die ontwikkelingsplan.

5.1 'N MULTI-ONTWIKKELINGSCENARIO

Ten einde betekenisvolle ontwikkelingsvoorstelle te formuleer, is dit eerstens noodsaaklik om die algemene rigting vir toekomstige ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied te bepaal. Sonder sodanige algemene rigting sal die voorstelle neig om op die huidige probleemareas te konsentreer sonder om op die werklike ontwikkelingspotensiaal van die substreek te fokus.

Die mikpunt van hierdie afdeling is om 'n toekomstige ontwikkelingsscenario te formuleer wat as 'n breë riglyn vir die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied moet dien. Hierdie scenario moet as 'n realistiese toekomsvisie van die ontwikkeling wat die algemene rigting van, asook die basis vir die formulering van ontwikkelingsvoorstelle sal uitmaak, beskou word.

Die ontwikkelingsscenario sal 'n wye spektrum van ontwikkelingsaspekte insluit en sal dus 'n multi-dimensionele ontwikkelingsscenario vir die primêre beplanningsgebied verteenwoordig. In die volgende paragrafe word die verskillende elemente van die scenario individueel aangespreek.

Makro-ekonomiese ontwikkeling

Die bestaande markte in die gebied word hoofsaaklik deur mynboubedrywighede geskep en die verwagting is dat ekonomiese diversifikasie nog vir geruime tyd van die groei van die mynbousektor afhanklik sal wees. Die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied sal gekenmerk word deur 'n poging om ekonomiese strukturele veranderinge teweeg te bring deur die gebied se onontwikkelde ontwikkelings-

potensiaal te benut. Dit impliseer dat die plaaslike ekonomie sy afhanklikheid van die mynbousektor as hoofgroeistimulus behoort te verminder en op die onderbenutte ontwikkelingspotensiaal wat in die landbou-, nywerheid en ander sake-sektore bestaan, moet fokus. So 'n verandering sal die voordeel van meer skakeling tussen ekonomiese aktiwiteite asook die ontwikkeling van agglomerasievoordele inhou wat op sy beurt ekonomiese ontwikkeling sal bevorder. Die toename in die interafhanklikheid tussen die ekonomiese sektore in die plaaslike ekonomie, sal geleenthede daarstel vir die ontwikkeling van 'n meer gediversifiseerde en gebalanseerde ekonomiese struktuur. Sodanige ekonomiese strukturele verandering sal nie vanself plaasvind nie en een of ander ingreep is nodig - en wel deur die daarstelling van 'n koördinerende institusionele liggaam.

Besigheids- en entrepreneursontwikkeling

Die besigheidsgemeenskap sal sakegeleenthede eksploiteer wat vanuit die toenemende insetvereistes van die mynbousektor, verstedeliking, uitbreiding van streekmarkte asook toerisme na vore tree. In hierdie verband sal voorkeerprioriteit aan die ontwikkeling en benutting van die volgende geleenthede gegee word:

- * Die plaaslike veredeling van minerale;
- * verskerpte boerderybedrywighede;
- * die ontwikkeling van agro-nywerhede; en
- * die daarstelling van 'n plaaslike en internasionale toeristebedryf.

Hierdie geleenthede sal tot die diversifikasie en uitbreiding van die sake-sektor lei, asook tot 'n verhoogde groeikoers in 'n wye spektrum van werkgeleenthede.

Ten einde stabiele besigheidsontwikkeling te verseker, sal besigheidsverwante opleidingsfasiliteite, ondersteunende infrastrukture en 'n beleid om kleinsake-ontwikkeling te stimuleer in die primêre beplanningsgebied van stapel gestuur word. Besigheidsontwikkeling sal ook fokus op die daarstelling van 'n klimaat wat daartoe sal bydra dat nuwe kapitaal in die gebied belê word.

Landbou-ontwikkeling

Naas die mynbousektor, is die landbousektor die grootste bydraende faktor tot die Bruto Geografiese Produk van die primêre beplanningsgebied. Die toekomstige ontwikkeling van die landbousektor sal gekenmerk word deur geïntensiveerde boerdery in sekere gebiede, asook spesialisasie in boerderyprodukte wat 'n vergelykende voordeel inhou dat hierdie produkte in die gebied gekweek word.

'n Beraamde groeikoers van sowat 4,4% word van hierdie sektor verwag. Om die risiko van veranderende klimaatsomstandighede te verminder en om landbou-uitset te verhoog, sal hierdie sektor georganiseer en gesteun word deur -

- * voortdurende navorsings- en ontwikkelingsprogramme ten opsigte van klimaatstoestande, produkreeks, die benutting van water, winsgewende plaasbestuur, ens;
- * gekoördineerde voorligtingsprogramme aan boere;

- * 'n organisasiestruktuur wat 'n aantal liggame wat die boeregemeenskap verteenwoordig, sal insluit; en
- * 'n meer standhoudende watervoorraad.

Die groter wordende markte wat deur die mynbousektor tesame met toekomstige verstedeliking geskep word, sal plaaslike markte vir landbouprodukte en agro-nywerhede laat uitbrei, wat op sy beurt weer 'n toename van die landbousektor se ontwikkelingspotensiaal en skakeling met die plaaslike ekonomie tot gevolg sal hê.

Stedelike ontwikkeling en verstedeliking

Aangesien dit realisties is om te verwag dat nuwe mynboubedrywighede naby die betrokke mineraal ontwikkel sal word, sal nuwe nodes van mynbou-aktiwiteite gevestig word. In hierdie opsig sal sleutel-mynboupersoneel ook by die nuwe myn geplaas word, tensy die spesifieke mynbou-aktiwiteit van so 'n aard is dat dit onnodig sou wees. Ten einde standhoudende ekonomiese groei te ondersteun, sal enige toekomstige verstedeliking en ekonomiese ontwikkeling, in soverre as wat dit moontlik is, op die bestaande stedelike gebiede konsentreer en dit versterk. Dit sal 'n sleutelaspek van die verstedelikingsproses wees en is noodsaaklik vir die daarstelling van agglomerasievoordele en geleenthede vir verdere ekonomiese ontwikkeling asook werkskepping.

Toekomstige verstedeliking sal ook 'n swaar las plaas op die voorsiening van behuising, veral vir die laer-inkomegemeenskappe en die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied sal dus moet verseker dat bekostigbare behuisingsopsies, sosiale dienste en gemeenskapsfasiliteite as integrale deel van 'n geordende verstedelikingsbeleid beskikbaar moet wees. In hierdie verband sal die fisiese ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied deur 'n ruimtelike-ekonomiese plan gelei word.

Daar bestaan tans 'n aantal openbare en private liggame wat vir stedelike bestuur verantwoordelik is en dit is onvermydelik dat stedelike ontwikkeling in 'n minder gekoördineerde mate sal plaasvind en sal resulteer in die duplisering van dienste en geriewe. Daar sal in die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied 'n poging aangewend word om groter koördinasie en samewerking tussen die onderskeie stedelike bestuurstrukture te verseker.

Grootmaat-infrastruktuur

Grootmaat-infrastruktuur is 'n belangrike voorvereiste vir ontwikkeling en by toekomstige ontwikkeling sal gepoog word om op 'n koste-effektiewe basis in die behoeftes van die stedelike en landelike gemeenskappe te voorsien. In hierdie verband sal alle gemeenskappe behoorlik geakkommodeer word deur die voorsiening van dienste ooreenkomstig die verskillende standarde asook vlakke van bekostigbaarheid.

Ten einde in die posisie te wees om belegging van nuwe kapitaal te lok, sal grootmaak-infrastruktuur insluitend paaie, genoegsaam ontwikkel en onderhou word en die tersaaklike rolspelers sal verseker dat voldoende kapasiteit vir toekomstige stedelike en ekonomiese ontwikkelings beskikbaar is.

Ontwikkeling van menslike hulpbronne

Die ontwikkeling van menslike hulpbronne sal 'n belangrike prioriteit in die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied wees. Die ontwikkeling sal gekenmerk word deur 'n sterk klem op die vestiging van 'n gediversifiseerde bevolkingsbasis in 'n stedelike konteks. Indien enkelopende mynwerkers in gesinsverband gevestig kan word, sal dit 'n groot rol in hierdie opsig speel deur nie net 'n gebalanseerde gesinslewe aan te moedig nie maar ook die verhouding man:vrou te normaliseer. 'n Proaktiewe betrokkenheid in die Bevolkingsontwikkelingsprogram, asook die aanmoediging van volwasse opleiding en onderwys, sal belangrike rolle in die ontwikkeling van die menslike hulpbronne in die primêre beplanningsgebied vervul.

Sosiale dienste, openbare orde en veiligheid

Toekomstige ontwikkeling sal gekenmerk word deur die rasionalisasie van bestaande dienste en deur die verskaffing van voldoende sosiale en gemeenskapsdienste fasiliteite (insluitende opleiding, gesondheid en ontspanning) aan alle gemeenskappe volgens hul bekostigbaarheidsvlakke. Toegang tot sodanige dienste deur alle gemeenskappe sal 'n hoë prioriteit in die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied wees.

Omgewingsbestuur

Stedelike, landelike en ekonomiese ontwikkeling het 'n uitwerking op die natuurlike omgewing. Effektiewe omgewingsbestuurprosedures sal in alle fases van die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied 'n prominente rol speel.

5.2 ONTWIKKELINGSDOELSTELLINGS, -DOELWITTE EN -VOORSTELLE

In hierdie afdeling word voorstelle vir die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied geformuleer. Die benadering wat gevolg word is die volgende:

- Tien kernaangeleenthede is geïdentifiseer (onderafdeling 5.2.1 tot 5.2.10). Hierdie aangeleenthede word kortliks beskryf en maak die hoofelemente van hierdie onderafdeling uit. Die aangeleenthede word ook op so 'n wyse geformuleer dat hulle na aanleiding van 'n spesifieke ontwikkelingsdimensie vertolk kan word. 'n Doelstelling, doelwitte, voorstelle, asook die sleutelrolspelers word in tabelvorm na elke ontwikkelingsaangeleentheid uiteengesit.
- Elke kernaangeleentheid gaan gepaard met 'n breë ontwikkelingsdoelstelling. Hierdie doelstelling moet as 'n ideale situasie vertolk word en is veronderstel om die hooffokus vir die uitvoering van die betrokke voorstelle uit te maak.
- Onder die ontwikkelingsdoelstelling is 'n aantal ontwikkelingsdoelwitte geïdentifiseer wat in meer besonderhede en meer spesifiek omskryf is as die doelstellings self.
- Elke ontwikkelingsdoelwit word weer gevolg deur 'n aantal voorstelle asook sleutelrolspelers wat prioriteit geniet. Tussen die prioriteite word in onderstaande tabelle as hoog (H), medium (M) of laag (L) onderskei.

Ten einde 'n aanduiding te gee van die instansie of liggaam wat die waarskynlikste betrokke sal wees by die implementering van die voorstelle word die betrokke hoofrolspelers vir elke voorstel aangedui. Die rol van die Streekontwikkelingsadvieskomitee vir Streek G is om in hierdie opsig as die hoofkoördineerder op te tree vir die implementering van die voorstelle - veral tydens die aanvangstadiums van die implementeringsproses.

5.2.1 INSTITUSIONELE REËLINGS

Die primêre beplanningsgebied word gekenmerk deur 'n aantal stedelike bestuurstelsels (byvoorbeeld plaaslike owerhede, dorpskomitees, plaaslike gebiedskomitees, mynmaatskappye, ens), wat elk sy eie ontwikkelingsprioriteite en -prosesse het en wat nie noodwendig rekening hou met die ontwikkelingsbehoefte van die primêre beplanningsgebied nie. Toekomstige ontwikkelingsaksies behoort die bestaande stedelike bestuurstrukture te rasionaliseer en poog om alle relevante en hoofrolspelers in 'n 'Metropolitaanse Ontwikkelings-koördinerende Liggaam' te inkorporeer. Die mikpunt van sodanige liggaam mag wees om sub-streekontwikkelings te koördineer, om ordelike verstedelikings te bevorder, asook om koste-effektiewe stedelike bestuur in die primêre beplanningsgebied te verseker. Voorlopige samesprekings in hierdie verband het alreeds tussen Northam PGK, die Thabazimbi Stadsraad, die Regorogile Dorpskomitee en die TPA plaasgevind.

Die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied in die rigting van 'n meer geïntegreerde plaaslike ekonomie, asook effektiewe en doeltreffende stedelike strukture, moet deur 'n ruimtelik-ekonomiese ontwikkelingsplan gerig word. Sodanige ontwikkelingsplan moet byvoorbeeld deur die voorgestelde Metropolitaanse Ontwikkelings-koördinerende Liggaam beheer, geïmplementeer en gemonitor word.

DOELSTELLING: Om te verseker dat die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied deur 'n effektiewe stedelike bestuurstelsel bestuur word					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEITE		
			H	M	L
5.2.1.1 Om die rasionalisasie van stedelike bestuurstrukture te bevorder en 'n Metropolitaanse Ontwikkelings-koördinerende Liggaam in die lewe te roep wat ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied moet koördineer.	a) Oortuig die onderskeie stedelike bestuurstrukture dat stedelike bestuur onder 'n enkele koördinerende ontwikkelingsliggaam meer koste-effektief en doeltreffend sal wees.	Betrokke Regeringsdepartemente, Administrasie Volksraad, Bosveld SDR, TPA dorpsrade, plaaslike gebiedskomitees, dorpskomitees, mynmaatskappye, Thabazimbi Distriklandbouunie (TDLU) en konsultante			

DOELSTELLING: Om te verseker dat die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied deur 'n effektiewe stedelike bestuurstelsel bestuur word					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEITE		
			H	M	L
	b) Om 'n enkele 'Metropolitaanse Ontwikkelings-koördinerende Liggaam (MOKL) in die lewe te roep om gekoördineerde verstedeliking asook effektiewe stedelike bestuur in die substreek te verseker : * Die bestaande plaaslike owerheidsinstansies moet die stigting van die MOKL inisier en koördineer; en * alle relevante rolspelers (die mynmaatskappye inklus) moet instrumenteel wees in die stigting van sodanige koördinerende liggaam. c) Maak seker dat die ander stedelike bestuurstrukture, byvoorbeeld in Dwaalboom, hul funksies uitbrei in ooreenstemming met die aanvraag ten einde ordelike toekomstige verstedeliking te vergemaklik.	Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising, Administrasie Volksraad, Bosveld SDR, TPA, plaaslike owerhede, TDLU en mynmaatskappye TPA, Streeksontwikkelingsvereniging (SOV), Dwaalboom-gebiedskomitee, PPC			
5.2.1.2 Om te verseker dat die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied, veral fisiese ontwikkeling, deur 'n ruimtelik-ekonomiese ontwikkelingstrategie gerig sal word.	a) Formuleer 'n stedelike ontwikkelingsprogram om met toekomstige onderhandelinge oor stedelike strukture en ontwikkeling van hulp te wees en stel 'n substreek-stedelike struktuurplan op (in terme van die Wet op Fisiese Beplanning Wet 125 van 1991) om die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied te rig. Kennis moet onder andere geneem word van - * streekstrategieë * ekonomiese ontwikkelingsbehoefte * die impak en ligging van potensieel ekonomies ontginbare minerale hulpbronne.	Bosveld SDR, TPA, plaaslike owerhede, Departement van Landbou, TDLU, MOKL			
5.2.1.3 Om geïntegreerde streekontwikkeling te bevorder deur bestaande en	a) Verhoog die betrokkenheid van streeks- en Distriksontwikkelingsverenigings (DOV) in die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied.	Bosveld SDR, relevante SOAK : G-komitees, SOV (44), DOV, MOKL			

DOELSTELLING: Om te verseker dat die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied deur 'n effektiewe stedelike bestuurstelsel bestuur word					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEITE		
			H	M	L
nuwe regeringstrukture komitees en verenigings te betrek.	b) Verhoog ekonomiese en sosiale skakeling met ander naburige substreke met behulp van die voorgestelde metropolitaanse sakekamer (sien par. 5.2.2.4), ontwikkelingsverenigings en -komitees.	Relevante SOAK : G-komitees, Streekontwikkelingsvereniging (SOV-44), DOV, MOKL			
	c) Vestig werkverhoudings en koördineer ontwikkelingsaksies met naburige streke en substreke.	Relevante SOAK : G-komitees, SOV (44), DOV, MOKL, Bophuthatswana-regeringsdepartemente.			
	d) Maak seker dat die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied in harmonie is met die geïntegreerde Ontwikkelingstrategie vir Streek G.	Relevante SOAK : G-komitees, SOV (44), DOV, MOKL			
	e) Betrek alle relevante regeringsdepartemente in toekomstige beplanning en ontwikkelingsaksies.	Relevante Regeringsdepartemente, Bosveld SDR, plaaslike owerhede, SOV (44), DOV, MOKL, mynmaatskappye.			
	f) Monitor die behoeftes en aspirasies van alle gemeenskappe en betrek hulle in beplanning en ontwikkelingsaksies wat hulle lewens mag raak.	Bosveld SDR, TPA (stedelike en landelike gemeenskapsontwikkelings-koördinerende programme), plaaslike owerhede, SOV (44), TDLU, MOKL, mynmaatskappye			

5.2.2 GEDIVERSIFISEERDE EKONOMIESE GROEI

Ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied moet gekenmerk word deur die volle benutting van sy ekonomiese ontwikkelingspotensiaal, veral in die landbou-, nywerheid- en besigheidsektore ten einde 'n voortgesette groei in die gebied te verseker. Dit sal tot 'n meer gebalanseerde ekonomiese struktuur aanleiding gee wat op sy beurt weer in staat sal wees om in die wydste moontlike aanvraag na gespesialiseerde, duursame, semi-duursame en verbruikersgoedere en dienste te voorsien. Dit is in hierdie verband noodsaaklik dat 'n poging aangewend moet word om groter samewerking tussen alle sake-ondernemings (boere en mynmaatskappye inkluis), asook die plaaslike gemeenskap te bevorder ten einde plaaslike huishoudingsbesteding te verhoog.

DOESTELLING: Om die ontwikkeling van 'n meer gebalanseerde ekonomiese struktuur in die substreek te bevorder deur middel van gediversifiseerde ekonomiese ontwikkeling.

DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.2.1 Om te verseker dat die ekonomiese ontwikkelingspotensiaal van die gebied effektief benut word.	a) Ontwerp en implementeer strategieë om landbouproduksie te verhoog by wyse van die diversifikasie van boerdery-produkte en -bedrywighede wat 'n vergelykende voordeel in die gebied sal hê, te wete rooi vleis, wild en groente. Ontwikkel 'n bemarkingstrategie vir die bemarking van landbouprodukte.	Departement van Waterwese, MGK, georganiseerde landbou			
	b) Moedig kapitale belegging in agro- en diensgeoriënteerde nywerheidsontwikkeling.	Plaaslike owerhede, MOKL, privaatsektor, konsultante			
	c) Identifiseer en moedig sekondêre nywerhede aan (wat tot plaaslike voordeel van die primêre beplanningsgebied kan strek) om in die gebied te kom vestig.	MOKL, privaatsektor, konsultante			
	d) Moedig die vestiging van besighede aan (kleinhandel, konstruksie, finansiering, dienste) en aanvaar beleidstappe ter ondersteuning van kleinsake-ontwikkeling deur -	TPA, plaaslike owerhede, mynmaatskappye, verbruikersraad, MOKL, Metropolitaanse Sakekamer, (sien ook paragraaf 5.2.2.4 (a))			
	* bekostigbare besigheidsterreine en -persele beskikbaar te stel; * beperkings wat op sake- en veral op kleinsake-ontwikkeling van toepassing was op te hef; en * 'n voortgaande veldtog te loods wat die gemeenskap bewus sal maak dat dit voordelig is om plaaslike sake-ondernemings te ondersteun.				
	e) Integreer en koördineer die ontwikkeling van die plaaslike toeristebedryf met Streek G se Toeristemeesterplan en -	Bosveld SDR, Transvaalse Parkeraad, plaaslike owerhede, MOKL, plaaslike besighede, SATOUR, mynmaatskappye, TDLU, plaaslike wildkomitees			
	* reël wild- en jagfeeste; * vestig myne as opelingsmu-seums;				

DOESTELLING: Om die ontwikkeling van 'n meer gebalanseerde ekonomiese struktuur in die substreek te bevorder deur middel van gediversifiseerde ekonomiese ontwikkeling.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	* inisieer 'n bemarkingsveldtog vir toerisme deur in bestaande nasionale tydskrifte te adverteer; * sentraliseer besprekings fasiliteite vir toeriste (insluitende dié vir wildplase in die primêre beplanningsgebied); en * voorsien voldoende akkommodasie in vakansie-orde, karavaanparke en kampeerterreine.				
5.2.2.2 Om die mynbousektor aan te moedig om aktief betrokke te raak by die ondersteuning van plaaslike besigheidsontwikkeling.	a) Rig vertoë aan die relevante mynmaatskappye om plaaslike ekonomiese ontwikkeling te steun deur - * kommunikasie met die plaaslike owerhede en gemeenskappe te verbeter ten opsigte van hul toekomsplanne; * 'n beleid te aanvaar om so veel as moontlik van die mynbousektor se insette by plaaslike verskaffers aan te koop; * te oorweeg om van plaaslike boukontraakteurs as subkontraakteurs gebruik te maak by die bou van huise en ander konstruksiewerke. b) Moedig plaaslike produsente aan om hul produkte/dienste aan plaaslike mynowerhede te bemark.	Departement van Mineraal- en Energiesake, plaaslike owerhede, MOKL, Kamer van Mynwese, mynmaatskappye, plaaslike besighede Plaaslike besighede, die gemeenskap, asook georganiseerde landbou			
5.2.2.3 Om die ontwikkeling van menslike hulpbronne as 'n integrale element van gediversifiseerde ekonomiese ontwikkeling te bevorder.	a) Vestig beroeps- en tegniese opleidingsgeleenthede wat vir alle lede van die gemeenskap toeganklik is. b) Maak gebruik van bestaande fasiliteite wat deur myne aangebied word om beroepsopleidingsgeleenthede aan te vul.	Departement van Mannekrag, plaaslike owerhede, Teknikons, mynmaatskappye, MOKL Plaaslike owerhede, MOKL, mynmaatskappye			

DOESTELLING: Om die ontwikkeling van 'n meer gebalanseerde ekonomiese struktuur in die substreek te bevorder deur middel van gediversifiseerde ekonomiese ontwikkeling.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.2.4 Om kommunikasie tussen besighede, die gemeenskap, myne en landbou te verbeter.	a) Konstitueer een of meer metropolitaanse nywerheids- en sakekamer(s) om in die gebied werksaam te wees. Verteenwoordiging moet onder andere uit die volgende bestaan - * plaaslike regerings; * mynmaatskappye; * plaaslike besighede; * boere; en * die gemeenskap. b) Die nywerheids- en sakekamer kan ontwikkel uit bestaande nie-funksionerende liggame en wel met die volgende opdragte - * om kommunikasie tussen die betrokke partye (bv. planne van mynmaatskappye, behoeftes in die sakegemeenskap) te verbeter; * om besigheidsontwikkelingsgeleenthede te identifiseer en om die gekoördineerde ekonomiese ontwikkeling van alle ekonomiese bedrywighede te bevorder; * om kleinsake-ontwikkeling te steun; * om die gemeenskap betrokke te kry om te reageer op ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede; en * om lae-inkomegemeenskappe by sake-ontwikkeling te betrek.	Plaaslike owerhede, mynmaatskappye, georganiseerde landbou, MOKL, Suid-Afrikaanse Sakekamer TPA, plaaslike sakegemeenskap, SACOB, NAFCOC, plaaslike gemeenskap			
5.2.2.5 Om dit aantreklik te maak vir besighede om te diversifiseer asook vir nuwe ondernemings om te ontwikkel.	a) Plaaslike owerhede en die sakekamer moet 'n klimaat vestig wat bevorderlik vir besigheidsontwikkeling sal wees, veral ook vir meer kleinhandelafsetgebiede, sodat 'n wyer verskeidenheid van kleinhandelware beskikbaar kan wees.	Plaaslike owerhede, MOKL, Metropolitaanse Sakekamer.			



1

- 1

- die plaaslike verwerking en veredeling van minerale ten einde lekkasies te verminder en om die plaaslike nywerheidsontwikkelingspotensiaal te verhoog.

DOELSTELLING: Om die optimale benutting van minerale hulpbronne te bevorder.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.3.1 Om die eksplorasië en myn van minerale te bevorder - beide deur groot en klein mynmaatskappye.	a) Maak seker dat die potensiaal van ekonomies ontginbare minerale hulpbronne in die gebied en ook die planne van mynmaatskappye aan alle gemeenskappe, relevante rolspelers en potensiële beleggers oorgedra word. b) Identifiseer houers van minerale regte in die gebied en bevorder die myn van ekonomies ontginbare hulpbronne c) Identifiseer potensiële beleggers (plaaslik, nasionaal en internasionaal) om mynbou in die gebied te oorweeg.	Departement van Minerale- en Energiesake, Mintec, mynmaatskappye, konsultante Plaaslike owerhede, MOKL Departement van Minerale- en Energiesake, plaaslike owerhede, MOKL, Regerings-aansporingskemas, mynmaatskappye			
5.2.3.2 Om die plaaslike verwerking en veredeling van minerale wat in die gebied gemyn word, te bevorder.	a) Ontwerp strategieë en aanvaar beleidstappe wat dit vir mynmaatskappye aantreklik sal maak om te poog om minerale wat hul myn plaaslik te verwerk en te veredel. b) Stel vas wat die potensiaal en winsgewendheid sal wees as minerale plaaslik verder verwerk en veredel sou word. c) Bepaal die behoeftes van mynmaatskappye en nader dan die Regering vir steun. Moedig die plaaslike verdere verwerking van minerale aan.	Departement van Minerale- en Energiesake, NOK, MOKL, Mintec, mynmaatskappye Departement van Minerale- en Energiesake, NOK, MOKL Departement van Minerale- en Energiesake, NOK, MOKL, mynmaatskappye			
5.2.3.3 Om te verseker dat die verskillende gemeenskappe die mynmaatskappye ondersteun en hul onderskeie bydraes erken.	a) Maak die gemeenskappe bewus van die rol wat die mynbousektor in die plaaslike ekonomie speel, asook van die bydrae wat hierdie sektor ten opsigte van ontwikkeling maak, naamlik - * natuurbewaring; * omgewingsbeheer; * bydraes tot sosiale en gemeenskapsontwikkeling; en * sport en ontspanning.	Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, TPA, plaaslike owerhede, mynmaatskappye, MOKL, gemeenskappe			

5.2.4 RUIMTELIK-EKONOMIESE ONTWIKKELINGSPATROON

Die toekomstige ruimtelik-ekonomiese ontwikkelingspatroon vir die primêre beplanningsgebied sal in 'n groot mate deur die ligging van die ekonomiese ontginbare minerale hulpbronne en die aanverwante mynbou-aktiwiteite beïnvloed word. Toekomstige verstedeliking sal hierdie elemente in die ruimtelik-ekonomiese patroon moet inkorporeer en sal alle nie-mynbou- en nie-landboubedrywe moet aanmoedig ten einde bestaande stedelike nodes te versterk. Binne die raamwerk van hierdie scenario sal die noodsaaklike stedelike funksies in bestaande nodes ontwikkel word en duplikasie sal ontmoedig word met die oog op -

- toenemende agglomerasievoordele wat ekonomiese ontwikkeling kan aanmoedig; en
- die ontmoediging van die vestiging van nuwe groot stedelike nodes omdat dit die wydverspreide stedelike vestigingspatrone sal versterk en tot die duplisering van infrastruktuur aanleiding sal gee.

DOELSTELLING: Om ordelike verstedeliking in bestaande nodes aan te moedig en die duplisering van stedelike gebiede, wat na aan mekaar geleë is, te ontmoedig.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.4.1 Om gefragmenteerde ontwikkeling te beperk en die ongekoördineerde vorming van nuwe groot nodale punte te ontmoedig; dit is om nodale punte binne die raamwerk van 'n goedgekeurde struktuurplan vir die substreek te ontwikkel.	a) Ondersoek die vergelykende kostes/voordele as sekere verstedelike gebiede verder ontwikkel sou word ten einde 'n hiërargie van nodale punte in die primêre beplanningsgebied uit te maak.	Departement van Streek- en Grondsake, Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising, TPA, plaaslike owerhede, MOKL			
	b) Wysig en aanvaar beleidstappe wat gekonsentreerde stedelike ontwikkeling in sekere gebiede ondersteun ten einde koste-effektiewe stedelike ontwikkeling te verseker, asook om die voordele van agglomerasie te verhoog met spesifieke verwysing na die primêre beplanningsgebied.	Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising, TPA, plaaslike owerhede, MOKL			
	c) Oortuig alle betrokke partye dat die huidige uitgestrekte verstedelingspatroon duur is en dat dit tot voordeel van die regering, die primêre beplanningsgebied en die plaaslike gemeenskappe sal strek as 'n beleid van meer gekonsentreerde verstedeliking gevolg sal word wat op koste-effektiewe ontwikkeling gemik sal wees.	Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising, TPA, plaaslike owerhede, mynmaatskappye, TDLU, MOKL			

DOELSTELLING: Om ordelike verstedeliking in bestaande nodes aan te moedig en die duplisering van stedelike gebiede, wat na aan mekaar geteë is, te ontmoedig.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	Voordele sal soos volg realiseer - * minder duplisering van stedelike dienste omdat dié op 'n hoër drempelwaarde voorsien sal kan word en gevolglik meer effektief benut sal word; * 'n kleiner behoefte aan regering-subsidies; en * hoër drempelvlakke (groter stedelike bevolkings) sal tot 'n diversifikasie van alle stedelike funksies en dienste aanleiding gee - veral sosiale gemeenskapsdienste en -fasiliteite.				
5.2.4.2 Om te verseker dat voldoende bekostigbare behuisingalternatiewe beskikbaar is om in die behoeftes van die gemeenskap, insluitende die bejaardes, te voorsien (beide wat stedelike en landelike gebiede betref).	a) Finaliseer die beplanning en ontwikkeling van lae-inkomedorpe in die primêre beplanningsgebied ooreenkomstig die aanvraag vir woonerwe asook die bekostigbaarheidsvlakke. Verder - * voorsien 'n wye spektrum van woonerwe en keuses van huise; * bepaal hierdie keuses in samewerking met die gemeenskappe op wie dit van toepassing is; * wys mense op die gevestigde finansieringskanale (regering, mynmaatskappye, nutsmaatskappye, banke en bouverenigings) en versprei die inligting oor finansieringsopsies aan lae-inkomehuishoudings; en * maak seker dat die noodsaaklike sosiale fasiliteite en dienste in hierdie residensiële gebiede gevestig word. b) Ontmoedig plakkery en informele nedersettings op plase en myngrond deur bekostigbare behuisingsofsies beskikbaar te stel	Bosveld SDR, TPA, Plaaslike Dorpekomitee (Regorogile), MOKL Bosveld SDR, Stedelike Stigting, NOK, MOKL			

DOELSTELLING: Om ordelike verstedeliking in bestaande nodes aan te moedig en die duplisering van stedelike gebiede, wat na aan mekaar geleë is, te ontmoedig.

DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	en deur die behuisingsontwikkelingsbeleid van die volgende instansies te koördineer - * plaaslike owerhede; * streekowerhede; * regeringsdepartemente; * mynmaatskappye; en * boere. c) Betrek behuisingsnudsmaatskappye en doen aansoek vir fondse by die Onafhanklike Ontwikkelingstrustfonds vir lae-inkomeontwikkeling. d) Moedig die ontwikkeling van medium- en hoë digtheidbehuising (duplekse, meenthuse, troshuse en woonstelle) vir enkellopers en jong egpare aan. e) Neem noodsaaklike stappe om te verseker dat 'n eiendomsmark in die gebied ontwikkel. f) Integreer die behoefte aan behuising in die primêre beplanningsgebied met die behuisingstrategie vir Streek G.	Bosveld SDR, Stedelike Stigting, NOK, MOKL Plaaslike owerhede, MOKL, privaat-ontwikkelaars Plaaslike owerhede, MOKL, Metropolitaanse Sake-kamer, mynmaatskappye Bosveld SDR, plaaslike owerhede, SOV (44), DOV, MOKL, mynmaatskappye			
5.2.4.3 Om agglomerasievoordele te optimiseer deur die ontwikkeling van meer lewensvatbare stedelike gebiede en die vestiging van ekonomiese aktiwiteite te koördineer.	a) Vestig meer lewensvatbare stedelike sentra met 'n breër belastingbasis deur bestaande nodale punte te kombineer om groter sentra te vorm en dié dan aantreklik te maak vir besigheidsontwikkeling, m.a.w. ontwikkel en brei die volgende as nodale punte uit: * Swartklip, Bierspruit en Northam; * Amandelbult en Middeldrift; en * Thabazimbi. b) Berei 'n stedelike struktuurplan voor wat al bogenoemde nodes as 'n ontwikkelende multi-nodale metropolitaanse kompleks insluit. c) Identifiseer stedelike nywerheids/veredelings- en opleidingskomplekse met spoorfasiliteite en toegang tot 'n lughawe.	Departement van Streek- en Grondsake, Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising, Administrasie Volksraad, Bosveld SDR, TPA, plaaslike owerhede, mynmaatskappye, MOKL TPA, plaaslike owerhede, mynmaatskappye, MOKL TPA, plaaslike owerhede, mynmaatskappye, MOKL			

DOELSTELLING: Om ordelike verstedeliking in bestaande nodes aan te moedig en die duplisering van stedelike gebiede, wat na aan mekaar geleë is, te ontmoedig.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	d) Voorsien 'n spoorwegpassasiersdiens tussen die drie nodale punte in ooreenstemming met die aanvraag deur die bestaande spoorlyn en infrastruktuur te benut (sien par. 5.2.9.5) en brei die diens na Mogwase uit.	Departement van Streek- en Grondsake, TPA, plaaslike owerhede, Transnet, MOKL, Bophuthatswana Regering			

5.2.5 OPTIMALE BENUTTING VAN LANDBOU-ONTWIKKELINGSPOTENSIAAL

Die landbousektor van die primêre beplanningsgebied is 'n belangrike ekonomiese aktiwiteit waarvan die potensiaal verder benut kan word. Toekomstige ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied moet poog om sy landbou-ontwikkelingspotensiaal doeltreffend te benut asook om skakeling met die substreek se plaaslike ekonomie uit te brei.

DOELSTELLING: Om die doeltreffende benutting van die substreek se landboupotensiaal te bevorder.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.5.1 Om die onontwikkelde potensiaal van agro-nywerheidsontwikkeling in die gebied te benut.	a) Onderneem lewensvatbaarheidstudies oor die moontlikheid van plaaslike verwerking. 'n Verdere ondersoek moet ook in hierdie opsig gedoen word na plaasprodukte wat tans geproduseer word, asook nuwe produkte soos die volgende: * Sojabone * Grondbone * Groentes * Rooivleis * Wildsvleis * Sonneblom * Mielies * Koljander * Uie * Katoen * Koring * Waatlemoene * Rissies * Paprika. b) Loods doeltreffende bemarkingspogings om agro-nywerhede te vestig.	Departement van Landbou, MGK, Transvaalse Landbou-unie, (TLU), Thabazimbi Distrikslandbou-unie, (TDLU), KSOK MGK, TDLU, KSOK, MOKL			
5.2.5.2. Om optimale gebruik van landbougrond te maak.	a) Herklassifiseer landbougrond wat tans vir ekstensiwe boerdery gebruik word maar wat oor die potensiaal beskik om meer winsgewend en intensief aangewend te word.	Departement van Landbou, Departement van Landbou-ontwikkeling en Waterwese, TDLU, MOKL			

DOELSTELLING: Om die doeltreffende benutting van die substreek se landboupotensiaal te bevorder.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	b) Ontwerp strategieë om bosindringing te stuit en om die veld se dravermoe te verhoog- * Betrek die regering in pogings om bosindringing te stuit; * verkry regeringshulp ten opsigte van subsidieë vir chemiese/ meganiese beheer; en * verseker dat die oorskot hout wat as gevolg van die beheer van bosindringing verkry word, doeltreffend benut word (deur dit as vuurmaakhout te bemark, ens). c) Bevorder en steun die konsolidasie van plase in ekonomiese handelsboerdery-eenhede. d) Ontwerp strategieë om plase wat in besit van die Landbank is op die basis van hul produksiepotensiaal te herevalueer sodat - * plase aan bestaande of voornemende boere verhuur kan word vir 'n tydperk van 3 to 5 jaar met die opsie om te koop, of * hierdie plase gekonsolideer en aan boere verkoop kan word. e) Implementeer rehabilitasieprogramme in gebiede wat deur oorbeweiding en erosie geaffekteer is.	Departement van Landbou, TDLU, Grondbewaringskomitee, SOV (44), DOV, MOKL Departement van Landbou, TPA MGK, TDLU, Landbank Departement van Landbou, TDLU, (Grondbewaringskomitee)			
5.2.5.3 Om die produksie van boerderyprodukte in die gebied te verhoog en te diversifiseer.	a) Ondersoek en identifiseer potensiële boerderyprodukte wat in die gebied verbou kan word volgens 'n vergelykende voordeel en - * doen behoorlike navorsing oor intensiewe produksiemetodes asook plaasbestuurstelsels en ontwikkel dit; * verhoog die produksie van vleis, wild, groente asook ander boerderyprodukte wat potensiaal het	Departement van Landbou, MGK, Landbounavrosingsraad, die koördinerende liggaam vir landbou-uitbreiding, TDLU			

DOELSTELLING: Om die doeltreffende benutting van die substreek se landboupotensiaal te bevorder.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	om winsgewend in die substreek verbou te word; en * maak seker dat die bestaande koördinerende liggaam vir landbou-uitbreiding doeltreffend en gekoördineerd funksioneer sodat boere met die beste advies bedien kan word. b) Inisieer en stel 'n kommunikasiekanaal tussen boere en hul verenigings, sake-ondernemings en die gemeenskap in waardeur markbehoefes gekommunikeer word. c) Koördineer landbou-bedrywighede, boerderyopleiding en uitbreiding, asook mannekragbehoefes.	TDLU, koördinerende liggaam vir landbou-uitbreiding Departement van Landbou, (Uitbreidingsdepartement) MGK, TDLU			
5.2.5.4 Om boere aan te moedig om in hul bemarking meer effektief van plaaslike markte gebruik te maak en hul op dié markte te rig.	a) Brei die rol en funksies van die Distriklandbou-unie uit ten opsigte van landbou-ontwikkeling in die primêre beplanningsgebied. b) Betrek die Distriklandbou-unie en MGK om 'n varsprodukte-markfasiliteit te ontwikkel wat as afsetpunt vir plaasprodukte kan dien. c) Koördineer landbou- en kleinsake-ontwikkeling en vermeerder die skakeling tussen boere en die plaaslike sakegemeenskap. d) Vestig beter samewerking en meer kommunikasiekanale tussen mynmaatskappye en boereverenigings sodat hulle mekaar kan ondersteun. e) Ontwerp beter afsetgebiede vir wild/wildvleis. f) Steun koöperasies en brei hul landbou-ontwikkeling en bemarkingsrol uit tot plaaslike verbruikers, mynmaatskappye inkluis.	MGK, TDLU MGK, TDLU, Distrikboere-vereeniging TDLU, Distrikboere-vereeniging, mynmaatskappye MGK, Distrikboere-vereeniging, mynmaatskappye Departement van Landbou (veeartsenydiens), TDLU, (wildstudiegroep) MGK			

DOELSTELLING: Om die doeltreffende benutting van die substreek se landboupotensiaal te bevorder.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.5.5 Om boere aan te moedig om van opleiding en voorligtingsdienste gebruik te maak om hul winste te vergroot.	a) Vestig 'n voortgaande inligtingsverspreidingsproses om boere in te lig ten opsigte van : * opleidingsprogramme; * sakebestuur; * resultate van produkteavorsing; * koste-effektiewe boerderymetodes; * nuwe produkte; * verbeterde produksiemetodes; * klimaatstoestand, voorspellings en korttermyn verwagtings; * arbeidsverhoudings; * finansiële bestuur; en * voorligtingsdienste aan boere. b) Identifiseer gapings in opleiding en voorligtingsdienste aan boere en maak seker dat hierdie dienste deur die betrokke instansies bekendgestel word. c) Koördineer inligtingsprogramme aan boere en maak seker dat voldoende inligtingsdienste (veral ekonomiese advies) tot alle boere se beskikking is.	Alle betrokke Regeringsdepartemente, plaaslike owerhede, MGK, TDLU, MOKL Departement van Landbou, TDLU, Koördinerende Liggaam Landbouvoorligting Departement van Landbou, TDLU			
5.2.5.6 Om te verseker dat veeartsenykundige dienste voldoende is om siektes te beheer, byvoorbeeld: - bek-en-klou-seer - snotsiekte - varkpes.	a) Werk strategieë uit om behoorlike rooi lyn-beheermaatreëls te verseker (Limpoporivier, asook rondom wildreservate waarin buffels en swartwildebeeste voorkom). b) Verseker dat voldoende beheermaatreëls ingestel en geïmplementeer word.	Departement van Landbou, Ekonomie en Bemaking, TDLU Departement van Landbou (Dieregesondheid en Veeartsenydienste), TDLU			
5.2.5.7 Om watervoorsiening vir landboudoeleindes te verbeter en om meer effektiewe gebruik van waterbronne te maak ten einde die volgende te stimuleer -	a) Moedig die oprigting van moderne besproeiingstelsels aan.	Departement van Waterwese, MGK, TDLU			

DOELSTELLING: Om die doeltreffende benutting van die substreek se landboupotensiaal te bevorder.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
- landbouproduksie - die effektiewe benutting van bestaande besproeiingsinfrastruktuur - die skepping van werkgeleenthede in landelike gebiede.	b) Onderzoek en vergroot die damwal van die Klipvoordam en beveilig die water-voorraad in die Thabazimbi-gebied.	Departement van Waterwese, Waterrade			
	c) Onderzoek die noodsaaklikheid vir 'n groter uitlaat by die Molatedidam.	Departement van Waterwese, Dwaalboom-besproeiingsraad			
	d) Onderzoek die potensiaal van keerwalle, kanale en damme langs die Krokodilrivier.	Departement van Waterwese, Koedoeskop-besproeiingsraad, Makoppawaterraad			
	e) Onderzoek die moontlikheid om 'n dam in die Krokodilrivier suid van Thabazimbi te bou.	Departement van Waterwese, TDLU			
	f) Lig die boeregemeenskap in oor koste-effektiewe waterbestuur en stel sodanige programme bekend en beheer dit.	Departement van Waterwese, Departement van Landbou, TDLU			
	g) Stig 'n besproeiingsraad vir die gebied wat watergebruik vir besproeiingsdoeleindes bevorder, beheer en koördineer, asook om die bou van keerwalle te vergemaklik.	Departement van Waterwese, TDLU			
	h) Werk strategieë uit om 'n voldoende watervoorraad na die Makoppa-besproeiingsgebied te verseker. Hierdie gebied beskik oor infrastruktuur waarmee meer as 5000 ha grond besproei kan word. Dit word egter vanweë 'n onvoldoende hoeveelheid water nie benut nie.	Departement van Waterwese, TDLU, Makoppawaterraad.			
	i) Onderzoek die beskikbaarheid, hoeveelheid en kwaliteit van surpluswater van die myne wat vir landboudoeleindes beskikbaar gestel kan word.	Departement van Waterwese, MGK, TDLU			
	j) Onderzoek die moontlikheid om 'n gedeelte van die verhoogde verskaffing van water aan die PWW-kompleks na die primêre beplanningsgebied te kanaliseer vir landboudoeleindes	Departement van Waterwese, MGK, TDLU			

DOELSTELLING: Om die doeltreffende benutting van die substreek se landboupotensiaal te bevorder.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.5.8 Om die landelike gemeenskappe se lewenstandaard te verhoog.	a) Maak gebruik van die Bevolkingsontwikkelingsprogram en betrek die sake- en boerderygemeenskap, byvoorbeeld - * die oplei en indiensneem van vroue; * help dat die landelike omgewing waarin werknemers woon, aan die minimumvereistes ten opsigte van 'n varswatervoorraad, sanitasiegeriewe en verblyf voldoen; * skep realistiese beloningspakkette vir werknemers; * ontwikkel selfhelpstelsels (byvoorbeeld behuising) waarby die plaaslike landelike gemeenskappe betrokke kan raak; * vergemaklik die integrasie tussen gesinsbeplanning en opleidingskursusse; * verskaf finansiële steun aan wel-synsprojekte vir werknemers; en * lei plaaswerkers op ten opsigte van tegniese vaardighede. b) Ondersoek die redes (ekonomies) vir die agteruitgang van boerdery-/landelike gebiede. c) Ontwerp strategieë (sosiaal en ekonomies) om landelike gebiede en plase te herbevolk.	Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, Departement van Mannekrag, Departement van Onderwys en Opleiding, TPA, (landelike gemeenskapontwikkelingsprogramme, Gemeenskapsgesondheidsdepartement), georganiseerde landbou Departement van Landbou (Ekonomiese Dienste), TPA, TDLU Departement van Plaaslike Regering en Nasionale Behuising, TPA, TDLU			
5.2.5.9 Om landelike gebiede van bekostigbare infrastruktuur te voorsien (sien par. 5.2.9):	a) Ondersoekbekostigbare opsies ten opsigte van elektrisiteitsverskaffing in die landelike gebiede. b) Gradeer Pad 869 tussen Dwaalboom en Northam op en onderhou dit sodat boerderyprodukte daarop vervoer kan word. c) Ontwikkel 'n stelsel van klein keervalle asook bergplek vir oppervlaktewater in die Makoppa- en Dwaalboom-gebiede.	Eskom, TDLU TPA, Bophuthatswana se Departement van Werke, TDLU Departement van Waterwese, Departement van Landbou, TDLU, Besproeiingsraad			

DOELSTELLING: Om die doeltreffende benutting van die substreek se landboupotensiaal te bevorder.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	d) Gradeer Pad P16-2 noordwes van Northam op en onderhou dit.	TPA, TDLU			
	e) Gradeer Pad 727 (Makoppa-pad) op en onderhou dit.	TPA, TDLU			
5.2.5.10 Om geskikte finansieringsopsies vir landbou te voorsien.	a) Ondersoek die moontlikheid van mediumtermynfinansiering (3-5 jaar) vir die teel van 'n vee (lewende hawe en wild). b) Ondersoek die moontlikheid van medium- tot langtermynfinansiering (8-10 jaar) vir verbeteringe op plase, besproeiingsontwikkeling, roerende bates, beplanning, ens. van plase met lewende hawe.	Landbank, finansiële instansies, MGK, TDLU, Transvaalse Lewendehawe Koöperasie (TLK) Landbank, finansiële instellings, MGK, TDLU, TLK			
5.2.5.11 Om stabiliteit in die landbou-arbeidsmag te verseker.	a) Ontwerp strategieë om goeie arbeids-verhoudings en stabiliteit in die gebied se arbeidsmag te behou, asook om poste te skep.	TDLU			
5.2.5.12 Om wildboerdery te verbeter.	a) Beplan strategieë om addisionele inkomste uit wildboerdery, jag asook nuwe produkte van wildplase te verbeter. b) Beplan strategieë om die toerismewontwikkelingspotensiaal ten opsigte van veldlewe, jag, ens. te verhoog.	TLK, TDLU, MGK, Wildboerderykomitee Toerismeraad, TDLU, DOV, MOKL			

5.2.6 KLEINSAKE- EN ENTREPRENEURSONTWIKKELING

Die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied behoort deur gunstige omstandighede gekenmerk te word vir kleinsake-ontwikkeling om te gedy (dit sluit informele ekonomiese aktiwiteite in). Dit sal op sy beurt bydra tot die diversifikasie van die plaaslike ekonomie. In hierdie verband is 'n wye spektrum van opleidingsgeleenthede (insluitende praktiese opleiding) 'n prioriteit sodat die geskoolde werkerskorps kan uitbrei en ontlukende sakemanne na vore kan tree. Laasgenoemde sal vir die plaaslike ekonomiese ontwikkeling verantwoordelik wees.

DOELSTELLING: Om 'n klimaat te skep wat gunstig vir kleinsake-ontwikkeling is.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.6.1 Om werkgeleenthede vir vroue te skep.	a) Bepaal die behoefte en stel vas op watter manier vrouens in sake-ontwikkeling geakkommodeer kan word, byvoorbeeld in subkontrakte van groter maatskappye. b) Bevorder die konsep van tuisnywerhede. c) Bevorder kleinsakebedrywighede om saam te val met jaarlikse gebeurlikhede in die gebied.	Mynmaatskappye, georganiseerde landbou, Metropolitaanse Sakekamer Metropolitaanse Sakekamer Metropolitaanse Sakekamer			
5.2.6.2 Om te verseker dat bestaande opleidingsfasiliteite effektief benut sal word en dat alle gemeenskappe gelyke toegang tot opleidingsgeleenthede het.	a) Identifiseer die behoefte vir plaaslike opleiding betreffende beroeps-, besigheids- en tegniese vaardighede, ens. en ontwerp strategieë om voldoende opleidingsfasiliteite en -dienste te verskaf. b) Ondersoek die moontlikheid om 'n mynbou-opleidingskollege op te rig. c) Identifiseer in samewerking met sake-ondernemings en opleidingsinstansies die behoefte aan na-uurse opleidingsdienste. Bevorder ook die voorsiening en benutting van sodanige fasiliteite. d) Ondersoek die moontlikheid van 'n tegniese skool.	Departement van Onderwys, mynmaatskappye, KSOK, MOKL Departement van Mineraal- en Energiesake, Departement van Onderwys en Opleiding, KSOK, BIFSA, EDSA, MOKL KSOK, MOKL MOKL, Technikon, Metropolitaanse Sakekamer			
5.2.6.3 Om gunstige toestande vir kleinsake-ontwikkeling daar te stel.	a) Ondersoek die volgende probleme wat deur kleinsake-ondernemings ondervind word en werk strategieë uit om hierdie probleme aan te spreek: * Beheermeganismes (wette, verordeninge, regulasies, ens); * toegang to finansiering; * kostestrukture; * lisensies; * markte; * opleiding; en * erwe teen redelike pryse.	Plaaslike owerhede, NAFCO, SABCOS, Metropolitaanse Sakekamer			

DOELSTELLING: Om 'n klimaat te skep wat gunstig vir kleinsake-ontwikkeling is.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	b) Skep 'n bewustheid onder die plaaslike bevolking van die beskikbaarheid van klein lenings wat deur die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie beskikbaar gestel word. c) Vergroot die betrokkenheid van die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie in die gebied. d) Moedig plaaslike owerhede aan om 'n beleid te aanvaar wat meer bewegingsvryheid sal bied, asook minder streng sal wees ten opsigte van die ligging van informele bedrywighede binne die goedgekeurde handelsgebiede. e) Organiseer 'n jaarlikse Sakeweek met uitstallings. f) Erken informele bedrywighede en hul verteenwoordigende verenigings, byvoorbeeld SABTA en FABCOS.	MOKL, KSOK, Metropolitaanse Sakekamer Plaaslike owerhede, MOKL, KSOK Plaaslike owerhede, MOKL Plaaslike owerhede, MOKL, Metropolitaanse Sakekamer Plaaslike owerhede, MOKL			

5.2.7 VOLDOENDE GEMEENSKAPS-/SOSIALE DIENSTE

In die ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied moet die verskaffing van gesondheids-, onderwys-, ontspannings- en ander fasiliteite en dienste (insluitende dit wat deur mynmaatskappye voorsien word), gerasionaliseer word. Ten einde bestaande en nuwe dienste/fasiliteite meer lewensvatbaar te maak, moet dit op aanvraag van al die gemeenskappe asook op 'n rasonale ekonomiese basis verskaf word.

Die primêre beplanningsgebied sal 'n toename in die verstedelikingstempo ondervind. Dit sal weer tot hoër misdaadsyfers, ens. en onstabieleit in al die gemeenskappe lei. Toekomstige ontwikkeling moet dus gekenmerk word deur die rasionalisering van die veiligheidsdienste, asook die daarstelling van die betrokke dienste wat veiligheid en stabiliteit in alle stedelike en landelike gemeenskappe sal verseker.

DOELSTELLING: Om op aanvraag al die noodsaaklike sosiale en gemeenskapsfasiliteite en -dienste daar te stel.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.7.1 Om te verseker dat alle gemeenskappe toegang tot skole en noodsaaklike onderwysfasiliteite het.	a) Aanvaar die volgende benadering - * rasionaliseer bestaande fasiliteite en verseker die doeltreffende benutting van hierdie fasiliteite; * voorsien voldoende infrastruktuur by skole om die doeltreffendheid van die onderwysstelsel te verhoog; * rig betyds skole/koskole (beide primêr en sekondêr) op om die oorstrooming van skoolfasiliteite te voorkom, sodat die gemeenskap nie van skoolfasiliteite buite die primêre beplanningsgebied gebruik hoef te maak nie (soos byvoorbeeld 'n dubbelmedium skool by Northam); en * voorsien tegniese skole.	Departement van Onderwys- en Opleiding, plaaslike owerhede, MOKL			
	b) Monitor die voorsiening van skoolfasiliteite teenoor amptelike standaarde (byvoorbeeld leerlinge per skool, leerlinge per onderwyser, skole per intermediêre fasiliteit, soos tegniese opleidingsfasiliteite) en maak seker dat die vereistes betyds ontmoet word.	Departement van Onderwys- en Opleiding, plaaslike owerhede, MOKL			
5.2.7.2 Om te verseker dat die veiligheidsituasie in die gebied gehandhaaf word.	a) Monitor die veiligheidsituasie en tree proaktief op ten einde te verseker dat hierdie dienste betyds opgegradeer sal word.	Departement van Polisie, plaaslike owerhede, Bosveld SDR, MOKL			
5.2.7.3 Om te verseker dat voldoende sport- en ontspanningsgeriewe verskaf word (binne die raamwerk van beskikbare fondse), sodat die behoeftes van die onderskeie gemeenskappe geakkommodeer kan word.	a) Bevorder beter samewerking tussen plaaslike owerhede, mynmaatskappye en die PPC (Dwaalboom) ten opsigte van die verskaffing van sport- en ontspanningsgeriewe asook die doeltreffende benutting van bestaande fasiliteite.	Plaaslike owerhede, Bosveld SDR, MOKL, PPC, mynmaatskappye			
	b) Brei bestaande klubfasiliteite volgens aanvraag uit.	Plaaslike owerhede, MOKL, PPC, mynmaatskappye			

DOELSTELLING: Om op aanvraag al die noodsaaklike sosiale en gemeenskapsfasiliteite en -dienste daar te stel.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	c) Identifiseer die behoefte aan en ontwikkel sport- en ontspanningsgeriewe wat in die behoeftes van alle gemeenskappe sal voldoen en lig hulle dienoreenkomstig in dat die fasiliteite oop is vir almal. d) Identifiseer die behoefte en lewer vertoër aan die mynowerhede om 'n beleid te oorweeg dat hul 'n sentrale sport- en ontspanningsfasiliteit finansieel ondersteun.	Bosveld SDR, plaaslike owerhede, MOKL Plaaslike owerhede, MOKL			
5.2.7.4 Om te verseker dat die gemeenskap toegang tot voldoende gesondheidsdienste en -fasiliteite het.	a) Stel die persepsie van sommige gemeenskappe in die reine en bring die besef tuis dat die hospitaalgeriewe in Thabazimbi oop is vir almal. b) Loods 'n inligtingsveldtog onder die gemeenskap ten opsigte van hospitalisasie-prosedures en mediese fasiliteite wat tot hulle beskikking is. c) Neem meer gesondheidsbeamptes en mediese personeel in diens om noodsaaklike dienste in ooreenstemming met die aanvraag te verrig. d) Nader die Regering om gesondheidsdienste in die gebied te rasionaliseer en om die oorvleueling van dienste en fasiliteite te voorkom. e) Ontwerp strategieë (betrek die Departement van Gesondheid, TPA, plaaslike owerhede en mynmaatskappye) en vestig 'n werkverhouding ten opsigte van ongevallehantering.	TPA, plaaslike owerhede, MOKL, mynmaatskappye TPA, plaaslike owerhede, MOKL TPA, plaaslike owerhede, MOKL TPA, plaaslike owerhede, MOKL TPA, plaaslike owerhede, MOKL, mynmaatskappye			

5.2.8 ONTWIKKELING VAN MENSlike HULPBRONNE

Die primêre beplanningsgebied word gekenmerk deur 'n klein gedeelte van die stedelike bevolking wat in diens van nie-mynbouverwante aktiwiteite staan, 'n uitvloe van geskoolde mense, asook beperkte opleidingsgeleenthede vir volwassenes. Ontwikkeling moet gepaard gaan met die skepping van addisionele werk- en opleidingsgeleenthede wat oor 'n wye spektrum strek ten einde die ontwikkeling van 'n meer gediversifiseerde bevolkingsbasis te bevorder (te wete die indiensneming van plaaslike mense, toenemende be-

volkingsdigtheid in groter stedelike nodes, programme vir volwasse-onderwys, meer werkgeleenthede vir vroue, ens.).

DOELSTELLING: Om 'n meer gediversifiseerde bevolkingsbasis te vestig, naamlik 'n meer gebalanseerde verhouding tussen die getal mans en vrouens, asook tussen die verskillende ouderdomsgroepe.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.8.1 Om volwasse-onderwys te bevorder.	a) Skep geleenthede vir volwasse-onderwys (vir beide mans en vrouens), byvoorbeeld - * loopbaangerigte opleiding; * geletterheidsklasse; * vaardigheidsopleiding; en * tegniese opleiding.	Departement van Onderwys- en Opleiding, Departement van Mannekrag, plaaslike owerhede, die sakegemeenskap, MOKL			
5.2.8.2 Om die gebruik van die Bevolkingsontwikkelingsprogram te bevorder.	a) Moedig al die gemeenskappe wat nog nie deel is van die Bevolkingsontwikkelingsprogram nie aan om daaraan deel te neem.	Departement van Nasionale Gesondheid, plaaslike owerhede, MOKL			
5.2.8.3 Om die indiensneming van plaaslike arbeid eerder as ingevoerde arbeid te bevorder.	a) Vestig beter skakeling tussen plaaslike owerhede, onderwysowerhede en die sakegemeenskappe om vas te stel wat die arbeidsmag se onderwysbehoefte is. b) Stabiliseer die plaaslike bevolking deur indiensneming van die plaaslike arbeidsmag deur middel van plaaslike werkverskaffingsburo's. c) Stel 'n werkloosheidsregister op en hou dit op datum sodat sake- en boerderygemeenskappe gereeld op hoogte gehou kan word van mense wat werk soek. d) Bevorder plaaslike eiendomsreg en verseker dat die gemeenskap se stedelike behoeftes (byvoorbeeld werkverskaffings-, akkommodasie-, sport- en ontspannings-, onderwys- en kulturele behoeftes) ontmoet word.	Plaaslike owerhede, TDLU, MOKL, mynmaatskappye, Metropolitaanse Sakekamer Plaaslike owerhede, MOKL, Metropolitaanse Sakekamer, georganiseerde landbou, mynmaatskappye Departement van Mannekrag, plaaslike owerhede, MOKL TPA, plaaslike owerhede, MOKL, mynmaatskappye			
5.2.8.4 Om enkellopende mynwerkers aan te moedig om hulle in gesinsverband te vestig.	a) Moedig mynmaatskappye aan om 'n behuisingsbeleid te aanvaar wat enkellopende mynwerkers in staat sal stel om hulle in hul gesinsverband op bestaande erwe te kom vestig.	Bosveld SDR, plaaslike owerhede, MOKL, mynmaatskappye			

5.2.9 DIE VOLLE SPEKTRUM VAN INFRASTRUKTUUR

Die primêre beplanningsgebied sal 'n invloed van enkellopende mynwerkers en lae-inkome gemeenskappe ondervind aan wie daar bekostigbare infrastruktuur asook omgewingsdienste verskaf sal moet word. Hierdie dienste moet betyds voorsien word en wel op verskillende vlakke van bekostigbaarheid ten einde te verseker dat alle gemeenskappe toegang tot essensiële infrastruktuur sal hê.

Daar sal in die toekomstige ontwikkeling van die primêre beplanningsgebied gepoog word om die verskaffing van grootmaat-infrastruktuur te rasionaliseer en om verdere duplikasie te ontmoedig. Langs hierdie weg behoort die verskaffing van noodsaaklike grootmaat-infrastruktuur aan alle gemeenskappe, in soverre dit moontlik is, binne die raamwerk van koste-verhaalbare beginsels geskied.

DOELSTELLING: Om te verseker dat -					
a) Alle gemeenskappe toegang tot noodsaaklike infrastruktuur sal hê wat hulle kan bekostig; en					
b) dat die primêre beplanningsgebied noodsaaklike infrastruktuur sal verskaf met voldoende kapasiteit om ekonomiese groei te bespoedig, asook om nuwe kapitale beleggings te lok.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.9.1 Om te verseker dat voldoende grootmaat-infrastruktuur optimaal in die gebied waar dit benut gaan word, verskaf sal word.	a) Verskaf grootmaat-infrastruktuurdienste op 'n koste-effektiewe basis.	TPA, Bosveld SDR, Eskom, MOKL, mynmaatskappye			
	b) Rasionaliseer die grootmaat-infrastruktuur wat deur die mynmaatskappye en die plaaslike owerhede verskaf word.	TPA, Bosveld SDR, Eskom, MOKL, mynmaatskappye			
	c) Verhoog die samewerking tussen die streekowerhede, plaaslike owerhede en mynmaatskappye ten opsigte van die verskaffing van grootmaat-infrastruktuur.	TPA, Bosveld SDR, Eskom, MOKL, mynmaatskappye			
	d) Aanvaar beleidsrigtings, identifiseer projekte en ontwikkel geleenthede waar gemeenskappe betrek kan word in die totstandbring van infrastruktuur deur eie inisiatief en arbeidsinset, byvoorbeeld -	TPA, Bosveld SDR, Eskom, MOKL, mynmaatskappye			
	* Bou van huise; * maak van bakstene; * bou van paaie; * ontwikkeling van parke; en * maak van sypaadjies.				
	e) Monitor bevolkingsinvloed (wat hoofsaaklik gepaard sal gaan met die verwagte toename in myn	TPA, Bosveld SDR, Eskom, MOKL, mynmaatskappye			

DOELSTELLING: Om te verseker dat -					
a) Alle gemeenskappe toegang tot noodsaaklike infrastruktuur sal hê wat hulle kan bekostig; en b) dat die primêre beplanningsgebied noodsaaklike infrastruktuur sal verskaf met voldoende kapasiteit om ekonomiese groei te bespoedig, asook om nuwe kapitale beleggings te lok.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	boubedryghede) en beplan woongebiede en gemeenskapsfasiliteite om hierdie mense te akkommodeer. f) Betrek instansies soos Pos- en Telekommunikasiewese en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie om betyds voldoende dienste in te stel.	Bosveld SDR, MOKL			
5.2.9.2 Om die lewenskwaliteit in die bestaande lae-inkomedorpe (bv. die TPA-dorp in Thabazimbi) te verhoog.	a) Ondersoek die moontlikheid en bespoedig die opgradering van behuising, gemeenskapsfasiliteite, toegang tot paaie en plaveisel terwyl die bekostigbaarheidsvlak van die gemeenskap en die beskikbaarheid van fondse in ag geneem word.	Bosveld SDR, MOKL			
5.2.9.3 Om die effektiewe benutting van waterbronne te bevorder.	a) Verbeter die kwaliteit van watervoorsieningsdienste deur die koördinerings van die bestaande onderskeie watervoorsieningsowerhede. b) Skakelinge met die onderskeie owerhede wat verantwoordelik is vir water om - * ondersoek alternatiewe moontlikhede van watervoorsiening; en * lig die gemeenskap in oor die nodigheid om water doeltreffend te benut.	Departement van Waterwese, Magalies Waterraad, MOKL Plaaslike owerhede, MOKL			
5.2.9.4 Om alle stedelike gebiede, veral die nuwe mynboubedryghede, maklik deur paaie toeganklik te maak.	a) Gradeer die hoof noord/suid-toegangsroetes tot die primêre beplanningsgebied op volgens aanvraag en verseker onderhoud (d.i. paaie R510 en R511). b) Beplan en ontwikkel paaie om die oos/wes-toeganklikheid tussen paaie R510 en R511 na die noorde te vergroot.	TPA, plaaslike owerhede, MOKL TPA, plaaslike owerhede, MOKL			
5.2.9.5 Om 'n spoorstelsel vir die pendel van werkers tussen	a) Ondersoek die behoefte, drempelvlakke en koste/voordeel om 'n spoorvervoerstelsel in te stel en werk strategieë uit om so	Plaaslike owerhede, MOKL, Spoorwet, Bophuthatswana-regering			

DOELSTELLING: Om te verseker dat -					
a) Alle gemeenskappe toegang tot noodsaaklike infrastruktuur sal hê wat hulle kan bekostig; en b) dat die primêre beplanningsgebied noodsaaklike infrastruktuur sal verskaf met voldoende kapasiteit om ekonomiese groei te bespoedig, asook om nuwe kapitale beleggings te lok.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
Thabazimbi en Northam in te stel deur van bestaande infrastruktuur gebruik te maak.	danige stelsel op bestaande spoorweg-infrastruktuur te implementeer in die lig van huidige en verwagte ontwikkeling in Thabazimbi, die mynboukompleks (Amandelbult/Middeldrift), die Northam/Swartklip-gebied en Mogwase.				
5.2.9.6 Om te verseker dat genoegsame elektrisiteit beskikbaar is om die behoeftes van die verwagte bevolkingsvloei en stedelike ontwikkeling te akkommodeer.	a) Monitor bevolkings- en ekonomiese groei en koördineer die verwagte behoefte aan elektrisiteit met Eskom.	Plaaslike owerhede, MOKL, Eskom, mynmaatskappye			

5.2.10 EFFEKTIEWE OMGEWINGSBESTUUR EN -BEHEER

Bestaande sowel as nuwe mynboubedrywighede, landbou-ontwikkeling en verstedeliking sal 'n negatiewe uitwerking op die natuurlike omgewing hê. Ten einde die natuurlike omgewing te bewaar, sal toekomstige verstedeliking en ekonomiese ontwikkeling onderworpe wees aan doeltreffend geïntegreerde omgewingsbestuur en -beheermeganismes.

DOELSTELLING: Om die natuurlike omgewing te bewaar en om aangetaste gebiede in hul oorspronklike staat te herstel.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
5.2.10.1 Om 'n pro-aktiewe betrokkenheid met betrekking tot die bewaring van omgewingshulpbronne te bevorder.	a) Verseker deur alle partye te betrek dat omgewingsbestuur en -beheer streekverantwoordelikhede en -funksies word. b) Koördineer die verskeie omgewingsbestuursplanne (veral dié van die myne) met behulp van die betrokkenheid van die	TPA, plaaslike owerhede, MOKL, SOV (44), mynmaatskappye TPA, plaaslike owerhede, MOKL, TDLU, (Grondbewaringskomitee), mynmaat-			

DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	Departement van Omgewingsake; en - * identifiseer ekologies sensitiewe areas; * onderneem omgewingsimpakstudies; * maak seker dat die versteunde landskap herstel sal word ten einde die langtermynbenutting van natuurlike hulpbronne te verhoog; * formuleer 'n natuurbewaringstrategie; en * stel geïntegreerde omgewingsbestuursprosedures in. c) Mynhuise behoort die kostes verbonde aan omgewingskade wat deur hul produksiebedrywighede geskep word, te dra.	skappye MOKL, mynmaatskappye			
5.2.10.2 Om te verseker dat die rehabilitasie van die natuurlike omgewing vir almal verpligtend is.	a) Betrek die Departemente van Mineraal- en Energiesake asook Omgewingsake om toe te sien dat daar aan al die wette en regulasies voldoen word. b) Betrek die plaaslike owerhede, mynwese, landbou en sakesektore om 'n beheerplan vir die omgewing te formuleer. c) Maak die gemeenskap bewus van die nodigheid van omgewingsbeheer en bewaring (vgl. grêen watch) en betrek hulle in soortgelyke ondernemings.	Departement van Mineraal- en Energiesake, plaaslike owerhede, MOKL TPA, plaaslike owerhede, MOKL, geörganiseerde landbou, mynmaatskappye Departement van Omgewingsake, TPA, plaaslike owerhede, MOKL			
5.2.10.3 Om die risiko van grondwater-, lug- en geraasbesoedeling wat gepaard gaan met 'n toename in mynbeweryghede en verstedeliking, te verminder.	a) Monitor die impak van verstedeliking en ekonomiese ontwikkeling op die natuurlike omgewing en die doeltreffendheid van beheer- en bewaringsmaatreëls. b) Vestig 'n gekoördineerde forum (vertegenwoordig deur plaaslike gemeenskappe, mynmaatskappye, besighede, boere, plaas-	Departement van Omgewingsake, Departement van Mineraal- en Energiesake, TPA, plaaslike owerhede, MOKL Bosveld SDR, TPA, SOV (44), plaaslike owerhede, MOKL			

DOELSTELLING: Om die natuurlike omgewing te bewaar en om aangetaste gebiede in hul oorspronklike staat te herstel.					
DOELWITTE	VOORSTELLE	SLEUTELROLSPELERS	PRIORITEIT		
			H	M	L
	like owerhede, verenigings, unies en Regeringsdepartemente) om kommunikasie tussen relevante partye te verbeter asook om by te dra tot die doeltreffende bestuur van die natuurlike omgewing. c) Monitor die kwaliteit/kwantiteit van ondergrondse water.	Departement van Waterwese, Departement van Mineraal- en Energiesake, mynmaatskappye			

5.3 GEVOLTREKKING

Die mynbousektor met die verwagte gepaardgaande ontwikkeling, sal sonder twyfel ontwikkelingsgeleenthede in die primêre beplanningsgebied laat toeneem. Alhoewel die toekomstige ontwikkeling (te wete belegging in bestaande en nuwe mynbou-aktiwiteite) tot 'n toename in die wanbalans van die plaaslike ekonomiese struktuur sal lei, kan hierdie sektor se rol in ekonomiese groei nie oorskat word nie. Dit is ook belangrik om te besef dat die mynbousektor se groei deur fluktuierende internasionale markte beïnvloed word en standhoudende langtermyn groei vanuit hierdie sektor sal altyd onseker wees. Dit is dus noodsaaklik dat die primêre beplanningsgebied sy groeivoorsigte sal moet diversifiseer om sodoende 'n meer gewiste ekonomiese toekoms te verseker.

Die primêre beplanningsgebied beskik oor 'n onbenutte ekonomiese ontwikkelingspotensiaal. Tesame met die voordele wat die verwagte uitbreiding van die mynbousektor inhou, kan hierdie onontwikkelde potensiaal 'n meer gebalanseerde ekonomiese struktuur bewerkstellig wat minder afhanklik van die mynbousektor sal wees.

Die voorstelle in hierdie verslag is sodanig geformuleer dat dit sal verseker dat die fisiese, sosiale, ekonomiese en institusionele ontwikkelingspotensiaal van die primêre beplanningsgebied optimaal benut word. Hierdie voorstelle word as realisties beskou en behoort op proaktiewe wyse geïmplementeer te word. Dit is noodsaaklik om te besef dat die ontwikkelingsvoorstelle multidimensioneel van aard is en dat daar geen enkele liggaam of instansie bestaan wat alleen verantwoordelikheid vir die implementering hiervan kan aanvaar nie. Benewens die SOAK : G wat as oorkoepellende koördineerder sal optree, is dit belangrik dat die Thabazimbi/Northam Beplanningstudie-loodskomitee 'n paneel sal saamstel wat uit kundige persone bestaan om die ontwikkelingsvoorstelle te inisieer en implementeer. Aangesien daar tans algemene konsensus oor hierdie voorstelle bestaan, kan die nodige stappe dus onmiddellik geneem word.

BRONNELYS

Bophuthatswana National Development Corporation Limited. Statistics on industrial development, Unpublished, 1990.

Bureau of Market Research. Income and expenditure patterns of households in Bophuthatswana (1988), Report No 89/14. University of South Africa, 1989.

CSIR, Division of Roads and Transport Technology. Econo-Demographic Information System (EDIS), Unpublished Document, 1990.

Departement van Beplanning en die Omgewing. Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan, 1975.

Departement van Landbou en Watervoorsiening (Direktoraat Besproeiingsingenieurswese). Verslag oor die watersituasie in die verre Noord-Transvaalse Grensgebied (Aangewese Gebied), 1989.

Departement van Waterwese. Krokodilrivier (Wes-Transvaal) Opvanggebiedstudie : Beskrywing van die opvanggebied eienskappe, Verslag No 4566/01. Stewart Sviridov en Oliver, Oktober 1989.

Department of Constitutional Development and Planning. White Paper on Urbanisation, 1986.

Department of Development Planning. National Regional Development Programme - Information Brochure, 1988.

Department of Economic Affairs. Bophuthatswana 1985 Population Census Report. The division of statistics, 1985.

Department of Transport. National Transport Commission : Road needs study, Report Volume 2 (RNS Consortium), July 1986.

Department of Water Affairs. Crocodile River (Western Transvaal Catchment Study : Urban demands and return flows, Report No PA 200/00/1390 (draft), Stewart Sviridov and Oliver, August 1990.

Department of Water Affairs (Directorate Project Planning). Crocodile River (Western Transvaal) Catchment Study - Urban demands and return flows : Draft document compiled by Stewart Sviridov and Oliver and Bruinette Kruger and Stoffberg Inc, August 1990.

Department of Water Affairs. Management of the Water Resources of the Republic of South Africa, CTP Book Printers, 1986.

Development Bank of Southern Africa. Annual Report 1988/89, 1990.

Development Bank of Southern Africa. Development Information; Region G. Institute for development Research Division : Data Research, 1989.

Development Bank of Southern Africa. Economic and Social Memorandum : Region G, 1989.

Development Bank of Southern Africa. Gross Geographical Product (at current factor cost) according to economic activity : Development Region G. Unpublished statistical tables, 1990.

Esom. Statistical yearbook, 1989.

Filter, J.W. en P. Mentz. Transvaalstreek : Besproeiingsbeplanning. Tegiese Mededeling No H/02, Pretoria, Oktober 1987.

Financial Mail. Financial Mail Survey : Mining - Exports are the Key, July 13, 1990.

Finansies en Tegniek. Mynbou bylae tot die Finansies en Tegniek - Mynbou geraak deur verlangsamings in wêreld ekonomie, 13 April 1990.

Industrial Development Corporation of SA Limited. The impact of the mining sector on the regional economy of Region G by RE Braafeld and DJ Erasmus, March 1988.

Iscor Ltd. Planning and development statistics. Unpublished tables, 1990.

Johannesburg Consolidated Investment Company Ltd. Cost equalisation and working cost tables. Unpublished information, 1990.

Johannesburg Consolidated Investment Company Ltd. Development information statistics. Unpublished information, 1990.

Magaliesbergse Graankoöperasie. Ongepubliseerde statistiek, 1990.

National Parks Board. Kransberg. Unpublished internal memorandum, 1980.

National Parks Board of Trustees. National Parks in South Africa : Policy statement of the National Parks Board of Trustees, 1990.

Northam Investments (Pty) Limited. Planning and Development Statistics. Unpublished document, 1990.

Northam Local Area Committee. Development information statistics. Unpublished information, 1990.

Northam Plaaslike Gebiedskomitee. Konsepbegroting van Inkomste en Uitgawe vir die 1990/91 finansiële jaar.

Northam Platinum Limited. Development information statistics. Unpublished information, July 1990.

Northam Platinum Limited. List of invoices : Report No SA03/ 01, Unpublished information, 1990.

Northam Platinum Limited. Stores issued by concerns for own use or consumption including stores purchased for immediate utilisation, MB No 1853, Unpublished information, 1989.

Office of the Prime Minister: Physical Planning Branch. A Spatial Development Strategy for the PWV Complex, 1981.

President's Council. Report of the Committee for Economic Affairs on a strategy for employment creation and labour intensive development, Cape Town, 1987.

Secretariat for Multilateral Co-operation in Southern Africa (SECOSAF). Manual on the implementation of the Regional Industrial Development Incentives introduced on 1 April 1982, Revised Edition October 1985.

Sentrale Statistiekdiens. Bevolkingsensus van RSA, 1980, Geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1951-1980, Verslag No 02-08-13. Staatsdrukker, April 1985.

Sentrale Statistiekdiens. Bevolkingsensus van RSA, 1985, Geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960 - 1985, Verslag No 02-85-01. Staatsdrukker, September 1986.

Sentrale Statistiekdiens. Bevolkingsensus van RSA, 1985, Nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik, Verslag No 02-85-03. Staatsdrukker, September 1986.

Sentrale Statistiekdiens. Bevolkingsensus van RSA, 1980, Nywerheid volgens statistiese streek en distrik, Verslag No 02-08-08. Staatsdrukker, Januarie 1985.

Sentrale Statistiekdiens. Bevolkingsensus van RSA, 1980, Beroep volgens statistiese streek en distrik, Verslag No 02-80-05. Staatsdrukker, Januarie 1985.

Sentrale Statistiekdiens. Fabriekswesensus, 1985, Vernaamste statistiek op 'n streekbasis, Verslag No 30-01-02 (1985). Staatsdrukker, Desember 1988.

Sentrale Statistiekdiens. Suid-Afrikaanse Arbeidstatistieke, 1988, ISBN 0621117692. Staatsdrukker, Mei 1988.

SOAK : G. Mynbougeleenthede in Streek G. Referaat gelewer deur BC Alberts, Senior Hoofbestuurder, Yskor : Mynbou - subkomitee, 1989.

SOAK : Streek G : Voorgestelde Landbou-Ontwikkelingsplan vir Streek G (Volume 1), January 1986.

Stadsraad van Thabazimbi. Die saamstel van 'n ontwikkelingsplan vir die Thabazimbi distrik, 1988.

Stadsraad van Thabazimbi. Kommentaar op motivering van Northam Platinum Limited vir die vestiging van 'n dorpsaanleg op die plaas Middeldrift No 379 K.Q., Interne memorandum, 1987.

Stadsraad van Thabazimbi. Memorandum met betrekking tot die daarstelling van 'n swart woondorp en behuising aan swartes in die distrik van Thabazimbi, Julie 1986.

Stadsraad van Thabazimbi. Memorandum ter motivering vir die daarstelling van 'n Provinsiale Hospitaal in Thabazimbi dorp as 'n mediese diensentrum vir die distrik. Interne memorandum, 1987.

Stadsraad van Thabazimbi. Verslag ter motivering van die uitleg vir die voorgestelde Kleurlingdorp vir Thabazimbi geleë op die Restant van die plaas Apiesdoring 316 K.Q. (Els Van Straten en Vennote), Verslag NO W1724, Maart 1990.

Stevens, J. en J. Alleman. Situasiëbepaling ten opsigte van die landboupotensiaal van die Limpopogebied. Ongepubliseerde verslag, Januarie 1989.

Transvaal Provincial Administration - Roads Branch. Office of the Regional Engineer. Unpublished document, 1990.

Transvaalse Provinsiale Administrasie. Die aard en omvang van wildbenutting op privaatgrond in die Transvaal deur D.L. Brits, Verslag No TN 6/4/1/39. Unpublished document, 1987.

Viljoen, R.P. The mineral wealth and ore deposits of Region G, the inheritance of 3,5 billion years, Unpublished document, 1989.